
# Vrye Weekblad

12-18 APRIL 1991 PRYS:R1,50 (R1,33 + 17C AVB)

## SANDRA LAING:

*'Julle kan nie my lewe herroep nie'*


Die verhaal agter die ANC se ultimatum-blaps ● Gerard Depardieu - 'n emosionele vulkaan

Hier is Militêre Inligting se fronte ● Menstruasie: mites en werklikheid ● Die renaissance van die Indiane ● Wat is tradisionele wapens regtig? ● Die suksesstorie van die renoster

## INHOUD

4 Die ANC se ultimatum - wat sê die mense?
7 Só lyk Militêre Inligting se fronte
8 Depardieu - die emosionele vulkaan
10 Beleef ons 'n massa-uitsterwing?
11 Die wit renoster se suksesverhaal
12 Menstruasie - min bloed, baie mites
14 Die Indiane beleef 'n renaissance
16 Solomon Mahlangu en Stigtingsdag
16 Ter suide
17 Gordon Oliver - die people's burgemeester
18 Vrye Weekblad 2, Lothar Neethling 0
19 Kultuurwapens of moordtuie?
20 Die verhaal van Sandra Laing
22 Dié week se TV-programme
23 Elmari Rautenbach skryf oor dié week se TV
24 Keur-vakatures
25 Boekeblad
26 Tinus Horn se sportrubriek
27 Die meesters - nie die grootste nie; die beste
28 Mozambique enters the politics of alliances
29 Afrika sterf van die honger
30 Cyberpunk, sex and technology
31 Arnold Blumer resenseer Lend me a Tenor
32 Kleinadvertensies
34 Sam Buti vertel van die keerpunte in sy lewe
35 Rubrieke
37 Interpol se duistere verlede
38 Beplan jou naweek saam met die kenners
39 Die Takhare en die Bleskoppe sê...


VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06).
WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113.
DIE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

**REDAKTEUR:** MAX DU PREEZ
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** HENNIE SERFONTEIN
**KOPIEREDAKTEUR:** JOHAN BRUWER
**ONTWERP:** ANTON SASSENBERG
**EINDREDAKTEUR:** RYK HATTINGH
**KAAPSE KANTOOR:** CHRISTELLE TERREBLANCHE
**REDAKSIE:** CHRISTELLE DE JAGER (OMGEWINGSAKE), AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPLE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PHINEUS TSHUKUDU.
**FOTOREDAKTEUR:** LISE BEYERS
**SPORTREDAKTEUR:** TINUS HORN
**ADVERTENSIES:** JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER
**REDAKSIE-ASSISTENT:** CATHY FENNESSY
**KANTOORBESTUUR:** JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.
**ONTVANGS:** PEPPY MARIPAN

**BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK:** MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.
VRYE WEEKBLAD KOS R1,33 PLUS 17 SENT AVB. DIT KOS R75 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDSKRIF R1,50 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.
PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN CATHY FENNESSY BY (011) 836 2151.

# *vrydagoggend*



MAX DU PREEZ

Hoe op dees aarde kon die ANC se leierskap só 'n dom ding doen? Wat gaan deesdae in dié organisasie aan? Dié vrae is die laaste week wyd in veral wit kringe gevra en het plek-plek - soos in die Parlement en in Ulundi - tot histerie gelei. Kom ons kyk rustig en sober na die ANC se veelbesproke ope brief aan die Staatspresident en die sewe eise wat gestel word met 9 Mei as spertyd.

Die eerste eis is dat die regering in die huidige parlementsitting die dra van wapens, "kultureel of andersins", by vergaderings en optogte verbied.

Dit klink vir my redelik. "Kulturele" argumente en "stamtradisies" raak vir my verskriklik dun as ek weet dis dié einste wapens waarmee so baie mense doodgemaak word. Vir my is daar min verskil tussen Zoeloes wat met spiese en kieries vergadering hou en regse skuim-om-die-mond-militantes wat met kwasi-uniforms en pistole bymekaar kom. Dis uitdagend en gewelddadig. Ek sou graag by die ANC-eis wou voeg dat ook nagemaakte wapens by vergaderings verbied moet word. Soos die AK47's van hout wat die jong ANC-kamerade gereeld dra. Al kan dit niemand doodmaak nie, is die tyd daarvoor ook verby.

*Niemand kon gedink het die oorgang na 'n demokrasie gaan maklik wees nie.*

Die ANC se tweede eis is die afdanking van Magnus Malan en Adriaan Vlok. Myns insiens was dit een van die domste strategiese skuiwe wat enige politieke groep in 'n lang tyd gemaak het. Soos nou al tot vervelens gesê is, Vlok en Malan in nou tot minstens die einde van die jaar van hul posisies verseker. (Die punt dat dié waarheid 'n nare oordeel is oor die mentaliteit van die Nasionale Party-regering, gaan by die meeste mense verby.)

Ek dink terloops ook dié twee ministers hoort lankal nie meer in die Kabinet nie, veral nie Malan nie. Sy teenwoordigheid in die regering gooi 'n lang skaduwee oor FW de Klerk se geloofwaardigheid. Daar is ook niks mee verkeerd dat die ANC hul afdankings eis nie. Maar om dit as 'n ultimatum te stel, was uiters on-

## BRIEWE

### 'N EWEWIGTIGE BENADERING TOT DIE POLITIEK

**HJ Schutte van Stellenbosch skryf:**
Sampie Terreblanche beskryf Willem de Klerk - in sy resensie oor laasgenoemde se boek oor FW de Klerk - as iemand wat "altoos besig is om na die 'middelgrond', die 'ewewig', die 'kompromis' tussen opponerende kragte en gevaarlike uiterstes te soek". En dan vra hy: "Maar deur wie en volgens watter voorwaardes is sy ideologiese skaal geyk?"

Ek wil nie vir Willem de Klerk in die bres tree nie. Maar omdat dit in die huidige landsomstandighede gebiedend is dat daar wel 'n "ewewigtige" benadering tot die politiek sal wees, en omdat Sampie se hiperboliese metafore die indruk wek dat ewewigtigheid rus, stilstand en status quo beteken, wil ek tog graag 'n "ideologiese skaal" (onderbou) vir "ewewigtigheid" probeer verskaf.

Laat ons kortliks analiseer waarom apartheid nie "ewewigtig" was nie en waarom daar gevaar is dat 'n toekomstige ANC-bewind ook nie ewewigtig sal wees nie.

'n Ewewigtige benadering tot staatsbeleid is een wat alle fasette van ons bestaan in ag neem om 'n balans te vind tussen al die eise wat dié fasette stel om sodoende 'n staatshuishouding te skep waarin almal 'n gelukkige naasbestaan kan vind. Maar wat het apartheid gedoen?

Apartheid het een faset van ons bestaan, etnisiteit, bo alle ander fasette gestel en hulle ondergeskik daaraan gestel. Die vierdeling - blank, bruin, swart en Asiër - is op alle ander samelewingsverbande afgedwing om hulle te versplinter en onwerkbaar te maak. Die ekonomie is in blanke, bruin, swart en Asiër sub-ekonomieë gedwing deur werkreservering, beperkings op grondbesit en verkryging van produksiemiddele te implementeer. Die opvoeding is op dieselfde manier verdeel en dieselfde het gegeld vir die kerk, sport, higiëne (aparte hospitale, toilette) en sosiale omgang (geen "gemengde" gehore). Die oorheersing van die een faset het diepe ongeluk in die ander lewensverband teweeggebring. Sien u waar die "onewewigtigheid" intree, prof Terreblanche? Kan u miskien nou self bepaal waar "onewewigtigheid" in Rusland en Oos-Europa ingetree het? Daar was, en is, 'n ideologie gehuldig wat die vryheid van die persoon misken het, wat die idee van 'n ekonomiese gemeenskap primêr gestel het en alle ander lewensverbande ondergeskik gestel het aan 'n gewaande "wetenskaplike" organisering van die produksie van goedere.

Gaan ons in Suid-Afrika ook so 'n "onewewigtige" era in met die ANC se nadruk op herverdeling van rykdom, staatsinmenging in die ekonomie en op beheer van produksiemiddele? Gaan opvoeding, persoonlike vryheid en inisiatief, die reg op besit van eiendom en al die ander fasette van ons bestaan, net soos onder apartheid, weer eens onderdruk word ter wille van 'n gewaande "sosialistiese" oplossing van ons probleme met 'n moontlike eensydige beklemtoning van die persoon as lid van die staat?

Nee, ewewigtigheid beteken nie die beweging na die "middelgrond" en kompromieë nie. Daar is veel meer op die spel, soos om die eensydigheid van die verlede, hier én oorsee, te vermy en 'n inagneming van alle faktore waarvan 'n gelukkige en voorspoedige toekoms vir almal afhang.

### NO FASCISTS, SOCIALISTS

**Ryan Wastell of Kensington writes:**
We do not need fascist or socialist leaders in the New South Africa. Both these obsessive extremes are filled with closed minded prejudices, neatly dressed up and justified.

We need balanced leaders in the new South Africa. But such leaders are needed not only at government level, but in every business and every household, because sane leaders at every echelon of society will create a sane and productive society
*(Letter shortened - Ed)*

### FREEDOM IN PERSPECTIVE

**Debbie Abrahams of Bez Valley writes:**
The cries for freedom in South Africa are stronger now than ever. The calls for freedom of speech, freedom of religion, freedom for mixed marriages are all vital to the creation of a democratic South Africa. However, even freedom must be seen in perspective so that the concept itself does not become tarnished and the term itself does not become an hipocracy.

The new South Africa should provide freedom for all and equal rights for all. At the same time "freedom" must take into consideration the "freedom" and

nosel. Net 'n onbeholpe politikus stel 'n ultimatum oor iets wat hy weet hy nie kan kry nie.

Om die waarheid te sê, dié ANC-eis herinner my aan 'n eis verlede jaar deur dieselfde Adriaan Vlok dat Joe Slovo nie aan die onderhandelingstafel moet sit nie...

Maar die tweede eis het 'n ander been ook. Dit vra dat alle offisiere van die SAW en SAP wat regstreeks betrokke was by die BSB en politieke moordbendes, geskors moet word.

Wie kan daarteen stry? Ná alles wat oor dié ongure bendes in howe en kommissies aan die lig gekom het, sit baie van die skuldiges nog in hul poste en gaan tien teen een voort met dieselfde booshede. Selfs Lothar Neethling sit nog ewe knus in sy kantoor as hoof van die polisie se forensiese afdeling. Sou enige ander demokrasie dit geduld het?

Die derde eis hou hiermee verband: die sigbare ontbinding en ontwapening van alle teen-insurgensie-eenhede soos Koevoet, die Asakari's, die BSB en die Z Squad en die aanstel van 'n veelpartykommissie om dit te monitor. Ek stem daarmee heelhartig saam.

Die vierde eis is dat alle polisiemanne wat aan die bloedbaddens in Sebokeng in Maart verlede jaar en Daveyton in Maart vanjaar deelgeneem het, geskors word totdat 'n kommissie van ondersoek dié voorvalle ondersoek het. Dit is standaard prosedure in Westerse demokrasieë.

Die vyfde eis is 'n versekering dat die veiligheidsmagte voortaan "aanvaarbare en beskaafde" metodes vir skarebeheer sal gebruik en dat die polisie nie lewendige ammunisie sal gebruik nie.

Die sesde is dat die stelsel van hostelle en kampongs uitgefaseer word en in gesinseenhede of enkel-woonstelle omgeskep word.

Die laaste eis is vir 'n onafhanklike kommissie van ondersoek na alle klagtes van wangedrag deur die veiligheidsmagte.

Nou kyk, ek is geen *bleeding heart liberal* nie, maar vir my klink eise vier tot sewe ewe billik as ons in ag neem dit gaan hier oor die slagting van honderde township-inwoners elke maand.

So eintlik gaan die bohaai oor die eis dat Vlok en Malan moet bedank, en dan die koppeling van die eise aan 'n ultimatum dat onderhandeling opgeskort sal word as nie daaraan voldoen word nie.

Die ANC weet mos hy kan nie bekostig om op te hou met onderhandeling nie. Onderhandeling het die gewapende stryd en internasionale isolasie vervang; die ANC weet mos dat selfs al wil hy, kán hy nie na dié strategieë terugkeer nie. En net 'n swaap dreig met iets wat hy nie kan uitvoer nie.

Aan die ander kant, hoe maak die ANC sy stem dik sonder om sy enigste wapen, sy deelname aan onderhandeling, te gebruik?

Dwarsoor die hele ope brief sien ek een woord geskryf: magteloosheid.

En vergelyk nou maar die wit histerie oor die brief met dié stelling deur die Marxist Workers' Tendency van die ANC: "There is nothing unreasonable in the demands made. In fact, they fall short of what the majority of black people regard as reasonable."

Daar is darem een positiewe uitvloeisel van die ANC se blaps: dit het die regering en Gatsha Buthelezi hul ware kleure laat wys.

Want die ink op die ope brief was nog nie behoorlik droog nie, toe begin Buthelezi sy tromme slaan oor burgeroorlog; en Vlok en Magnus se kortbroek-kollega, Wynand Breytenbach, raak histeries oor dié kommunistiese, terroristiese organisasie wat verantwoordelik is vir al die geweld in die land die laaste paar geslagte.

En Buthelezi en sy impi's kom weer skotvry daarvan af. Miskien is dít die grootste sonde van die ope brief: Inkatha ruik weer na rose.

Maar nou ja. Niemand kon gedink het die oorgang na 'n demokrasie gaan maklik wees nie.

Wat my betref, is daar geen rede tot paniek nie. **VW**

## SO SÊ HULLE

"Daaroor het ek geen gewetenslas nie. Die BSB het immers goeie werk gedoen en sy verdwyning het Suid-Afrika van 'n besondere vermoë ontneem."
*Genl Magnus Malan dié week in die parlement.*

"They will realise how much we missed each other and love each other and need each other."
*Imelda Marcos, on what kind of welcome she expects from the Philippines people if she returns from exile.*

"Ek is ten gunste van vrede, net soos elke ander Jood wat deur die Israeli-oorloë is. Maar dan moet dit werklike vrede wees wat 'n algemene ontwapening in die Midde-Ooste beteken."
*Ariel Sharon, kabinetsminister van Israel.*

"I asked him why he thought they had never given him the Nobel and I'll never forget his answer: 'Because they don't consider me a serious writer'."
*Colombian novelist Gabriel Garcia Marquez on the late Graham Greene.*

"Mnr Buthelezi het grenslose politieke ambisies waarvoor hy bereid is om dood te maak. Sy dreigement van 'n burgeroorlog moet in die konteks gesien word van sy bereidwilligheid om 'n bloedige oorlog te veg teen dieselfde mense wat hy graag wil lei."
*Die ANC se Jeugliga in 'n verklaring.*

"Acceptable cultural weapons, which I also carry at ceremonial functions, are shields, spears, battle-axes and sticks. There has never been an occasion where I have even dreamt of using any of them to harm anyone."
*Inkatha leader Mangosuthu Buthelezi on his duty to uphold the tradition of cultural weapons.*

"Partykeer moet 'n mens jou gespreksgenoot ruk sodat hy die erns van die situasie kan verstaan."
*ANC-woordvoerder Pallo Jordan oor sy party se ultimatum.*

rights of others. And it must take into account the practicalities of the existing environment. In this way real freedom can be achieved for all, and workable solutions can be worked out so that this freedom can be achieved within the framework of any barriers which need to be overcome.

*(Letter shortened - Ed)*

**DIÉ 'GREMLINS' PLA**

**Ronnie Kasrils skryf:**

Dit was vir my 'n eer om deel te wees van die eerste uitgawe van die "new look" Vrye Weekblad. Die nuwe formaat is 'n groot verbetering. Ek wens julle die grootste sukses toe vir die toekoms.

Maar dit wil voorkom of 'n paar "gremlins" dit nog moontlik vind om deur die nuwe formaat te loer. Ek verwys na die onderhoud met my - "Van aangesig tot aangesig met die skarlaken pimpernel (VWB, 5 April 1991). Vir die rekord, die kameraad wat verlede jaar in Londen oorlede is, was Jan Hoegendyk en nie Jan Koegelenberg nie. Danie du Plessis was nie teen 1960 meer deel van die SAKP nie, maar wel 'n lid van die party vóór dit in 1950 verban is. Ek het na Suzanne Cronjé verwys, en dit blyk uit die onderhoud dat sy 'n lid van die ANC is. Na die beste van my kennis is dit nie die geval nie.

'n Herhaalde "gremlin" van die ou-formaat is Hennie Serfontein se berigte, soos sy artikels "Die lang messe is uit in die ANC" én "Onderhandeling is die wortel" (VWB 5 April 1991). Wat sy styl betref, het ek al voorheen Serfontein se siening van die verskille in die ANC bevraagteken (VWB 22 Februarie 1991) en gaan dit nie weer doen nie.

Maar sy berigte is verdag. Sy artikels is oorwegend gegrond op aanhalings van naamlose bronne. Al die aanhalings word voorafgegaan deur verklaringe soos "'n senior ANC-bron sê..." of "een NECC-lid het bitter opgemerk...". Dit is 'n goedkoop manier om sy "conspiracy theories" te bevorder. En dit is nie moontlik om vas te stel of hy die aanhalings sélf maak en of hulle wel waar is nie. Serfontein moet die "guts" hê om sy bronne te identifiseer. Anders moet hy persoonlik verantwoordelikheid aanvaar vir die besoedeling van die andersins hoë joernalistieke gehalte van julle nuwe tydskrif.

**VIVA DIE TAKHARE**

**Riaan Hofmeyr van Yeoville skryf:**

En daar doen julle tog waarvoor ek lankal gevra het! Ek verwys na die erehoekie wat afgestaan is aan die Takhare vir Vrede en die Bleskoppe teen Apartheid. Dis hoogtyd. Dié moderne wysgere verdien lankal meer prominensie as 'n blote inskrywing in die kleinadvertensies.


Julle nuwe VWB lyk goed, voel goed en lees soos 'n droom. Indien die mense julle nie koop nie, kan ek net aan een rede daarvoor dink: 'n diep gewortelde vrees vir gehalte.

*(Brief ingrypend verkort - Red)*

*Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort.*

*Skryf aan:*

**Vrye Weekblad Briewe,**
**Posbus 177,**
**Newtown 2113.**



# Mandela sit self agter die *ultimatum*

## FW *nie meer 'man van integriteit'*

**HENNIE SERFONTEIN** HET GAAN VASSTEL WAT AGTER DIE SKERMS GEBEUR HET MET DIE OMSTREDE ULTIMATUM WAT DIE ANC VERLEDE WEEK AAN DIE REGERING GESTEL HET

Nelson Mandela het persoonlik die inisiatief geneem en was self regstreeks verantwoordelik vir die ANC se ultimatum aan die regering verlede week.

'n Nuwe gevoel van bitterheid, teleurstelling en frustrasie omdat hy die laaste jaar deur FW de Klerk, die Staatspresident, "mislei en gebruik is", was 'n belangrike faktor wat Mandela tot dié stap gedryf het.

Só meen 'n voorste lid van die nasionale uitvoerende komitee (NEC) in 'n openhartige gesprek met *Vrye Weekblad*.

Hy sê Mandela meen hy is deur De Klerk bedrieg. "Mandela is op die oomblik woedend omdat hy die afgelope jaar uit sy pad gegaan het om, selfs ondanks die kritiek van baie volgelinge, hom absoluut tot die onderhandelingsproses te verbind.

"Maar hy het nou die stadium bereik dat hy in private gesprekke vir die eerste maal vrae oor De Klerk se integriteit en ware bedoelinge met die onderhandelingsproses vra."

Verskeie NEC-lede en amptenare het in gesprekke bewering deur sowel die regering as die media dat die ultimatum die gevolg was van 'n bittere interne geveg tussen die sogenaamde valke en duiwe in die ANC as "onsin en ongegrond" verwerp. Volgens dié beweringe sou die valke, wat die onderhandelingsproses kritiseer of selfs verwerp, die gematigdes verslaan het.

ANC-bronne sê die feite en agtergrond van die ANC-ultimatum weerspreek dié bespiegelinge.

Blykbaar het Mandela al 'n tydjie gelede sy gedagtes oor die saak uiteengesit en gevra dat 'n dokument opgestel moet word om dit te vervat.

Verlede Woensdag het hy tydens die Aspenkongres 'n toespraak voor vooraanstaande Amerikaanse besoekers en Suid-Afrikaners gehou. Soos alle toesprake daar gelewer, was dit agter geslote deure en nie gerapporteer nie.

Volgens verslae het Mandela se toespraak omtrent woordeliks met die ANC-verklaring van twee dae later ooreengestem.

Mandela het blykbaar persoonlik die dokument voorgestel soos wat dit later eenparig aanvaar is, ook die eis dat Malan en Vlok afgedank moet word.

'n ANC-leier wat tot die kamp van gematigde pragmatiste behoort, het aan VWB gesê: "Die breë mening van almal was dat die verklaring selfs nog sterker kon gewees het. Watter verskille daar ook al oor strategie of verskillende beklemtoninge onder ons kan wees, is daar in die ANC-leierskap absolute eensgesindheid oor die polisie-betrokkenheid en die aanwesigheid van 'n Derde Mag by vele van die onverklaarbare gevegte."

'n Ander NEC-lid sê: "Dit is nogal ironies dat verskeie lede wat deur die media as valke beskou sal word, onder diegene was wat wel kritiese opmerkinge oor die ultimatum gemaak het. Van hulle het dan ook daarop gewys dat die ultimatum seer sekerlik ernstige gevolge vir die onderhandelingsproses sal inhou."

Maar Mandela was onwrikbaar. Eweneens het hy versoeke deur andere dat die eise oor Malan en Vlok uitgelaat moet word, blykbaar baie beslis verwerp.

ANC-leiers sê dit was 'n bewys van sy nuwe twyfel oor De Klerk en 'n vasbeslotenheid om met "skoktaktiek" die regering te konfronteer en te verplig om die ANC-eise oor geweld ernstig op te neem.

In ANC-kringe word ook beweer dat die ultimatum saamgeval het met 'n ernstige konfrontasie tussen De Klerk en Mandela. Dit het gegaan oor die arrestasie op die Lughawe Jan Smuts van twee ANC-uitgewekenes weens kriminele misdade wat hulle sou gepleeg het voor hulle die land verlaat het. Die ANC het self eers heelwat later hiervan gehoor.

Die woede van die ANC, maar veral van Mandela persoonlik, is gemik teen wat beskryf word as die "totale onsensitiwiteit" van die polisie-optrede. Uit hoflikheid behoort die regering die ANC ten minste daarvan in kennis te gestel het, word gesê.

Volgens die ANC-bronne het Mandela hom baie sterk teenoor De Klerk uitgespreek. Wat is De Klerk se motief? Wou hy doelbewus Mandela belaglik voorstel sodat kritiese ANC-lede sy leierskap verwerp omdat hy 'n skoothondjie van De Klerk geword het? is gevra.

Daar is haas geen NEC-lid meer wat nie glo dat De Klerk met dubbele spel besig is nie, dat hy weier of onmagtig is om die polisie vas te vat en besig is met 'n berekende veldtog om Mandela te verswak en die ANC te verdeel.

Dié mening kan belangrike en gevaarlike gevolge vir toekomstige gesprekke inhou. Trouens, tot nou toe is een van die redes waarom die ANC nie 'n skeptiese blanke publiek oor polisie-betrokkenheid en die Derde Mag se optredes oortuig nie, dat Mandela halsstarrig geweier het om inligting bekend te maak wat aan die regering voorgelê is.

Die ANC begryp De Klerk se probleme met die veiligheidsmagte. Dit is sensitiewe sake en niks moet gedoen word om hom in die verleentheid te stel nie. Dit was Mandela se denkbenadering hiervan tot enkele weke gelede, sê 'n ANC-bron.

Maar die ANC-ultimatum het in groot mate sy trefkrag verloor deur wat beskryf is as die "onrealistiese eise" oor Malan en Vlok. Dit het grootliks die aandag van die ANC se hoofeise afgetrek.

Dié week moes die ANC vinnig probeer om die strategiese fout te herstel. Maar hoewel Mandela blykbaar indrukwekkende voorleggings aan sowel die breë ANC-leierskap in Johannesburg as die diplomatieke korps in Kaapstad gedoen het, is die uiteinde dat die ANC nou die inisiatief wat hy probeer neem het, verloor het.

Hoewel Mandela blykbaar versigtig was om nêrens De Klerk se motiewe direk te bevraagteken nie, het hy tog bitter in Kaapstad opgemerk: "Hoe kan ons voortgaan om oor vrede te praat met mense wat besig is om teen ons oorlog te voer?"

Maar volgens die uitlatings van Mandela en andere, is dit duidelik dat die ANC hom nie noodwendig op 9 Mei aan die onderhandelinge gaan onttrek nie, selfs al sou die regering nie aan al die eise voldoen nie.

Dit is meer waarskynlik dat daar in die naaste toekoms 'n indringende gesprek tussen 'n paar ANC- en regeringsleiers agter geslote deure gaan plaasvind om die krisis te besweer.

## 'Woede oor geweld is geregverdig'

Dit was "heeltemal teenproduktief" om in die ANC-ultimatum aan die regering te eis dat Magnus Malan en Adriaan Vlok moet bedank, sê Frederik van Zyl Slabbert, medede-direkteur van Idasa, oor die jongste storm wat rondom die koppe van die ANC losgebars het.

"Dié eis is daarvoor verantwoordelik dat die ANC nie in sy aanvanklike doel kon slaag om die verslegtende krisis rondom geweld tot die beoogde nasionale prioriteit te verhef nie," sê Slabbert.

Die meeste diplomate en politieke waarnemers stem saam. Khehla Shubane, navorser aan die Sentrum vir Politieke Studies aan Wits, is dit ook eens met dié siening - maar beklemtoon dat die ANC se woede oor geweld en beweringe oor polisie-optrede en die betrokkenheid van 'n derde mag, meer as geregverdig is.

Slabbert sê dis tragies dat politieke geweld 'n werklikheid geword het. "Die ANC het heeltemal reg om te eis dat die regering onmiddellik iets drasties daaromtrent doen en om te vra vir gesamentlike verantwoordelikheid om dit te beheer.

"Want in die oorgangsfase ondermyn 'n klimaat van geweld en agterdog die onderhandelingsproses."

Slabbert beklemtoon dat die storm om Malan en Vlok net 'n simptoom is van 'n dieperliggende probleem, naamlik "hoe om 'n situasie van stabiliteit te skep wat daarin sal slaag om die onderhandelingsproses op dreef te kry".

Daarom onderstreep hy die belangrikheid van 'n veelpartygesprek wat op 'n informele en vertroulike vlak moet begin, met as eerste en enigste mikpunt: gesamentlike optrede deur almal om geweld te beëindig.

Shubane sê hoewel hy die ultimatum graag anders bewoord sou wou sien, het die ANC geen ander keuse gehad as om die regering oor die geweldkwessie te konfronteer nie.

"Enersyds lyk dit, veral aan die Witwatersrand, asof dit hoofsaaklik ANC-gemeenskappe en ondersteuners is wat onder die geweld deurloop. Andersyds is die ANC-leierskap toenemend gefrustreer deurdat die regering blykbaar feitlik niks doen om die talle beweringe wat in groot besonderhede teen die polisie gemaak word, te ondersoek en op te tree nie.

"Die ANC rig keer op keer vertoë tot die regering - maar alles vergeefs."

Shubane waarsku dat Nelson Mandela en sy kollegas eintlik geen keuse gehad het as om so 'n ultimatum aan die regering te stel nie.

"Want die ANC-ondersteuners op die grondvlak, wat daagliks die geweld ervaar en polisie-optrede waarneem, is woedend en gefrustreer.

"Hulle bevraagteken die regering se beweerde sinistere motiewe en ook die onvermoë van hul eie leiers om met die onderhandelinge die regering te oorreed om doeltreffend op te tree."

Diegene wat beweringe oor die bestaan en optrede van 'n Derde Mag as ongegrond en lagwekkend verwerp, verkeer in volslae onkunde oor wat werklik in die swart townships aangaan, sê Shubane.

Hy glo nie dat die regering onmiddellikedrastiese maatreëls sal tref om die ANC se vrese te besweer nie. Indien die regering nie die ANC-beweringe ernstig beskou nie, sou die ANC daarop geregtig wees om vir 'n tyd lank alle onderhandelinge op te skort.

Shubane sê hoewel die polisie vanselfsprekend nie van al, of selfs van die meeste geweld beskuldig kan word nie, sal daar 'n merkbare afname in geweld wees indien hulle werklik 'n neutrale rol sou speel. VW



DE KLERK EN MANDELA ... IS DIE VERTROUE VERBREEK? (FOTO: AFP)



VAN ZYL SLABBERT

# ...en ook van binne af woel dit

*Opstand dreig in die geledere van die ANC se plaaslike en streekstrukture.* **AUDREY BROWN** *het landwyd met ANC-aktiviste gepraat en agtergekom baie glo die omstrede ultimatum wat die ANC-leierskap verlede week tot die regering gerig het, is hopeloos te mak*

Daar is 'n ernstige gebrek aan vertroue in die ANC se senior leiers onder gewone ANC-lede en -aktiviste.

Hulle glo dat die ANC-leierskap 'n "les geleer moet word omdat hulle dink dat 'n paar gryskoppe besluite kan neem - soos in die vyftigerjare - en die res moet volg", sê 'n Wes-Randse aktivis.

'n MK-kader sê: "Dit is hoog tyd dat die ANC-leierskap besef dat onderhandelinge gaan oor die aspirasies, die emosies en die drome van die mense. Die manier waarop onderhandelinge nou bedryf word, sluit ons uit.

"Ons het ons bloed vergiet om demokratiese instellings daar te stel, sedert 1976 al, en ons gaan nie ons stem nou laat versmoor nie."

ANC-lede vrees ook dat die dooiepunt in onderhandelinge wat vinnig nader skuif miskien deur 'n "private en vertroulike" vergadering tussen Nelson Mandela en FW De Klerk ontlont sal word.

Maar, waarsku hulle, dit sal nie dié keer help nie.

Dié mense beskou die ANC se nuwe sperdatum van 9 Mei met groot wantroue en glo dat die ANC-leierskap die "doelpale verskuif omdat hulle bang is vir die reaksie van die mense op 30 April". Die ANC se beraadslagende kongres in Desember het bepaal dat die ANC die regering tot 30 April gee om te voldoen aan die voorwaardes vir onderhandelinge.

Die aktiviste sê hulle beplan om massa-aksies uit te voer soos in die middel-tagtigerjare gedoen is. Hulle wil op 30 April met massa-optrede begin indien nie voldoen is aan die deklarasie se eise nie.

Volgens Natalse aktiviste word daar net van 30 April gepraat, en is mense bereid om weer die strate in te neem in 'n poging om die ANC te "red".

Dit blyk verder dat dié aktiviste hoogs ontevrede is met die manier waarop die ANC tans politiek bedryf, en dat hulle die sperdatum 30 April as 'n gulde geleentheid beskou om "die inisiatief wat onderhandelinge betref, terug in die hande van die mense te plaas", sê 'n Natalse aktivis.

Verskeie aktiviste met wie Vrye Weekblad gepraat het, het hul wantroue en misnoë met die ANC uitgespreek en meen dat 30 April die enigste kans is wat hulle sal kry om die onderhandelings-impasse te verbreek.

Gevra waarom hulle nie hul name genoem wil hê nie, het hulle gesê hulle vrees dat hulle na die "sylyne" verskuif sal word, en dat hulle nie geglo sou word indien hulle die menings van lede uitspreek nie.

"Dit is nie maklik om in ANC-kringe te oorleef en deel te wees van die besluitneming nie as jy as 'n agitator beskou word. Ons wil hê dat ons idees en sienings aandag kry, daarom praat ons vertroulik oor dié dinge totdat ons wéét dat ons nie in gevaar is nie," sê 'n MK-kader.

"Die nuwe sperdatum het niks met die mense nie te doen nie. Dit is die NEC se datum, en ons weet nie wat hulle daarmee beoog nie. Wat ons betref, stáán 30 April - en daarna sal dié land mass action sien soos in die vroeë tagtigerjare," voeg sy by.

Die voor- en nadele van dié strategie word indringend deur plaaslike strukture bespreek, en daar is 'n sterk mening dat die land weer in 'n chaos gedompel sal word.

'n Beroep is daarom op die ANC-leierskap gedoen om die land voor 30 April te verlaat.

"Ons moet noodplanne begin maak, want ons verwag dat die regering weer 'n noodtoestand sal verklaar en dat duisende mense aangehou sal word," sê 'n aktivis van Soweto.

Die beroep is gedoen op 'n geslote vergadering van sowat 200 ANC-lede en andere soos Alan Boesak en Bantu Holomisa, wat Dinsdag by die Carlton Hotel in Johannesburg gehou is.

Volgens Lawson Mohlomi, die publisiteit-sekretaris van die ANC-jeugliga in Heidelberg, is mense besig om hulle voor te berei vir die tydperk ná 30 April. "Van ons lede is besig om die land te verlaat om hulle by MK aan te sluit. Ek is self bereid om dit te doen. Wat massa-aksie betref, kan ek net sê dat mense 'n verskil sal sien tussen wat nóú gebeur en wat dán sal geskied."

Van die aksies wat bespreek word, is eetstakings deur gevangenes, verbruikersboikotte en wegbly-aksies.

Mohlomi sê verder: "Die regtervleuel sal natuurlik ook van die kans gebruik maak om 'n rasse-oorlog te begin, en ons sal dit moet oorweeg om die gewapende stryd voort te sit. Daar gaan nog baie bloed vloei voordat regte onderhandelinge kan geskied - maar ons wil onderhandel. Die aksies wat ons beoog, is 'n poging om die ander pilare van die stryd te versterk."

Die aktiviste glo ook dat die ANC-leierskap 'n les geleer sal word omdat hulle tans die mense oor die hoof sien.

"Neem maar nou die probleme met MK-kaders wat onlangs vrygelaat is. Ek is een van hulle - en ek moet sê, ons is uit in die koue."

Dié kader noem 'n vergadering wat drie maande gelede gehou is, waar onderneem is dat hul probleme uitgestryk sal word.

"Die vergadering is deur Winnie en Nelson Mandela bygewoon, asook Joe Slovo en Joe Modise. Maar niks het daarvan gekom nie. Ons het gepraat oor ons lewenstoestande, asook ons politieke probleme," sê hy.

'n Wes-Randse aktivis sê: "Die ANC-leierskap maak hul ore en oë vir ons toe. Ons enigste hoop is nou 30 April - en niks sal dit kan keer nie. Al sê die leierskap hulle is 'buigsaam' oor hul vooreistes, is die mense nie." VW



# Mpho Modise, Oscar receiver Best Actress.

## 63RD ACADEMY AWARDS. APRIL 5, 8.50 PM.

Best Actress, Best Director, Best Supporting Role. Best Specal Effects? Scrambling for your handy guide to this year's Oscars you flip through the pages, only to find the name Modise nowhere near the names Costner, Goldberg, De Niro.

No, dear reader, Mrs Modise from Mmabatho will receive her Oscars through the air. On Bop TV. Two and a half hours of it. Uninterrupted. In glorious, glamorous colour.


Imagine that. A whole nation of Oscar winners.

BOP TELEVISION

FOR THE PRIVILEGED FEW

STUDIO THREE 5030

# Só bedryf *Militêre Inligting* se fronte politiek




NICO BASSON (FOTO: LISE BEYERS)

**DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG HET VERSKEIE POLITIEKE PROPAGANDA-PROJEKTE IN NAMIBIA BEDRYF TYDENS DIE ONAFHANKLIKWORDING VAN DIÉ LAND IN 'N POGING OM SWAPO TE DISKREDITEER. 'N GEWESE MAJOOR VAN MILITÊRE INLIGTING HET DIÉ WEEK GESÊ DIÉ PROPAGANDA VELDTOG DUUR VOORT - IN SUID-AFRIKA.**

**JACQUES PAUW** DOEN VERSLAG

Die propaganda-oorlog van die weermag teen die "totale aanslag" duur voort. Daar is verskeie kommunikasiestrukture binne en buite die weermag wat ten doel het om die politieke proses in Suidelike Afrika in 'n eensydige rigting te stuur.

'n Gewese agent en majoor van Militêre Inligting, Nico Basson, het dié week 'n reeks frontorganisasies en maatskappye genoem wat ten nouste met die weermag saamwerk in die nastreef van sy politieke doelwitte. Hieronder is die volgende:

• 'n Spesiale burgermageenheid, die SA Leër Troepe-Informasie-Eenheid (Saltie), werf die laaste jare sleutelfigure in die mediawêreld vir die uitvoer van propagandaprojekte.

• Twee skakel- en inligtingsmaatskappye in Pretoria wat onder meer inligting aan die internasionale media verskaf, skakelwerk vir swart regse politieke organisasies doen en publikasies versprei.

• 'n Skakelmaatskappy in Frankryk met baie noue bande met die SA Weermag wat skakelwerk vir Jonas Savimbi in Europa doen.

• 'n Onderafdeling van Militêre Inligting wat bekend staan as "Kommunikasie -operasies Vyand" diskrediteer politieke leiers in opposisiegeledere.

Nico Basson het in 1989 'n politieke propagandaprojek vir die weermag in Namibia bedryf wat daarop gemik was om Swapo te diskrediteer en 'n meerderheid vir die "demokratiese partye" in die verkiesing te bewerkstellig.

Basson sê die destydse hoof van die weermag, genl Jannie Geldenhuys, het op 19 Januarie 1989 'n groep offisiere in 'n weermagsaal in Windhoek oor Namibia se onafhanklikheid toegespreek en opdrag gegee dat die weermag alles moontlik moet doen om die politieke veldslag teen Swapo te wen.

Basson het 'n frontmaatskappy vir die weermag gestig wat die beeld van die "demokratiese partye" bevorder en Swapo se beeld gediskrediteer het. Meer as 'n miljoen rand is oor 'n tydperk van 'n jaar aan sy beslote korporasie, PRO Communications Projects, betaal om dié projek te finansier.

"Dit is ook aan my bekend dat miljoene rande deur die weermag bestee is aan projekte om Swapo in die verkiesing te ontwrig. Geeneen van die strukture, frontorganisasies en spesiale agente van die regering wat in Namibia teen Swapo gebruik is, is ontbind of afgedank nie. Inteendeel, hulle is aktief by die proses in Suid-Afrika betrokke," sê Basson.

Hy het verwys na die volgende frontorganisasies en maatskappye met noue bande met die weermag:

• Die leier van Unita, dr Jonas Savimbi, se skakelwerk word in Europa behartig deur 'n regse Fransman, Phillipe Bohn, wat skakel met brig Ferdie van Wyk, wat ook Nico Basson se hanteerder in Namibia was. Bohn is in diens van 'n maatskappy met die naam Interaction International wat vir die weermag optree.

• Dixon-Soule Medewerkers, 'n skakelmaatskappy met sy kantore aan die oewer van die Hennopsmeer in Verwoerdburg, wat bedryf word deur twee oud-joernaliste van die *Sunday Times*, Gary Dixon en Allan Soule. 'n Kaptein in Militêre Inligting wat die laaste jare verskeie projekte vir die weermag in Afrika bedryf het, Sipke de Vries, het hom onlangs by dié maatskappy aangesluit as 'n "spesiale skrywer".

Een van die talle publikasies wat deur dié maatskappy uitgegee word, is *Southern Africa Special Despatch*, 'n maandelikse pro-Weermag en anti-ANC tydskrif wat onder meer aan beleidmakers en parlementslede gestuur word.

Verskeie artikels word deur die weermag in dié tydskrif "geplant". Nog 'n oud-joernalis van die *Sunday Times*, Neil Hooper, is die redakteur van *Despatch*. Hooper was al in sy dae by die *Times* bekend vir sy noue bande met die veiligheidsgemeenskap en veral met maj Craig Williamson.

*Despatch* word gefinansier en besit deur dr Louis Raubenheimer, oud-eienaar van Perseus-rekenaars wat onlangs aan die weermag verkoop is. Sy maandelikse bydrae tot die tydskrif bedra R80 000.

Voor Hooper as redakteur van *Despatch* oorgeneem het, was die redakteur Gerhard Pieterse. Hy het op 'n gereelde grondslag nuusberigte van die Pan African News Agency - 'n "linkse" nuusagentskap wie se nuusberigte eers in Suid-Afrika verbied was - ontvang en vir die weermag verwerk.

Volgens bronne na aan Dixon-Soule word soms vergaderings met senior offisiere van Militêre Inligting in die kantore gehou. So byvoorbeeld is brig Ferdie van Wyk al in die kantoor gesien. 'n Kantoor van Militêre Inligting is net twee geboue weg en personeel verwys daarna as "the boys up the hill". Geheime fakse met kode-boodskappe word gereeld in die kantoor ontvang.

Dit is insiggewend dat Dixon-Soule tot onlangs nog Sasol se publisiteitsrekening gehad het. Die skakelbeampte van Sasol is Jan Krynauw, 'n kaptein by Saltie. Hulle werk ook nou saam in verskeie projekte met PRO 5, 'n Pretoriase skakelmaatskappy waarvan een van die aandeelhouers, Tok Grobler, 'n majoor en tweede-in-bevel van Saltie is.

Gary Dixon besit twee verdere maatskappye, Technivision en Genesis Sound, wat onder meer video's vir die weermag vervaardig. Een van die video's, wat handel oor die kommunistiese bedreiging teen Suid-Afrika, kon ná die ontbanning van die ANC op 2 Februarie verlede jaar nie meer uitgesaai word nie.

Nog 'n projek wat deur Dixon-Soule beheer word, is dié van die Federal Independent Democratic Alliance (Fida) en sy president, John Gogotya.

Fida voer die afgelope jaar 'n intense veldtog teen die ANC, wat beskryf word as 'n kommunisties-geïnspireerde en gewelddadige organisasie, kerkleiers, die bevrydingsteologie en die vakbondwese.

In die jongste uitgawe van sy mondstuk, *The Democrat*, word onder meer 'n aaval op aartsbiskop Desmond Tutu en dr Beyers Naudé gedoen oor hul standpunte oor die bevrydingsteologie. Die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskoppe-konferensie word ook daarvan beskuldig dat hy revolusionêre onderrigmetodes van Nicaragua gebruik.

Dixon-Soule tree ook op namens Veterans for Victory, wat die laaste jare 'n veldtog teen die End Conscription Campaign (ECC) voer en gereeld advertensies in koerante plaas om lesers aan die wandade van die ANC en die oorwinnings van die weermag te herinner.

Hulle produseer ook die Krygkor-tydskrif, *Salvo*, en gebruik 'n Pretoriase prokureur, Mauritz Lombard, wat gereeld werk vir die minister van Verdediging doen. Lombard het onder meer teen Nico Basson opgetree. Dié maatskappy het ook al video's vir die Rhema-kerk vervaardig.

Een van die mede-aandeelhouers van Dixon-Soule, Alan Soule, het vandeesweek ontken dat sy maatskappy 'n frontorganisasie is. "Ons is 'n doodgewone maatskappy wat met private finansiering op die been gebring is en ons kliënte strek oor 'n wye spektrum. Ons het geen bande met Militêre Inligting nie."


Hy het bevestig dat Gogotya 'n kliënt van hulle was en dat hulle 'n plakkaat-veldtog vir Veterans for Victory behartig het, maar ontken dat hulle vergaderings met Militêre Inligting hou of gekodeerde fakse ontvang het. Hy het gesê die tydskrif *Despatch* is nie 'n front vir Militêre Inligting nie.

• Basson sê dat hy ook gereeld geskakel het met 'n Pretoriase mediamaatskappy met die naam African Promotions wat die internasionale media van inligting voorsien. African Promotions word bestuur deur Elize Erasmus, die vrou van brig Stef Erasmus, tot onlangs nog hoof van die direktoraat buitelandse sake van Militêre Inligting. Hulle doen dieselfde werk in Suid-Afrika as wat Basson in Namibia gedoen het.

• "Die diskreditering van politieke leiers in opposisiegeledere is 'n gewilde strategie, veral in die weermag. In Namibia was een van die hooftemas teen Swapo die diskreditering van die senior leierskorps van die party. In Suid-Afrika word ook met groot vrug van dié strategie gebruik gemaak," sê Basson.

Hy sê die diskreditering van Winnie Mandela is 'n projek wat in verskeie vorme nou al jare deur die weermag bestuur word. 'n Onderafdeling van die Leër se propagandadepartement, "Komops Vyand", werk met groot welslae aan die "plant" van valse inligting - en die verspreiding daarvan - oor die vrou van die ANC se vise-president. Kol Tobie Vermaak van Militêre Inligting staan aan die hoof van dié projek, sê Basson.

Die weermag se kommentaar oor die rol van Saltie het *Vrye Weekblad* te laat bereik vir publikasie en sal volgende week gepubliseer word. VW



# die emosionele vulkaan

**DIE FRANSE FILMSTER GERARD DEPARDIEU IS NOU IN SY EERSTE AMERIKAANSE PRENT TE SIEN. HY SPEEL 'N FRANSE VLUGTELING WAT MET 'N AMERIKAANSE VROU TROU OM 'N WERKPERMIT IN NEW YORK TE KRY. ANDREA VINASSA MEEN EGTER PETER WEIR HET DEPARDIEU SE GROOTSE TALENT VERSPIL.**

Toe Gérard Marcel Xavier Depardieu 'n tiener was in Châteauroux, 'n agterlike dorpie op die Franse platteland, het nòg sy ouers nòg sy onderwysers hom verstaan. Só diep gefrustreer was die begaafde kind dat hy in sy vroeë tienderjare sommer opgehou het met praat. Mense het gedink hy het 'n leerprobleem.

Maar Alfred Tomatis, 'n Franse spraakterapeut, het ontdek dat Depardieu se waarnemingsvermoëns te skerp was. Sy oor en sy geheue was só akuut dat hy eenvoudig té veel té vinnig ingeneem het. Vandag skryf die akteur die ontsluiting van sy akteurstalent aan Tomatis toe.

Misverstand het onlangs weer op groot skaal ingesluip toe Depardieu vir *Time Magazine* daarvan beskuldig het dat hulle hom verkeerd aangehaal het en dat dié aanhaling hom van 'n Oscar beroof het. Hy sou volgens die tydskrif glo op nege jaar deelgeneem het aan 'n massaverkragting.

Soos 'n mens die ding verstaan, is die onderhoud deur 'n vryskutjoernalis gevoer wat dit op band vertaal en aan die tydskrif se herskrywers gestuur het. Na verneem word, is die Franse woord vir "deelneem aan" en "aanskou" eenders en die tydskrif het maar die sensasionele keuse gedoen. Maar Depardieu se klag het eers maande later gekom - net ná die Oscars. Of hy dit wél gesê het, sal seker in die howe besluit word en ons sal nooit seker wees nie.

Wat wel seker is, is dat Depardieu nie skaam kry oor sy agtergrond nie. Hy steek niks weg nie. Hy was van jongs af 'n leuenaar en het, ondanks Tomatis se sorg, in die jeug-gevangenis beland.

Al is Depardieu in al sy onderhoude skynbaar heeltemal eerlik - maar hoe sal ons weet of hy nie hier en daar aandik nie - bly hy onpeilbaar.

Sy karakter in *Green Card* blyk taamlik outobiografies te wees, al het die regisseur Peter Weir dit sonder sy medewete vir hom geskryf. Soos George Fauré sukkel hy om met vroue oor die weg te kom, al verkies hy hulle geselskap. (Teenstrydighede is volop.)

"Ek verstaan vroue nie. Voor 'n vrou is ek 'n kind. Ek probeer om haar te nader en ek het die idee dat sy nie van my hou nie. Sy kan my doodmaak... Ongelukkig is ek heeltemal masochisties. Die liefde is nie gelukkig nie," het hy aan John Baxter van *Blitz Magazine* gesê.

Aan die joernalis Paul Chutkow het hy beken dat hy in Amerika gevoel het soos 'n onskuldige wat katvoet deur 'n mynveld moet loop. "In Frankryk kan jy eenvoudig sê: 'Jy het pragtige borste.' Toe ek dít in New York sê, het ek die Amerikaanse vroue geskok. En ek sou sê: 'Nee, nee, ek het nie bedoel om jou in die gesig te vat of suggestief te wees nie. Dis net dat jou borste vir my so mooi is. Dit is mos die regte woord, nè - borste?"

Uit onderhoude kom 'n mens agter dat Depardieu hom sterk met sy karakter in *Cyrano de Bergerac* vereenselwig. Hy beskou homself ook as 'n tragiese romantikus.

"Cyrano is 'n kunstenaar, hy ly geweldig, hy is nooit gelukkig nie. Hy is verlief op die liefde, ook op Roxanne, maar hy kan haar nie aanraak nie," sê Depardieu. "Ek dink die regte Cyrano was homoseksueel. Hy kon op niemand staatmaak nie. Ek is ook so. Niemand kan my koop nie. Ek is vry."

Mense wat hom ken, beskryf hom as 'n "emosionele vulkaan, 'n man vol rou energie en Rabelaisiaanse aptyte, 'n humeurige man met stormbuie - 'n digter, 'n kunstenaar en 'n onkeerbare poetsbakker".

Depardieu is Frankryk se Sylvester Stallone en Arnold Swarzenegger. Hy is ook hul Laurence Olivier, hul Dustin Hoffman en hul Cary Grant. Terwyl Stallone en Swarzenegger een prent in twee jaar maak, maak Depardieu ses. Depardieu se oorvloedige oes rolprente laat die Amerikaanse en Britse akteurs na deeltydse amateurs lyk.

Sedert sy eerste prent in 1965 - *Roger Leenhart se Le Beatnik et le Minet* - het hy meer as sestig hoofrolle op sy kerfstok. En danksy die feit dat die Franse minder verknog is aan "typecasting" as die Amerikaners, kon hy meer uiteenlopende rolle as seker elke ander akteur ter wêreld vertolk.

Vergelyk net die misdadiger in Bertrand Blier se *Going Places* met die gevoelvolle transvestiet in dieselfde regisseur se *Menage*, of met sy heldhaftige vertolking van die Franse kleinboer in Daniel Vigne se *The Return of Martin Guerre*.

Dit was juis Blier se *Going Places* (in Amerika het hulle dit *Getting It Up* genoem en in Engeland is dit nog verbied) wat van Depardieu 'n ster gemaak het. Daar is geen twyfel dat hy niks anders as 'n ster kon wees nie - want is hy op die doek, stel hy sy medespelers gewoonlik in die skadu.

Toevallig word dié vroeë komedie oor mans se ervaring van die seksuele revolusie tydens Johannesburg se Internasionale Rolprentfees (Seven Arts en Metro Hyde Park) vertoon.

In sy keuse van rolle gryp Depardieu na die bisarre, die groteske, en die gevaarlike, maar dit lyk of die Franse in dié opsig baie meer verdraagsaam is as die Amerikaners. Hy het in die lokettreffer *Jean de Florette* sy logge liggaam verder met 'n boggel ontsier. In *Cyrano de Bergerac* het hy sy reeds onaantreklike neus laat verleng.

In *The Last Woman* het hy homself met 'n elektriese mes gekastreer. In Francois Truffaut se *The Woman Next Door* het hy homself en Fanny Ardant geskiet. In Barbet Schroeder se *Maitresse* het hy 'n man se skrotum met duimspykers aan 'n plank vasgespyker. In *Menage* het hy in 'n rok en met hoëhakskoene gespeel.

Suid-Afikaners het verbasend baie van Depardieu se prente hier te sien gekry. Ons het intiem kennis gemaak met sy hartstogtelike Cyrano de Bergerac en sy flambojante Auguste Rodin in *Camille Claudel*, en sy rol as Robert de Niro se mede-speler in 1900. Vir my is sy onvergeetlikste rol die naamrol in Andrej Wajda se *Danton*, waarin hy 'n joernalis speel wat eers 'n leier was in die Franse Revolusie en later 'n slagoffer daarvan.

Depardieu is nie net in rolprente doenig nie. Hy doen ook dikwels verhoogwerk en in 1984 het hy teenoor sy vrou, Elisabeth - een van Frankryk se voorste verhoogspelers wat hy op 16-jarige leeftyd ontmoet het - in *Tartuffe* gespeel.

Hy het ook die regie behartig van die rolprentweergawe. Hy doen baie oorklankingswerk en het onlangs die stem van Kenneth Branagh in *Henry V* oorgeklank.

Duidelik staan sy hande vir niks verkeerd nie, maar soms moes selfs Depardieu toegee dat hy nie altyd slaag nie. Jean-Jacques Beineix se *The Moon in the Gutter* het hy beskryf as 'n "idioot van 'n prent".

Al het Depardieu wonderlik met Weir oor die weg gekom, sal *Green Card* nie onder sy beste prente gereken word nie. Die draaiboek is net te flou om 'n ster van Depardieu se vermoëns te kan dra. Weir se *Dead Poet's Society* is 'n veel beter prent, maar *Green Card* gaan onder dieselfde pretensies gebuk as dié rolprent. Weir probeer die hele tyd diepsinnig wees.

Omdat die uitgangspunt van die prent kunsmatig saamgeflans is, doen die hele prent vergesog, voorspelbaar en geforseer aan. Depardieu speel 'n Franse vlugteling wat 'n werkpermit gewaarborg word wanneer hy met Brontë Parish (Andie McDowell), 'n New Yorkse tuinboukundige, trou.

*Green Card* is tegelykertyd 'n satire oor wat Weir meen die skynheiligheid van die New Yorkse lewenstyl is, 'n komedie oor kulturele verskille én 'n ernstige stelling oor hoe mense uit uiteenlopende kulture mekaar tog kan vind.

Weir spot seker tereg met Brontë se fyngevoeligheid oor maatskaplike kwessies - sy bou parke in die ghetto's - maar uiteindelik bots sy doelstellings. Die twee karakters en hul liefdesverhouding word oppervlakkig ontgin, terwyl Weir om die beurt té snaaks en té ernstig wil wees.

Die karakter wat Depardieu vertolk, is fassinerend ambivalent - maar 'n mens is nooit seker of dit doelbewus is, of net te wyte is aan Weir se onvermoë as draaiboekskrywer nie. Weir buit die akteur se uiteenlopende bates uit sonder dat dit die prent juis verbeter.

Depardieu se saggesprokenheid, sy hansworstery, sy irrasionele hartstog, sy melodramatiese neigings, sy onbeholpenheid en sy gevoelvolheid is teenwoordig - maar onontgin. Andie McDowell se powere spel en die futloosheid van die karakter wat hy vertolk, ontneem die hele spul van enige geloofwaardigheid.

Gee vir Brontë en George drie maande en Weir kan 'n prent skryf oor egskeiding in New York... VW

# Die laaste kans om die *wêreld* te red

**DIE WÊRELD ERVAAR NOU DIE GROOTSTE MASSA-UITSTERWING VAN PLANT- EN DIERESPESIES SEDERT DIE VERDWYNING VAN DIE DINOSOURUSSE. DIÉ KEER WEET ONS EGTER WAT DIE OORSAAK IS - DIE MENS SE VERNIETIGENDE UITWERKING OP DIE AARDE.**

**CHRISTELLE DE JAGER** DOEN VERSLAG

"Teen die einde van dié eeu staar 'n omgewingsramp die mensdom in die gesig - 'n ramp wat net so verwoestend en onomkeerbaar soos 'n kernoorlog kan wees."

Só waarsku die uitvoerende direkteur van die Verenigde Volke se Omgewingsprogram, Mustafa Tolba. En dié waarskuwing word nou oor en weer deur menige wetenskaplike en omgewingskenner herhaal.

Die krisis wat hulle probeer afweer, is die grootste massa-uitsterwing sedert die tyd van die dinosourusse. Sommige wetenskaplikes waarsku dat dit die grootste massa-uitsterwing van alle tye kan word - 'n ramp wat die oorsaak van dié uitsterwing, die mens, ook uiteindelik sal uitroei.

Die Suider-Afrikaanse Natuurstigting sê dit is nou 'n wedloop teen die tyd om die wêreld se natuurlike "supermark" te red: "Wat eers 'n bewaringstryd was om 'n paar van die natuur se mees indrukwekkende diere te red, het nou 'n geveg om die mens se oorlewing geword."

Wêreldwyd het minstens 18 500 spesies verlede jaar uitgesterf - 1 000 keer die natuurlike tempo van uitsterwing - en daar word geskat dat teen die jaar 2000 tot 50 000 spesies per jaar tot niet kan gaan.

Net 1,7 miljoen van die wêreld se spesies is al uitgeken. Daar word geskat dat nog 100 miljoen spesies wag om ontdek te word. In die huidige tempo van spesiesverlies, sal tot 'n kwart van dié spesies nooit uitgeken word nie. Hulle sal in die volgende 30 jaar verdwyn.

Volgens dr Norman Myers, 'n wêreldkenner op die gebied van die omgewing en ontwikkeling wat deur die World Wildlife Fund (WWF) met 'n goue medalje vereer is, put die vinnige spesiesverlies die genetiese bronne in dié mate uit dat evolusie nie die verlore bronne in minder as 'n miljoen jaar sal kan vervang nie.

Dié massa-uitsterwing wat ons nou ondervind, het 11 000 jaar gelede in Noord-Amerika begin toe die meeste groot soogdiere deur jagters uitgeroei is. Sedertdien het die vernietiging van die wêreld deur die mens voortgegaan.

Besoedeling, jag, die verwoesting van habitats, verstedeliking, swak landbou-metodes, woestynindringing, industriële ontwikkeling, oorbevolking, oorbenutting van natuurlike hulpbronne, armoede, gierigheid - almal speel 'n rol.

Die grootste oorsaak van die huidige uitsterwing, sê omgewingskenners, is die mens se onoordeelkundige vernietiging van die natuurlike habitats van diere en plante. Die gebiede wat die grootste verskeidenheid van spesies ondersteun, is tropiese reënwoude, koraalriwwe, wortelboom-moerasse en kusvleilande.

'n Stuk tropiese woud vier keer die grootte van Switserland verdwyn elke jaar, en wortelboom-moerasse word wêreldwyd vernietig - in Asië 500 000 hektaar per jaar. In Suid-Afrika het die droë woude met 46 persent verminder, die grasvlaktes met 62 persent, en die wortelboom-moerasse met 50 persent.

Maar waarom is die bewaring van die verskeidenheid van spesies so belangrik vir die mens?

Jack Harlan, 'n genetikus van die Universiteit van Illinois, verduidelik die betekenis van die versnellende dreinering van die planeet se genepoel: "Die genetiese hulpbronne staan tussen ons en 'n katastrofale hongersnood op 'n skaal wat ons nie eens kan verbeel nie. Die toekoms van die mens hang van dié genetiese stof af."

Omgewingskenners en bewaringsorganisasies besef reeds hoe belangrik dit is om die biologiese verskeidenheid van al die wêreld se organismes te bewaar. Hulle probeer nou dié boodskap by mense inskerp.

In die huidige groeitempo sal daar teen die einde van die eeu 10,5 miljard mense op aarde wees. Dié mense gaan kos nodig hê - en die beskikbaarheid van voedsel hang af van die oorlewing van die natuur.

Etiopië is 'n voorbeeld van hoe die verlies van ekosisteme tot groot hongersnood gelei het. Etiopië was in die sestigerjare sowat 60 persent met woude bedek. Nou is net drie persent van die land se oppervlakte bebos - en hongersnood staar 14 miljoen mense in die gesig.

Geen organisme bestaan in isolasie nie. Alle organismes binne 'n ekosisteem is afhanklik van mekaar en vervul 'n bepaalde rol om die sisteem te laat werk. As een verdwyn, word die ander bedreig - en word die ekosisteem vernietig, verdwyn al die organismes. Vir elke plantspesie wat uitsterf, kan byvoorbeeld tot 30 afhanklike dier- en insekspesies ook verdwyn.

Alle lewende organismes dra waardevolle genetiese inligting van hulle ontwikkeling deur die eeue - inligting wat noodsaaklik is vir die evolusie van nuwe spesies. Die verlies van dié genetiese boustene is dus kritiek - en in die tempo dat ons spesies verloor, kan die evolusie nie byhou nie.

Sowat R160 miljard se medisyne word jaarliks uit natuurlike bronne gemaak, en meer as 5 000 plantspesies is bekend wat chemiese stowwe met 'n kankerwerende potensiaal bevat.

Een derde van alle aktiewe bestanddele van die Westerse medisyne is op plantsamestellings gegrond. Tog is die farmakologiese bestanddele van nog net twee persent van die wêreld se 300 spesies blomplante al ontleed.

Volgens wetenskaplikes is die verlies van al die onontdekte potensiaal een van die mees tragiese aspekte van ons huidige tempo van spesieverlies. Baie organismes kan bestaan wat van groot praktiese waarde vir die mens kan wees, maar nog nooit bestudeer of benut is nie. Net 150 plantspesies is al wyd gekultiveer, al is meer as 75 000 eetbare plantspesies bekend.

Daar kan ook nie net op gekultiveerde spesies staatgemaak word wat wetenskaplik ontwikkel is om groot opbrengste te lewer nie. Die genetiese boustene van die wilde spesies is noodsaaklik om weerstand teen siektes te gee.

In 1970 het 'n swam 'n massiewe misoes veroorsaak in die Amerikaanse mieliestrook, 'n gebied so groot soos Suid-Afrika. Kruisteling met 'n wilde spesie wat hoog in die Mexikaanse berge groei, het gekeer dat dit weer gebeur - maar toe dié mieliespesie gevind is, het dit nog net in drie kolle op vier hektaar in die berge gegroei - die enigste plek waar dit voorgekom het.

Bioverskeidenheid het dus in die laaste paar jaar die wagwoord van bewaring geword. Die klem het verskuif van die bewaring van individuele bedreigde spesies na die bewaring van die wêreld se bioverskeidenheid - die somtotaal van genetiese en spesie-verskeidenheid, van bakterieë tot plante, groot soogdiere en die mens.

Maar wat kan gedoen word? Is ons werklik op pad na 'n soort massa-selfmoord, of kan die situasie omgekeer word?

Volgens Myers het die mens nog tyd om dinge te verander. Die huidige dekade gaan egter kritiek wees - dis die "buig of bars"-dekade. Daar moet nou opgetree word om die patroon van vernietiging te verander. "Die jaar 2000 is net 3 500 dae weg. Om sukses te bereik moet daar in die volgende drie jaar dringend opgetree word."

'n Voorbeeld van wat in die praktyk gedoen word, is die WWF se Malawimeer-projek. Een van die mees produktiewe vissoorte is tilapia, 'n varswater-vis wat in groot getalle in die Malawimeer gevind word.

Die vis kan tot drie ton vis per hektaar elke 180 dae produseer. Die Malawimeer is die wêreld se biologies mees gediversifiseerde meer, en bevat 496 spesies tilapia alleen. Die meer is Malawi se waardevolste bron van diereproteïne, maar dié belangrike bron word bedreig deur besoedeling, onbeheerde hengelary en die invoer van uitheemse visspesies.

Die WWF het dit nou een van sy projekte gemaak om die Malawimeer Nasionale Park te ondersteun en maniere te ondersoek waarop die visoes konstant benut kan word sonder om dié hulpbron skade aan te doen.

Suider-Afrika is een van die wêreld se rykste gebiede van bioverskeidenheid. Daar is 'n geskatte 23 200 plantspesies, waarvan 18 560 endemies is aan die streek. Dit maak dit die rykste streek ter wêreld wat die getal plantspesies betref.

Naas dié ryk botaniese erfenis, is daar ook talle ander spesies. Onder die Afrika-lande met die meeste spesies is Suid-Afrika sesde wat soogdiere betref (279 spesies), sesde wat amfibieë betref (93 spesies), negende wat voëls betref (725 spesies) en eerste wat reptiele betref (281 spesies).

Die groot aantal spesies in Suid-Afrika is grootliks te danke aan die land se wye verskeidenheid natuurlike gebiede - van woestyn tot sub-tropiese woud, van koraalrif tot sneeubedekte berge. Daar is 70 verskillende veldsoorte en vyf hoof-ekologiese gebiede: fynbos, woud, karoo, savanne en grasveld. Van die 2 000 spesies wat hier bedreig word, is die meeste plante. In die wêreldbekende Kaapse Blommeryk in die Suidwes-Kaap, word 70 persent van die 8 500 spesies nêrens anders ter wêreld gevind nie en meer as 1 500 daarvan word bedreig.

Volgens John Ledger, direkteur van die Endangered Wildlife Trust, het ons in Suid-Afrika dus 'n groot verantwoordelikheid en 'n verpligting teenoor toekomstige geslagte om soveel moontlik van dié ryk erfenis te bewaar.

Hy sê dié taak word deur baie faktore bemoeilik, waarvan twee kritiek is. Ten eerste dreig die bevolkingsontploffing om Suid-Afrika se hulpbronne heeltemal te oorweldig. Daar word geskat dat Suid-Afrika se bevolking in die volgende 35 jaar sal verdubbel tot 63 miljoen.

Die tweede probleem, sê Ledger, is dat die konsep van biologiese verskeidenheid vir die meeste Suid-Afrikaners verskuil word deur twee persepsies: dat natuurbewaring 'n eurosentriese en koloniale idee is wat geen plek in die toekoms het nie, en dat bedreigde spesies net groot, harige of irrelevante diere is soos renosters en olifante wat wit-mense om hul eie selfsugtige redes wil bewaar.

Hy sê dis noodsaaklik dat almal in Suid-Afrika - ontwikkelaars, die regering, landelike gemeenskappe en stedelinge - nou saamstem oor die waarde van die omgewing wat ons en toekomstige geslagte moet onderhou.

Ledger meen die landelike gemeenskappe is een van die sleutelgebiede in die bewaring van die bioverskeidenheid in Suider-Afrika. In dié gemeenskappe is daar dikwels groot armoede, maar tog ook baie kennis oor die omgewing waarvan hulle lewe.

Maatskappye behoort navorsing- en ontwikkelingsprojekte in dié gemeenskappe te ondersteun, gemik op die volgehoue benutting van 'n wye verskeidenheid spesies van die natuur, sodat landelike gemeenskappe hulself kan onderhou.

"In Suid-Afrika het ons 'n rykdom plantespesies, en ons gebruik so min vir voedsel of kommersiële benutting. Met ons vlak van armoede is dit onvergeeflik. Baie spesies kan met 'n bietjie navorsing kommersieel benut word," sê Ledger.

"In ons land wag 'n hele nuwe wêreld op ontdekking. Die mens moet onthou dat hy nie téén die natuur staan nie, maar deel is van die wêreld se bioverskeidenheid van lewe. Deur dié bioverskeidenheid te bewaar, bewaar ons ook ons toekoms." VW

**MEESTE SPESIES ONBEKEND**

Niemand weet presies hoeveel spesies organiese lewe daar ter wêreld is nie, maar wetenskaplikes skat tussen 10 miljoen en 30 miljoen. Dit beteken dat maar nog net sowat 5 tot 14 persent van alle spesies uitgeken en bestudeer is.

| | aantal uitgeken | persentasie van geskatte totaal |
|---|---|---|
| mikro-organismes | 5,760 | 3-27 |
| ongewerwelde diere | 1020 561 | 3-27 |
| plante | 322 311 | 67-100 |
| visse | 19 056 | 83-100 |
| voëls | 9 040 | 94-100 |
| reptiele en amfibieë | 11 757 | 90-95 |
| soogdiere | 4 000 | 90-95 |

(Volgens EO Wilson, Bioverskeidenheid, 1988)



BOB KEFFIN TREK AAN DIE STEEKS RENOSTER SE STERT OM DIE DIER IN DIE TROK TE LAAI... (FOTO: TJAART STENEKAMP)

# die tog na 'n *nuwe paradys*

EEN VAN DIE DIERSPESIES WAT BYNA VOLSLAE UITGESTERF HET, MAAR DEUR DIE TOEWYDING VAN NATUURBEWAARDERS GERED IS, IS DIE WITRENOSTER. IN DIE BEGIN VAN DIÉ EEU WAS DAAR NET 30 OOR IN DIE UMFOLOZI NASIONALE PARK IN NATAL. VANDAG IS DAAR WEER MEER AS 4 000 OP AARDE - ALMAL IN SUIDER-AFRIKA. DIE BOPHUTHATSWANA NASIONALE PARKERAAD HET DIE DERDE GROOTSTE WITRENOSTER-BEVOLKING IN SUIDER-AFRIKA. **CHRISTELLE DE JAGER** WAS BY TOE 18 VAN DIÉ RENOSTERS IN 'N MASSIEWE OPERASIE VERSKUIF IS

Die massiewe renosterbul hardloop deur die lang gras van die Botsalano Nasionale Park, met 'n helikopter agterna. Die helikopter vlieg laag, hang 'n oomblik in die lug, en die veearts Bob Keffin mik op 'n afstand van drie meter na die agterstewe van die tweeton-renosterbul.

Tien minute later begin die verdowingsmiddel werk en die renoster sak inmekaar. 'n Radio-boodskap word gestuur aan die span wat naby wag: "Hy lê. Kom haal hom." En soos 'n pyl uit 'n boog trek die wagtende span helpers deur die bos na die renoster, bakkie voor en trekker en sleepwa agterna. Keffin draf al na die renoster. 'n Sak word oor sy oë gegooi, 'n tou om sy horing, en tien mans hou die tou vas terwyl vinnig en doeltreffend gewerk word. Die ore word geknip vir uitkenning en navorsingsdoeleindes, die horing word gemeet, antibiotika word toegedien en die liggaamstemperatuur word bepaal.

Daar is spanning in die lug. 'n Renoster kan enigiets doen, en dit is in elk geval nie seker presies watter uitwerking die verdowingsmiddel gaan hê nie. Dit het al gebeur dat 'n renoster skielik opstaan en storm. (Volgens die ervare bewaarders is daar nooit genoeg bome nie. Ek kan dít glo: ek het net doringbome gesien toe ek beplan het waarheen ek sou hardloop.)

Dan is dit tyd om die bul op die sleepwa te laai. Met 'n gestoot van agter deur tien mans en 'n getrek van voor aan die tou deur nog tien, word die bedwelmde renoster op sy pote getrek tot bo-op die sleepwa. Daar is 'n benoude oomblik wanneer die doek van die dier se oë afval en die tou loskom - maar hy is in.

By die veldkamp lyk dit soos die terrein van 'n militêre operasie. Die agterkant van 'n groot vragmotor wat ses renosters kan vervoer, is in 'n sloot: die sleepwa se agterkant beweeg daarteen. Agterstewe eerste, met behulp van 'n porstok en die veearts wat op die vragmotor staan en die renoster se stert trek, word die dier opgelaai.

"Nou!" skreeu iemand - en 'n bakkie met 'n ketting vasgemaak aan die hek op die vragmotor beweeg onmiddellik agteruit. Met 'n klap slaan die hek toe, en die manne slaak 'n sug van verligting. Almal ontspan, rook 'n sigaret (nes in die advertensie) en wag op die volgende ronde.

Later die middag het die renosters hulle rit begin na Borakalalo, die park van 12 000 hektaar wat 490 kilometer verder in die noorde van Bophuthatswana geleë is. Jeff Wilby, die park-opsigter van Botsalano, sou deur die nag ry, die renosters in hul nuwe tuiste vrylaat, en die volgende dag weer terug wees om die volgende renosters te vang.

Dié dag het goed verloop - maar daar is altyd die wete dat enigiets verkeerd kan loop. Dit is 'n baie moeilike taak. Alles moet klokslag werk, terwyl daar terselfdertyd rekening gehou moet word met die onvoorspelbaarheid van 'n witrenoster en moontlike toerustingprobleme.

Die dosis M99 - 'n verdowingsmiddel wat 'n morfien-derivaat is, maar 10 000 keer sterker - moet deur Keffin afgemeet word volgens die geskatte grootte van die hardlopende dier. Te veel, en die dier slaap soos 'n klip. Dit is dan baie moeilik om die swaar dier weer aan die beweeg te kry sodat hy op die sleepwa gelaai kan word. Te min, en die dier kan skielik te gou "wakker" word en begin storm, of selfs nie eens gaan lê nie - wat die vangproses bemoeilik en stres veroorsaak.

Oorverhitting en stres kan groot probleme wees. Volgens Keffin is renosters sensitiewe diere wat baie geneig is tot stres, en om so min stres moontlik te veroorsaak, moet daar vinnig en doelgerig gewerk word. As enigiets verkeerd loop - soos 'n verdowingspyltjie wat nie ordentlik tref nie, of 'n dier wat te min verdowingsmiddel inkry en te lank gejaag moet word - veroorsaak dit stres.

Keffin probeer ook sover moontlik diere van een familiegroep saam verskuif.

Keffin, nou 'n veteraan van 300 renoster-verskuiwings, sê hy was vrekbang vir sy eerste renostervangery. "Ek het amper my broek natgemaak." Nou nog is hy geensins ontspanne daaroor nie, sê Keffin. "Elke dier is anders, jy weet nooit wat om te verwag nie. Hulle is so onvoorspelbaar."

Die klein Botsalana Nasionale Park van 6 000 hektaar is 'n paradys vir witrenosters. Die oop grasvlaktes is volmaakte terrein vir dié diere. 'n Toer deur die park getuig van die ongelooflike aanteelsukses met die renosters. Omtrent elke koei wat ons gesien het, het 'n kalf by haar gehad. Van die sowat 110 renosters in die park is minstens 30 jonger as drie jaar, en nog twee kalfies is verlede week gebore, sê Jeff Wilby, 'n bewaarder van Botsalano.

Sedert 1987 is 48 witrenosters van die Pilanesberg na Botsalano verskuif. In die kort tyd sedertdien het die renosterbevolking meer as verdubbel - 'n ongelooflike suksesverhaal.

Die witrenoster is 'n grasvreter. Dit is groter as die swart renoster, weeg as volwasse dier tussen twee en drie ton, het twee horings, 'n lange en 'n korte, en 'n kenmerkende bult aan die nek wat dit ook onderskei van die swartrenoster, 'n blaarvreter wat van meer beboste terrein hou.

Die witrenoster is 'n nuuskierige dier en minder aggressief as die swartrenoster, maar ook meer onvoorspelbaar - veral wanneer 'n koei 'n kalf by haar het. Die minder aggressiewe gedrag het die witrenoster vroeër makliker gemaak om te jag, daarom het dit vinniger verdwyn as die swartrenoster.

Keffin sê die sukses van die renosters in Botsalano is waarskynlik te danke daaraan dat genoeg diere oorspronklik daar gevestig is om doeltreffende natuurlike aanteling te verseker.

Die renosterbulle kan hulle gebiede afbaken en koeie word dus byna altyd gedek. Keffin sê dit wys die waarde daarvan om hervestiging met groter gemeenskappe te begin, eerder as om met net 'n paar diere te probeer.

Toe 'n bul verlede jaar met gate in die sy gevind is, is gevrees dat wilddiewe die reservaat ingekom het. Tot dusver is geen probleme met wilddiefstal ondervind in enige van Bophuthatswana se nasionale parke nie.

Die vrese was egter ongegrond. Die gate is deur 'n renosterhoring gemaak. Dit was 'n teken dat daar te veel renosters in die park was. Bulle was besig om om gebiede te veg - wat ongewoon is vir renosters.

Daarom is besluit om 18 renosters te verskuif na Borakalalo, waar daar al 18 witrenosters was. Die 36 renosters wat nou daar is, gaan dus nog 'n doeltreffende teelkudde vorm.

Die Bophuthatswana Nasionale Parkeraad het sedert sy ontstaan groot sukses met die hervestiging van die witrenoster behaal, en het nou sowat 350 witrenosters in sy drie nasionale parke - sowat 200 daarvan in die Pilanesberg Nasionale Park. Die grootste witrenoster-bevolking in Suider-Afrika is die Natal Parkeraad se sowat 2 600. Die Kruger Nasionale Park het sowat 1 200.

Die Bophuthatswana Nasionale Parkeraad laat toe dat ouer bulle gejag word wanneer die renosterbevolking dit toelaat, en gebruik die geld vir bewaring. Oorsese jagters betaal tans R80 000 vir die voorreg om 'n renoster te skiet. Daarmee kan twee renosters op 'n veiling gekoop word.

Maar dis duidelik dat die manne van die Bophuthatswana Nasionale Park lief is vir hul renosters. Soos Jeff Wilby my met 'n kreukelgesig-glimlag vertel: "Ja, ek is lief vir die renosters. Dit is my geliefkoosde diere. Hulle is net so cheeky. Mens weet nooit wat hulle gaan doen nie." VW

# Só *sinchroniseer* vroue hul 'horlosies'

SELFS SOMMIGE DOKTERS STAAN SKEPTIES JEENS DIE VERSKYNSEL DAT DIE MENSTRUASIESIKLUSSE VAN VROUE WAT NOU SAAMLEEF, METTERTYD SINCHRONISEER. DIS EGTER 'N WERKLIKHEID, SÊ SPESIALISTE.

**ESMA ANDERSON** SKRYF OOR DIÉ, EN ANDER MERKWAARDIGE ASPEKTE VAN MENSTRUASIE

Dis vroeg-oggend in 'n vrouekoshuis. Almal in die gang waar agt vroue nou saamleef, het pas opgestaan. Die deure vlieg oop en agt vroue storm tampon-in-die-hand op die twee toilette af. Hulle menstrueer saam, kry saam pre-menstruele spanning en deel oor die algemeen in mekaar se lief en leed.

Vir baie vroue wat in noue kontak met mekaar is - nie net dié in koshuise nie - is sinchronisasie geen vreemde toeval nie, maar 'n werklikheid.

Die sinchronisasie van siklusse is vir die meeste mans 'n vreemde verskynsel omdat hulle gewoonlik nie veel van menstruasie weet nie. Maar wat van dokters? Menige dokter wat in dié ondersoek genader is, maak die verskynsel af as ouvrou-stories. Baie het nog nooit daarvan gehoor nie en skryf dit toe aan blote toeval.

Vroue wat al 'n sinchronisasie van menstruasie-siklusse ervaar het, het egter nie na te veel swak spioenasie-prente gekyk waarin CIA-agente hul horlosies met teatrale bewegings sinchroniseer vir die groot daad nie.

"Vroue beleef dit werklik - en mediese getuienis staaf dit," sê prof Gerhard Lindeque, hoof van Verloskunde en Ginekologie aan die Universiteit van Pretoria.

In sy boek *The Cycling Female* noem Allan Lein dié uitwerking van die sosiale omgewing op die menstruasie van vroue die sosiaal regulerende faktor.

Presies wat die sosiaal regulerende faktor is en hoe dit werk, is egter geen uitgemaakte saak nie. In die meeste teorieë word gemeen dat die brein betrokke is.

Lindeque sê medici vermoed dat sinchronisasie dalk veroorsaak kan word deur feromone, 'n hormoon wat vroue afskei. Die reuk daarvan val mens nie op nie, maar kan moontlik 'n invloed hê op die afskeiding van die hormone wat die menstruasie-siklus beheer en uiteindelik veroorsaak dat vroue se siklusse verander en sinchroniseer. Vroue se feromone beïnvloed mekaar dus.

Sinchronisasie vind gewoonlik net plaas by kleinerige groepe vroue wat taamlik noue kontak het - 'n kenmerk wat moontlik stimulasie deur die subtiele uitwerking van feromone kan bevestig.

'n Ander hormoon wat vermoedelik 'n soortgelyke uitwerking as feromone het, is melatonien, wat voorkom in die hipotalamus en die hipofise (kliere in die brein). Dié kliere speel 'n baie groot rol in die regulering van die menstruasie-siklus.

Sinchronisasie gebeur dus vermoedelik vanweë die onbewuste uitwerking van stowwe wat afgeskei word. 'n Sensitiwiteit vir dié faktore ontwikkel slegs in spesiale omstandighede, soos wanneer vroue nou saamleef.

Sinchronisasie is ook al waargeneem by rotte (wat nie menstrueer nie, maar wel ovuleer).

Lein beskryf 'n proefneming waarin 'n groep rotwyfies, wat almal van verskillende plekke afkomstig was, in 'n geïsoleerde kamer in 'n stel hokke geplaas is. Die rotte het eers op verskillende tye geovuleer, maar mettertyd het hulle ovulasiesiklusse gesinchroniseer. Ná 'n paar weke het 80 to 90 persent van hulle op dieselfde dag geovuleer.

Die verbasendste inligting oor sinchronisasie is die volgende uitspraak wat Lein in sy boek maak. Na aanleiding van die sentrale rol van die brein in die regulering van die menstruasiesiklus en sinchronisasie, sê hy dat vroue moontlik in die toekoms kan leer om hul siklusse doelbewus te beheer deur pure wilskrag.

Wilde wetenskapsfiksie? "Dit klink te vreemd om waar te wees," sê Lindeque. VW

## G'n *siekte*, maar 'n seën

Vroue sê dikwels dat hulle "siek was" wanneer hulle eintlik bedoel dat hulle gemenstrueer het. Prof Gerhard Lindeque, die hoof van Verloskunde en Ginekologie aan die Universiteit van Pretoria, sê dié beskrywing is volslae onsin.

"Menstruasie is 'n normale liggaamsfunksie wat juis aan vroue bewys dat hulle liggame nog normaal werk.

"Die meeste probleme verbonde aan menstruasie word veroorsaak deur hormoon-wanbalanse, wat nie ernstig is nie."

Dié probleme sluit pynlike menstruasie, oormatige menstruasie, amenoree (afwesigheid van menstruasie - as swangerskap of menopouse nie die oorsaak is nie) en PMS (pre-menstruele spanning) in.

Die meeste vroue ondervind simptome van PMS net voor hulle begin menstrueer.

Algemene simptome is swelling van die borste, 'n lus vir verskillende kossoorte en suiker, mislikheid, irritasie, 'n versterkte of verswakte sekslus, swelling van die laer maaggedeelte, rugpyn, gevoelige borste en hoofpyn.

Die simptome verskil egter van individu tot individu en net die sielkundige simptome soos aggressie en depressie kan moontlik rede tot kommer wees, maar is taamlik skaars.

Lindeque sê 'n moontlike oorsaak van PMS is die verandering in die vlakke van estrogeen en progesteroon (die belangrikste vroulike hormone) wat kort voor menstruasie plaasvind.

'n Ander moontlike oorsaak is dat vroue wat erg aan PMS ly, dalk te min vetsure het, wat veroorsaak word deur 'n prostaglandien-wanbalans.

Swelling van die borste en die laer maaggedeelte word gewoonlik veroorsaak deur waterretensie.

Vroue moet, veral sowat tien dae voor menstruasie begin, kossoorte vermy wat die prostaglandien-vlak laat styg en waterretensie veroorsaak. Dit sluit koffie, sjokolade en koeldranke in wat kafeïen bevat. Sigaretrook kan dit moontlik ook vererger.

'n Gebalanseerde dieet en genoeg oefening kan help om die effekte van PMS te verlig en die liggaam help om van oortollige water ontslae te raak. In sommige gevalle sal anti-prostaglandien steeds gebruik moet word.


'n Aanvullende inname van vesel, vitamine B6, magnesium en nagblomolie word dikwels voorgeskryf.

PMS kan soms sielkundige simptome veroorsaak, maar is 'n fisiologiese en nie 'n sielkundige afwyking nie.

Lindeque sê as vroue hul lewenstyl aanpas, gesonder eet en oefening doen, sal PMS die meeste van hulle waarskynlik nooit ernstig beïnvloed nie.

## die *betekenis* van 'n bos rooi rose

- In antieke samelewings is blomme, veral rooies, gebruik om 'n simboliese verband te wys tussen vroue wat blom (menstrueer) en blomme wat blom (veral bloeisels wat later vrugte vorm). Rooi blomme is as heilig en kosbaar beskou, vandaar die gebruik om rooi blomme aan vroue te gee. Rooi rose is vandag nog baie gewild.
- Jagtersgemeenskappe (voor die ontwikkeling van landbou) het rooi modder om die ingange van grotte gesmeer om te verklaar: "Die aarde is ons moeder."
- Vroue in antieke beskawings het krale aan 'n toutjie geryg om die dae van hul menstruasie-siklusse te tel. Die telraam het waarskynlik hieruit ontwikkel.
- Ander vroue in dié samelewings het ingewikkelde kalenders, baie soos die maankalender, ontwikkel waarop hulle hul menstruasiesiklusse afgemerk het. Die maankalender is waarskynlik hierop gegrond.
- Vroue in antieke beskawings het sade in menstruasie-bloed geweek voor dit geplant is. So is die beginsel van bemesting ontwikkel.
- Die eerste kledingstukke was waarskynlik menstruasiegordels en veseldoeke. Dit is egter nie gebruik vir netheid soos tampons en doekies vandag nie, maar juis om dié kosbare bloed op te vang vir gebruik in die landbou.
- In vroeë samelewings is die menstruasie-dae onderskei van ander dae. In Babilonië is dié dae die *sabbatu* genoem. Die naam "Sabbat" het daaruit ontwikkel en was oorspronklik 'n heilige dag waarop die mag van bloed vereer is.
- Baie rituele wat vandag nog in verskillende godsdienste voorkom, het waarskynlik 'n menstruele oorsprong. By die "Nagmaal van Isis" ('n Egiptiese godin) is brood geëet (graan uit haar liggaam) en melk gedrink (wat uit haar bors gevloei het). Die beker waaruit die nagmaalgangers gedrink het, was in die vorm van 'n vrou se bors. Die beker het ook die baarmoeder verteenwoordig omdat menstruasiebloed in sommige van die seremonies gedrink is.



- Die eerste menstruasie-siklus is so belangrik geag dat vroue in primitiewe samelewings rooi merke op hul liggame aangebring het om dit te vier. Apache-vroue verf hul gesigte rooi, ander Amerikaanse Indiane verf rooi strepe teen hulle bene af, Indiër-vroue het begin om rooi kolle op hul voorkoppe te verf (omdat hulle glo dat dit die setel van die siel is), en by sommige Australiese stamme word vroue se bolywe rooi geverf, terwyl Europese en Amerikaanse vroue rooi kolle om die mond geverf het. Dit is moontlik dat die gebruik van rooi lipstiffie so ontstaan het.
- Mans in die Filippyne, dele van Afrika en Nieu-Guinee boots die bloed-magte van menstruasie na deur die onderkant van die penis oop te sny om soos 'n menstruerende vagina te lyk. Die bloed wat periodiek uit die wond vloei wanneer die wond weer oopgemaak word, word "manlike menstruasie" genoem.
- Besnydenis het aanvanklik ontstaan as 'n manlike ritueel wat menstruasie naboots. Jode glo vandag nog dat die verbond tussen Israel en God bevestig word deur die bloed wat tydens die besnydenis vloei.
- Die Engelse skeldname vir die vroulike en manlike genitalië het ontstaan as name vir mense wat oor menstruasiemagte beskik. "Cunt" is die antieke woord wat dui op die (bloed) mag van die godinne. Dit is later gebruik om vroulike mag te vervloek. "Prick" is in die omgangstaal die woord vir die penis. Die woord simboliseer oorspronklik "toegang tot mag" omdat mans slegs bloed vir bloedmagte kon bekom as die penis geprik word met dorings of ander skerp voorwerpe.
- Vroeë patriarge het eksklusiewe mag verkry deur alle vroulike magsetels te verkleineer. Die Jode en Moslems se beskouing van varkvleis as onrein hou na bewering verband met die feit dat die vark heilig was vir antieke godinne soos die Griekse godin Demeter. Vark is ook die ou Engelse skeldwoord vir vrou. VW

# Talle *mites* oor dié bietjie bloed

'N KOL MENSTRUASIE-BLOED OP DIE KLERE IS VIR BAIE VROUE 'N GROOT VERNEDERING. HULLE IS SKAAM VIR DIE BLOED VAN HUL EIE LIGGAME EN STEEK DIT WEG VIR DIE OOG. DÍT WAT IN ANTIEKE TYE DIE TROTS VAN DIE VROU WAS - HAAR BESONDERE SETEL VAN MAG IN DIE SAMELEWING - HET MET VERLOOP VAN TYD IN 'N "VLOEK" VERANDER. WAAROM HET DIT GEBEUR EN HOE WORD MENSTRUASIE VANDAG GESIEN?

Vroue word al eeue lank vertel dat menstruasie vuil is. "Met 'n normale menstruasie is 'n vrou sewe dae onrein. Enigiemand wat aan haar raak, is die res van die dag onrein," lees mens in Levitikus 15:19. Baie vroue noem menstruasie tot vandag toe "Die Vloek".

In vroeë beskawings is menstruasie egter as heilig beskou omdat dit 'n simbool was van die lewegewende vermoë. Die mag om lewe te skenk, was die belangrikste mag in dié samelewings.

Juis daarom is "Moeder" vandag nog vir sommige tradisionele Amerikaanse Indiane die hoogste eretitel in die samelewing. Mans word "Moeder van almal" genoem as hoogste eerbetoon.

Sommige vroeë samelewings het gemeen dat die embrio tydens swangerskap uit die bloed van die baarmoeder gevorm word, want menstruasie-bloed vloei nie meer as 'n vrou swanger is nie.

Menstruasie is met die natuur vergelyk: net soos bloeisels blom om later vrugte te vorm, bloei vroue om later die vrug van die lewe (kinders) voort te bring. Moeders het 'n analogie vertel aan jong meisies wat vir die eerste keer menstrueer om menstruasie en geboorte aan hulle te verduidelik. Hulle het gesê 'n vrou vorm 'n baba uit haar eie vlees en bloed, net soos Moeder Aarde mense maak met haar vlees, naamlik die graan wat mense eet om te leef.

Menstruasie was nie net belangrik omdat vroue kinders kon baar nie. Die Amerikaanse Indiane beskou geboorte en menstruasie tradisioneel as die bron van en model vir alle rituele towerkragte. Volgens hulle kan geen ander mag dit oortref nie.

'n Antieke woord vir menstruasie is *tapua*, 'n Polinesiese woord wat waardevol, heilig en betowerend beteken. Dié woord het later verander in *taboe*. Amerikaanse Indiane beskou menstruasie as die "water van die lewe" en omdat dit heilig is, word dit taboe genoem. Dit wat taboe is, mag nie aangeraak word deur enigiemand wat swakker is as daardie mag nie.

Menstruasie is beskou as die tyd wanneer vroue 'n besondere magsperiode beleef. 'n Vrou se mag was in dié tyd só groot dat sy alle towerkragte ongedaan kon maak - vandaar die gebruik by Amerikaanse Indiaanse gemeenskappe om menstruerende vroue van sekere rituele uit te sluit. Dit is later deur Westerlinge as diskriminasie teen menstruerende vroue beskou, omdat hulle (soos in Levitikus) as "onrein" gesien is.

By verskillende tradisionele rituele van die Indiane word egter verskillende sektore van die gemeenskap uitgesluit om 'n bepaalde tower-effek teweeg te bring. Mans word ook soms by rituele verbied.

In baie van die antieke beskawings het godinne die godsdienstige rituele oorheers. Die meeste van dié godinne se name is afgelei van woorde soos baarmoeder en vulva (skaamspleet). Die godin *Hera* se naam het "Baarmoeder" beteken.

Die opkoms van manlike gode met die opkoms van die patriargale samelewing illustreer 'n verandering in die persepsie van menstruasie. Die god *Hero* se naam het byvoorbeeld "manlike baarmoeder" beteken. Die beste voorbeeld is sekerlik Hercules.

Een van die take van Hercules was om die magte van die moeders oor te neem deur die vroue-lyfband (wat die menstruasie-magte van die vrou simboliseer) te steel by Hippolyta, die koningin van die Amasone.

Uit jaloesie op die bloed-magte van vroue het mans menstruasie begin naboots.

In sommige van die ou gemeenskappe het mans die onderkant van die penis oopgesny om soos 'n menstruerende vagina te lyk as dit teen die maag opgehou word. Die bloed wat uit die wond vloei, is "manlike menstruasie" genoem.

Dié gebruik is later aangepas as besnydenis.

In sommige gemeenskappe in Afrika word menstruerende vroue na menstruasie-hutte verban, omdat hulle glo "gevaarlik" sou wees, veral vir mans. Vroue wat menstrueer, mag byvoorbeeld ook nie aan kos raak wat ander mense moet eet nie omdat "dit skielik vrot sal word en hulle sal vergiftig".

Dié vrees is steeds 'n mate van erkenning van die magte wat vroeër aan menstruasie geheg is. Die magte is egter nie meer lewegewend nie, maar gevaarlik en selfs dodelik. Dié siening het waarskynlik ontstaan omdat mans bang was dat hul mag in die patriargale samelewing bedreig kan word.

In die patriargale Westerse wêreld het die beskouing van menstruasie as "onrein" nie veel te doen gehad met huishouding of higiëne nie. Dit was 'n metode om vroue se magte te verminder. So word die besnydenis deur die Jode ironies genoeg as higiënies beskou, terwyl menstruasie as onrein beskou word.

'n Nuwe mag het verrys: die manlike held en die "heroïek" (afgelei van Hero). Omdat mans hul bloedmagte slegs kon verkry van bloed uit wonde gemaak met messe, swaarde, dorings en dergelike instrumente, is 'n kultus van dapperheid gebou rondom die pyn en trauma wat dit behels. ("Mens moet bloed kan vat soos 'n man.")

'n Omgekeerde kultus is geheg aan menstruasie (wat ook soms pyn behels). Vroue wat menstrueer, is swak genoem. So is menstruasie verander in 'n "wond" en word vandag nog dikwels gesê dat vroue "siek" is as hulle menstrueer.


Tot taamlik onlangs moes vroue in die bed lê tydens menstruasie en kon hulle nie bad, swem, hare was of huishoudelike take verrig nie. Menstruasie was 'n tyd van swakheid en vroue moes versigtig wees dat hulle hulle nie "ooreis" nie en nie "koue vang" nie.

Vandag word al dié ou gebruike gelukkig as onsin beskou. Menstruasie word gesien as 'n normale biologiese funksie van die vrouliggaam, 'n tyd waarin sy normaal kan voortgaan met haar lewe.

Vroue hoef nie meer te dink dat hulle vervloek is as hulle menstrueer nie. Selfs nie eens PMS (pre-menstruele spanning) hoef so verskriklik te wees soos dit voorgestel word nie.

Miskien sal vroue in die toekoms selfs weer voel dat menstruasie "spesiaal" is.

Stel jou die situasie voor waar 'n vrou vroeg in die oggend opstaan en sê "jippie" met die begin van haar siklus en nie "dêmmit, nie alweer nie". Mens weet nooit. VWB



### IF MEN COULD MENSTRUATE

*The characteristics of the powerful, whatever they may be, are thought to be better than the characteristics of the powerless - and logic has nothing to do with it.*

*What would happen, for instance, if suddenly, magically, men could menstruate and women could not?*

*The answer is clear - menstruation would become an enviable, boast-worthy event:*

*Men would brag about how long and how much.*

*Boys would mark the onset of menses, that longed-for proof of manhood, with religious ritual and stag parties.*

*Congress would fund a National Institute of Dysmenorrhea to help stamp out monthly discomforts.*

*Sanitary supplies would be federally funded and free. (Of course, some men would still pay for the prestige of commercial brands such as John Wayne Tampons, Muhammad Ali's Rope-a-dope Pads, Joe Namath Jock Shields - "For Those Light Bachelor Days", and Robert "Baretta" Blake Maxi-Pads.)*

*In fact, if men could menstruate, the power justifications could probably go on forever.*

('N UITTREKSEL UIT GLORIA STEINEM SE ARTIKEL "IF MEN COULD MENSTRUATE" IN MS - 'N FEMINISTIESE TYDSKRIF IN DIE VSA)

### MENSTRUASIE IN 'N NEUTEDOP

Die menstruasie-siklus begin op die eerste dag van menstruasie en eindig die dag voordat menstruasie weer plaasvind. Die meeste vroue se siklusse duur tussen 22 en 35 dae, maar is gewoonlik 28 dae lank.

Min of meer die volgende gebeur in elke siklus:

Die hipotalamus ('n klier in die brein) prikkel die hipofise (die pituïtêre klier aan die onderkant van die brein) om die hormoon FSH (follikel-stimulerende hormoon) af te skei in die eerste deel van die siklus.

Follikels (amper soos waterblasies aan die eierstok waarin die eiersel ontwikkel) groei vanweë FSH-stimulasie en vervaardig groot hoeveelhede estrogeen.

Die estrogeen stimuleer die wand van die baarmoeder sodat selle opbou en 'n voering vorm, wat weer die hipotalamus en hipofise stimuleer om die LH-hormoon (luteïniseringshormoon) af te skei.

Weens die stimulasie van LH, kom die eiersel uit die mees ontwikkelde follikel en word afgeskei op dag 14. Die wande van die follikel verander, word dik en vervaardig progesteroon (buiten estrogeen, wat steeds afgeskei word).

Die progesteroon maak die voering van die baarmoeder sag en ontvanklik vir swangerskap. As swangerskap nie plaasvind nie, sterf die oorblyfsels van die follikel en vervaardig nie meer progesteroon en estrogeen nie.

Die voering word nie meer gestimuleer nie, gaan dood en breek af as menstruele afskeiding. Weens die daling van estrogeen- en progesteroon-vlakke, word FSH weer afgeskei en die siklus begin van voor af.

Net 'n derde tot die helfte van die menstruasie-uitskeiding bestaan uit bloed. Die res bestaan uit die dooie selle van die voering. VWB

# ‘n *Renaissance* vir die Indiane



'N TONEEL UIT DIE CHEROKEE-AFSTAMMELING KEVIN COSTNER SE BEKROONDE ROLPRENT DANCES WITH WOLVES. DIE ENORME GEWILDHEID VAN DIÉ PRENT WEERSPIEËL DIE NUWE AANSIEN WAT DIE INDIANE IN AMERIKA GENIET

NIE TE LANK GELEDE NIE WAS DIE INDIANE SE AANSIEN MAAR LAAG BY HUL AMERIKAANSE LANDGENOTE. DEESDAE IS DIT EGTER BYNA 'N STATUSSIMBOOL OM 'N INDIAAN TE WEES - SOOS DIE GEWILDHEID VAN DIE ROLPRENT *DANCES WITH WOLVES* PAS ONDERSTREEP HET. **JOHAN BRUWER** KYK NA DIE GROOT OPBLOEI VAN DIE INDIAANSE KULTUUR WAT DIE LAASTE JARE PLAASGEVIND HET

Die dawerende applous en die rits Oscars waarmee Amerika Kevin Costner se rolprent *Dances with Wolves* begroet het, onderstreep die enorme verhoging in maatskaplike status wat die land se oudste inwoners, die Indiane, die laaste jare ervaar.

Tot dertig jaar gelede is die Indiane - wat in die 19e eeu deur regeringsoldate uit die grootste deel van die land verdryf is om plek te maak vir die Westerse “beskawing” - nog wyd beskou as uitgeworpenes van die Amerikaanse samelewing, “leegleërs” wat hul dae omdrink in die reservate. Hul landgenote het hulle maar min gesteur aan die verbrokkeling van die Indiaanse kultuur.

Vandag geniet die Indiane aansien as simbool van die Amerikaanse samelewing se herontdekking van sy wortels en waardering van sy kulturele veelsydigheid. Dis nou hoogmode om 'n Indiaan te wees. Costner self het hom in die reklame vir *Dances with Wolves* op sy Cherokee-afkoms geroem.

'n Nuwe, omgewingsbewuste geslag vereer die Indiane as die eerste “groenes” van die vasteland, mense wat in harmonie met die natuur gelewe het. Die kinders van die verbruikerskultuur bewonder die Indiane se oorspronklike leefwyse - veral die perderuiters en jagters van die vlaktes - ook as uitdrukking van die persoonlike vryheid en menswaardigheid wat die Amerikaanse Droom nastreef.

Ná *Dances with Wolves* stroom duisende mense nou na die reservate om nader kennis te maak met die Indiane se kultuur en godsdiens - wat die kapitalistiese materialisme verwerp. (Die Indiane glo byvoorbeeld nie aan individuele grondbesit nie: volgens hulle behoort die aarde aan almal.)

Die Indiane se nuwe gewildheid weerspieël egter ook 'n omwenteling wat die laaste dertig jaar in hul eie geledere plaasgevind het - die landwye hergeboorte van die Indiane se selfrespek en trots op hul eie kultuur. Sommige antropoloë praat van 'n “renaissance” van Indiaanse tradisies.

Dié hernieude trots is op 'n merkwaardige manier onthul - sedert die 1960-sensus tot die 1990-sensus het die amptelike Indiaangetalle in Amerika meer as verdriedubbel.

Volgens die sensussyfers was daar 524 000 Indiane in 1960; 793 000 in 1970; 1 364 000 in 1980; en 1 800 000 in 1990. (Daar was sowat 'n miljoen Indiane in Noord-Amerika toe die eerste Spaanse setlaars in die 16e eeu begin aankom het. In 1900 het die Indiaangetalle weens die oorloë van die 19e eeu, armoede en siekte 'n laagtepunt van 237 000 bereik en het dit gelyk of hulle kan uitsterf.)

Sensus-ontleders stem saam dat die enorme toename van Indiane, sedert 1960 tot verlede jaar onmoontlik aan 'n natuurlike aanwas (geboortes minus sterftes) toegeskryf kan word. 'n Groot rede vir die “toename”, sê hulle, is dat al hoe minder Indiane skaam is om hulself as “American Indian” te beskryf. Die grootste toename is nie in die reservate nie, maar in die stede - waar baie Indiane hulself vroeër op die sensusvorms waarskynlik as “wit” of “swart” beskryf het.

Die Indiane se nuwe trots het gegroei uit die hernieude stryd om burgerregte wat hulle ná die Tweede Wêreldoorlog saam met ander veronregte minderheidsgroepe aangeknoop het. Die gevoel van veronregting in hul eie vaderland is waarskynlik verskerp deur die oorlog, waarin talle Indiane - en swart Amerikaners - heldedade verrig het. (Op die beroemde foto van die groep soldate wat die Amerikaanse vlag op Iwo Jima hys - die foto wat as model vir 'n oorlogsmonument gebruik is - is die agterste soldaat met sy arms omhoog 'n Indiaan, Ira Hayes van die Pima-stam. Ná die oorlog is hy as alkoholis dood in 'n samelewing waarmee hy hom nie kon versoen nie.)

In die middel-sestigerjare het Indiaanse aktiviste 'n “Indian Power”-beweging naas die “Black Power”-beweging aangemoedig. Landwyd het Indiane hul landgenote se aandag begin vestig op die grootskaalse onteiening van hul grondgebied wat hulle in die 19e eeu moes ervaar, en op die Amerikaanse regering se verontagsaming van die beloftes

wat gemaak is in verdrae wat dikwels onder valse voorwendsels gesluit is.

In 1969, byvoorbeeld, het 'n groot groep Indiane - verteenwoordigers van die Sioux, die Winnebago, die Blackfoot, die Apache, die Navajo, die Cheyenne, die Iriquois en ander stamme - die verlate eilandgevangenis Alcatraz in San Francisco-baai beset. Dié eiland, het hulle gesê, is 'n deel van die heilige moeder aarde wat wederregtelik by hul voorvaders afgeneem is, en nou as oorbodig deur die witmense verwerp is. Hier sou hulle 'n geestessentrum, 'n ekologiese sentrum en 'n opleidingsentrum oprig.

Met 'n ironiese humorsin het hulle "die Groot Wit Vader" 24 dollar se glaskrale en rooi lap aangebied - die prys wat die setlaar Peter Minuit die Indiane van Manhattan in 1626 vir hulle eiland betaal het.

Negentien maande lank het die regering onderhandel, gewaarsku en gedreig. Toe is die eiland kragdadig ontruim. Talle soortgelyke betogings het gevolg. In 1972 het die American Indian Movement (AIM) 'n protesoptog genaamd "The Trail of Broken Treaties" na Washington gelei. Die jaar daarop het AIM die dorpie Wounded Knee in Suid-Dakota 71 dae lank beset en die grond teruggeëis wat teenstrydig met regeringsverdrae by die Indiane afgeneem is.

Bittere herinneringe is opgeroep. By Wounded Knee is die Indiane se vlaktebestaan in 1890 finaal deur Amerikaanse soldate verpletter in 'n gruwelike vertoon van geweld. 'n Eenheid van 500 berede soldate het 'n groep van sowat 350 "verdagte" Hunkpapa Sioux - twee derdes was vroue en kinders - in hegtenis geneem. Met vier Hotchkiss-snelvuurkanonne op die Indiane gerig en met die soldate in 'n kring om hulle, is die Sioux-mans een vir een ontwapen. Een het glo 'n skoot afgevuur. Die soldate het losgebrand en binne enkele minute al die Indiane doodgeskiet. Van die soldate is 29 oorrompel en doodgemaak.

In die laaste jare het die Indiane groot suksesse begin behaal met die voorlegging aan die federale howe van hul eise om vergoeding en om die reg tot selfbeskikking. Die jurisdiksie van stamme oor hul grond en hul mense is bevestig. Miljoene dollar is al toegewys aan stamme wat van hul grond ontneem is. Hul visvang-, jag- en houtkapregte is herstel. En onlangs het die Hooggeregshof die Indiane se reg tot selfbeskikking bekragtig en die magte van staatsowerhede in Indiaanse gebiede beperk.

Waar voorheen aansienlike verdeeldheid onder Indiaanstamme was, het 'n nuwe eenheid na vore gekom. In Maart verlede jaar het 28 stamme in Salt Lake City 'n verdrag onderteken waarvolgens hulle gesamentlik sal optree teen aanvalle op hul kultuur en enige bedreiging van die verdragsregte wat deur die Hooggeregshof se onlangse bevindinge bekragtig is.

Al hoe meer Indiane meen dat die stryd om hul regte nou van die howe na die regering moet verskuif. Hulle wil nie meer stry oor die vertolking van ou, dikwels dubbelsinnige verdrae nie. Hulle wil hê hul regte moet ondubbelsinnig omskryf word in nuwe wetgewing.

Die regering het al verskeie stappe gedoen om die Indiane se materiële en kulturele regte te beskerm. In 1989, byvoorbeeld, is die Smithsonian Institute - die reusagtige museum in Washington - deur wetgewing gemagtig om die stoflike oorskot van 18 500 Indiane terug te besorg aan die stamme wat hul ontslape voorvaders kon uitken. Wetgewing is in die vooruitsig wat argeoloë verbied om menslike oorblyfsels uit regeringsgrond te verwyder. Die Indiane sal die stoflike oorskot van hul voorvaders in hul eie grondgebiede mag herbegrawe.

Ingevolge die 370 verdrae wat die Amerikaanse regering in die 19e eeu met die verskillende Indiane-stamme gesluit het, is dit die regering se plig om in ruil vir die grond wat hy van die Indiane geneem het, die Indiane se oorblywende grond en hulpbronne te beskerm.

Sedert 1824 het die Bureau of Indian Affairs die administrasie van Indiaanse grondgebiede beheer. Met hul hernieude reg tot selfbeskikking administreer al hoe meer stamrade self hul grond en hul mense - met eie polisiemagte, skole en howe waarin geringe oortredings verhoor word.

Die Indiane belewe nou ook 'n ekonomiese opbloei namate hulle hul reservate oopstel vir die vestiging van nywerhede en op hul beurt ondernemings in die Amerikaanse sakewêreld begin vestig. Dergelike ondernemings word kollektief deur stamme besit.

'n Sakeman van die Oneida-stam van Wisconsin voorspel dat daar 'n ekonomiese wisselwerking tussen die Indiaanse kultuur en die verbruikerskultuur sal ontstaan. "My persoonlike opinie is dat 'n nuwe soort stam-ekonomie in die volgende vyf tot tien jaar sal ontwikkel. Dit sal 'n kruisteling wees - nòg sosialisme nòg suiwer kapitalisme, maar 'n stamekonomie met 'n sterk middelklas."


Die Indiane ervaar egter nog 'n groot agterstand teenoor hul landgenote wat gesondheid, welvaart en opvoeding betref. In 1984 was die werkloosheidsyfer by Indiane 39 persent - vyf keer meer as die landwye gemiddelde. Byna 'n kwart van Indiaanse gesinne lewe onder die broodlyn. Suikersiekte, longontsteking, griep en alkoholisme eis twee keer soveel Indiaanse lewens as ander Amerikaanse lewens.

VW

DIE INDIANE HET VERSKEIE TEKENTALE GEBRUIK. 'N ENKELE VEER IN 'N DAKOTA-KRYGER SE HOOFTOOISEL HET SY STATUS AS VEGTER AANGEDUI, SOOS IN DIÉ SKETSE




Het 'n vyand doodgemaak




Het 'n vyand se keel afgesny en sy kopvel afgeslag



Is talle kere verwond



Was die vierde kryger wat 'n gevalle vyand getref het



Was die vyfde kryger wat 'n gevalle vyand getref het

## INDIANE 30 000 JAAR IN AMERIKA

Die "Indiane" van Amerika kry dié naam van Christopher Columbus. Die Spaanse seevaarder het in 1492 uit Spanje vertrek op soek na 'n Weswaartse seeroete na Asië. Ses weke later, toe hy op die Amerikaanse vasteland aan wal stap, het hy gedink hy is in Indië.

Toe noem hy die mense daar "los Indios" - Indiane. Die latere Engelse setlaars het die naam "Indians" behou.

Dié enkele naam verwys na 'n klomp verskillende groepe mense. In Columbus se tyd het die Indiane in Noord-Amerika en Kanada meer as 300 tale gepraat. (Van die tale word tussen 50 en 100 vandag nog gepraat.) Die sowat miljoen Noord-Amerikaanse Indiane van Columbus se tyd was in betreklik klein groepe as afsonderlike stamme oor die hele vasteland versprei.

Wetenskaplikes meen dat die Indiane sowat 30 000 jaar gelede in die laaste Ystyd uit Asië deur Siberië na Noord-Amerika gekom het. Destyds het die seevlak gedaal omdat die oseane grootliks bevrore was. 'n Landbrug is tussen Siberië en Alaska drooggelê en die mense het waarskynlik as jagters die grootwild oor die brug gevolg. Die laaste groep wat oor die brug gekom het, was die Eskimo's.

Mettertyd het die Indiane vermeerder, hulle by verskillende omgewings aangepas en uiteindelik tot aan die suidpunt van Suid-Amerika versprei. Die verskillende groepe het uiteenlopende leefwyses gehad. Die Pueblo in die suidweste van Amerika het byvoorbeeld in bedrywige dorpe gewoon en veelverdiepinghuise gedeel wat van kleibakstene gemaak is. Hulle het met mielies en groente geboer.

Daarenteen het die ruiters en jagters wat 'n meer nomadiese bestaan op die Amerikaanse vlaktes gevoer het - soos die Sioux - vandag die gewildste versinnebeelding van "die Indiaan" geword.

Toe die eerste setlaars in die 16e eeu uit Spanje, Frankryk en Nederland begin aankom, het die Indiane vrygewig hul grond en hul voedsel met die nuwelinge gedeel. Sonder die Indiane se hulp sou die Pilgrims, 'n groep Britse setlaars wat in 1620 in die Mayflower aangeland het, nie hul eerste winter op die nuwe vasteland oorleef het nie. Tot vandag toe word die Indiane se gulhartigheid herdenk op Thanksgiving Day.

Twee eeue later, in 1830, het die Amerikaanse regering 'n wet uitgevaardig, die Indian Removal Act. Kragtens dié wet moes al die Indiane oos van die Mississippi na die weste van die rivier verskuif word. Die vreedsame Cherokees is met geweld gedwing om hul wonings te verlaat en weswaarts na Oklahoma te trek. Op dié moeilike reis van vier maande - "The Trail of Tears" - is 4 000 dood: 'n kwart van die Cherokee-nasie.

Met die verloop van die 19e eeu het die Amerikaanse grondgebied weswaarts uitgebrei na onder meer Texas en Kalifornië, wat van die Mexikane verower is. In 1849 is goud in Kalifornië ontdek. Eers het die Indiane toegelaat dat goudsoekers en setlaarswaens deur hul gebiede weswaarts beweeg. Maar toe begin die setlaars hulle op die Amerikaanse vlaktes vestig, in die hart van die Indiane se gebied. Teen 1869 het 'n spoorlyn van kus tot kus deur die vasteland gesny.

Waar in 1850 nog 50 miljoen Amerikaanse buffels op die vlaktes was, was daar in 1885 byna nie een nie. Talle Indiane - soos die Sioux - was vir hul bestaan afhanklik van dié dier.

Aanvanklik is 'n wankelrige vrede deur verdrae bewaar. Maar in 1871 het die regering besluit dat 'n verdrag nie die gepaste manier is om die betrekkinge tussen witmense en Indiane te beheer nie en dat geen Indiaan-stam of -nasie as 'n onafhanklike nasie of gesag erken mag word nie. Ooreenkomste is steeds as "verdrae" bewoord, maar hulle was in werklikheid wette wat die gedrag van individue beheer het. Die regering het die Indiane van die vlaktes begin dwing om hul tradisionele leefwyse te laat vaar en uitsluitend in reservate te gaan bly.

Talle Indiaan-stamme het hulle hierteen verset deur die wapen op te neem in 'n reeks oorloë wat tot 1890 sou duur. Die Amerikaanse kavalrie het 'n paar groot neerlae gely. In "Custer's Last Stand", byvoorbeeld, is by die Little Big Horn-rivier in 1876 'n ganse kompanie berede soldate uitgewis. Die Indiane van die vlaktes het weens die verdwyning van die Amerikaanse buffels egter aan hongersnood gely. Uiteindelik het hulle hulle oorgegee en in die reservate gaan bly.

In 1890 was daar 'n laaste opwelling van onrus in die reservate. 'n Messiaanse beweging het ontstaan, waarin talle Indiane oortuig was van die herstel van hul oppergesag oor hul grondgebied en die opstand uit die dode van die krygers van ouds. (Dit herinner nogal aan die visoenêre beweging wat Nonqause in die 19e eeu onder die Xhosa's in Suid-Afrika besiel het.) Die aanhangers van die beweging het 'n "Spookdans" uitgevoer. Dié mense het uit die reservate begin beweeg. Toe 'n groep van sowat 350 van hulle by Wounded Knee in Suid-Dakota deur berede soldate afgemaai is, het die Indiane se hoop gekwyn.

'n Lang tyd van verwaarlosing het gevolg. Eers in 1924 het die regering - uit erkenning vir die Indiane se rol in die Eerste Wêreldoorlog - alle Indiane binne Amerikaanse grondgebied tot landsburgers verklaar.


In 1934 het die Indiane se pad na groter selfbeskikking begin deur die magtiging van eie regerings. 'n Einde is ook gemaak aan die beleid om Indiane aan te moedig om hul tradisionele kultuur en godsdiens te laat vaar.

In 1946 het die regering die Indian Claims Commission ingestel om klagte weens onregverdige behandeling of bedrog aan te hoor. In die 32 jaar dat die kommissie in werking was, het hy 818 miljoen dollar aan vergoedingsgelde toegeken. Stadigaan het die regering die onregte van die verlede begin aanspreek.

VW

BRONNE:
THE WORLD OF THE AMERICAN INDIAN, REDAKTEUR: JULES B BILLARD, NATIONAL GEOGRAPHIC SOCIETY, WASHINGTON 1974.
THE AMERICAN HERITAGE BOOK OF INDIANS, REDAKTEUR: ALVIN M JOSEPHY JR, AMERICAN HERITAGE-UITGEWERY, 1961.
"TRIBAL IMPERATIVES", NATIONAL JOURNAL, 6/9/1990.
"THE NATIVE AMERICAN", US INFORMATION AGENCY.
"INDIAN PRIDE BUILD INDIAN BUSINESS", US INFORMATION AGENCY.
SENSUSSYFERS VAN DIE AMERIKAANSE REGERING.

# Die *geboorte* van 'n volksheld



SOLOMON MAHLANGU SE MA, MARTHA MAHLANGU (HEEL LINKS), WINNIE MANDELA EN CHRIS HANI OP KERKPLEIN

## SOLOMON MAHLANGU, DIE EERSTE ANC-GUERRILLA WAT TER DOOD VEROORDEEL EN OP 6 APRIL 1979 GEHANG IS, WORD NOU AS VOLKSHELD VEREER. INA VAN DER LINDE DOEN VERSLAG

Die datum 6 April, of "Stigtingsdag", gaan waarskynlik 'n permanente openbare vakansiedag in Suid-Afrika bly. Maar nie omrede Jan van Riebeeck se koms na dié land op dié dag nie - eerder omdat Solomon Mahlangu die eerste ANC-guerrillavegter was wat op dié dag tereggestel is.

Terwyl Van Riebeeck-feeste in Suid-Afrika onder Afrikaners aan die uitsterf is, het die oënskynlik gehoorsame, naïewe skoolseun van Mamelodi twaalf jaar ná sy teregstelling in die Pretoria Gevangenis, in die volksmond 'n statuur bereik wat groter is as die geskiedenis.

In die woorde van Chris Hani, MK-stafhoof van die ANC Saterdag op Kerkplein: "Hy was net 'n onskuldige seun wat tereggestel is bloot omdat hy gekant was teen apartheid en rassisme. Ons sal vergewe, maar nie vergeet nie."

Die aanloop tot Mahlangu se teregstelling was as volg: Op 13 Junie 1977 word hy en twee makkers, Mondy Motloung en Lucky Mahlangu (geen verwantskap nie), in Diagonaalstraat, Johannesburg agtervolg omdat lede van die publiek wapens by hulle gewaar het.

Hulle vlug in Gochstraat af tot by die motorhawe en voorradedepot van John Orr, waar hulle agter 'n pilaar skuil. Verskeie skote word met Scorpion-outomatiese pistole gevuur. Daarna beweeg hulle in die motorhawe in, en verskeie skote word op vier witmense in 'n teekamer gevuur. Ken Wolfendale, 22, en Robert Kassner, 64, word doodgeskiet en nog 'n man word gewond.

Lucky Mahlangu het ontsnap en is nooit weer gesien nie. Solomon Mahlangu en Motloung is op die toneel gevang. Motloung, wat volgens getuienis in die hof die skote afgevuur het wat Kassner en Wolfendale getref het, het breinbeserings op die toneel opgedoen en is medies ongeskik verklaar om verhoor te word. Hy is sedertdien in 'n inrigting vir geestesversteurdes.

Mahlangu, wat volgens getuienis nooit 'n skoot afgevuur het nie, is 'n jaar later ter dood veroordeel ingevolge die omstrede regsbeginsel van "gemeenskaplike oogmerk" om moord te pleeg.

Byna 'n jaar ná sy vonnis het politieke ondersteuners nog om Mahlangu se lewe geveg. Aansoeke en petisies is aan hoofregter FL Rumpff gerig en aan die destydse Eerste Minister, John Vorster. Ook later aan PW Botha. Versoeke dat die doodsvonnis versag word, het van reg oor die wêreld gekom. Van die Amerikaanse presidentskandidaat George McGovern, Britse vakbondunies, die regerings van Brittanje, Holland, Wes-Duitsland, België, Denemarke en Frankryk.

Op 6 April 1979 is hy by Pretoria Sentraal gehang. Hy is sonder die medewete van sy familie en vriende deur die gevangenisowerhede in Atteridgeville begrawe. En 'n nuwe volksheld is gebore.

VW

# Twaalf jaar se verdriet

Na twaalf jaar is Martha Mahlangu by praat verby. Sy kyk nukkerig op wanneer 'n verslaggewer by die agterdeur aanklop kom. "I can not speak English," sê sy.

Haar dogters wat saam om die woonkamertafel sit, staan ongemaklik op. Twee dae na die herdenking van haar seun se galgedood is haar oë nog dik gehuil. Dis asof dit elke jaar net erger word.

Sy skuif-skuif die rol verbleikte geel toiletpapier, halfpad afgerol, wat voor haar op die tafel staan. Oor die tafel is 'n wit lap met 'n netjiese kruissteekpatroon. Die televisie in die hoek werp 'n blou lig in die vertrek.

Dan staan sy op uit haar stoel, sê op pront Afrikaans, byna vererg: "Ek voel soos enige ma sal voel as hulle dit aan haar kind gedoen het."

Aan die muur hang drie verbleikte portrette, in die middel 'n foto van die 22-jarige Solomon wat gereeld in koerante verskyn het tydens die hofsaak bykans 13 jaar gelede. Regs is hy nog 'n jong seuntjie.

"Ek wil nie meer daaroor praat nie. Alles wat die koerante kon skryf, het hulle reeds geskryf. Vir jare al kom mense sommer by die deur in en wil met my praat. Nou praat ek nie meer nie." Die stemtoon is verwytend.

Sy lyk heelwat ouer as die foto's wat tydens die hofsaak van haar geneem is waar sy dae lank, gebreide mus op die kop, kom luister het en na Solomon in die beskuldigde-bank gestaar het, sy gesig in haar geheue gegraveer.

"Ek is ook nie gesond nie. Ek sukkel met hoë bloeddruk en my hart." Sy is 66 jaar oud.

Saterdag was sy van tienuur af al op haar voete. Dié was later seer en geswel van al die staan, eers op Kerkplein en later by die Pretoria Gevangenis - dié plek waar Solomon gehang is.

"Saterdag was glad nie 'n lekker dag nie. Dit het my net weer al die dinge laat onthou."

Soos Solomon se angs voor sy dood. In 'n sielkundige verslag om vir begenadiging te pleit, het 'n sielkundige aan PW Botha geskryf: "Solomon Mahlangu is baie bang vir die dood... Hy bid en lees die Bybel. Hy dink baie oor Psalm 23. Veral oor die Vallei van Doodskaduwee."

Troos dit haar dat haar seun as 'n held beskou word en dat daar verlede Saterdag 'n monument in Moretelepark in Mamelodi ter ere van hom opgerig is?

"Troos? Wat se troos is dit?" Sy trek 'n stuk papier van die toiletrol af en snuit haar neus.

Daar is eerder 'n magtelose woede wat maar elke keer opstuif. Veral oor die dag toe honderde familielede en vriende 'n begrafnis bygewoon het wat nooit plaasgevind het nie.

'n Week voordat Solomon gehang sou word, het hulle met 'n nagwaak by haar huis begin. Die Gevangenisowerheid het belowe om 'n uitsondering te maak. Solomon sou nie soos ander gevangenes wat 'n galgedood gesterf het, in 'n armmansgraf begrawe word nie.

Die nodige begrafnisgelde is betaal. Beeste, 'n skaap en hoenders is geslag. Die dag waarop hy gehang is, het hulle op sy liggaam gewag. Familielede het gesê die mense van die Gevangenis sou sy lyk by die kerk kom aflaai. Die lyk het nooit opgedaag nie.

Ure later het die Suid-Afrikaanse Polisie by die begraafplaas opgedaag en die begrafnisgangers beveel om uiteen te gaan. Die liggaam gaan nie afgelewer word nie, het hulle gesê, en die begrafnisgangers met traanrook en knuppels uitmekaar gejaag.

Dae later eers sou sy hoor dat terwyl hulle by die kerk op Solomon se liggaam gewag het, die gevangenisowerheid hom by Atteridgeville, aan die ander kant van die stad, in 'n armmansgraf begrawe het.

INA VAN DER LINDE VW

# t e r *s u i d e*

Die warmste skinderstorie van die week kom uit regse geledere: *Vrye Weekblad* is eintlik 'n front vir die regering!

Dis 'n variasie van 'n vroeëre storie uit dié kringe, naamlik dat *Vrye Weekblad* 'n front vir Militêre Inligting is. Maar toe VWB die BSB en MI so behoorlik opdonder, toe verdwyn dié verhaal.

Nou sê die regses die regering gee geld aan die Hollandse Anti-Apartheidsbeweging om na VWB gekanaliseer te word. VWB is selfs gewaarsku dat die bewyse hiervoor binnekort in een van die regse publikasies gaan verskyn. Wil iemand dit nie vir Lothar Neethling of Klaus von Lieres vertel nie?

By *Vrye Weekblad* was daar net een reaksie: as dit waar is, staak ons sommer van volgende week af vir hoër lone!

•

"Ek is nie bereid om in die pad te staan van die toekoms van 'n nuwe Suid-Afrika nie. As ek persoonlik in die pad is, sal ek my posisie heroorweeg." Dis Adriaan Vlok aan die woord. Ai, as hy net bedoel het wat hy sê, dan was ons dalk ontslae van hom!

•

"Die kabinet word saamgestel deur die Staatspresident. Dit is sy span. Ek is deel van dié span. As ek op enige wyse 'n struikelblok vir die span word, sal ek bedank op die versoek van die Staatspresident." Nou's dit weer Magnus Malan aan die woord. Wat se nare goed weet Magnus van sekere kabinetslede dat FW nog nie dié versoek gerig het nie?

•

So van Neethling gepraat. Ná die eerste Kriegler-uitspraak is daar wyd gesê die man se regspan het drooggemaak, dis waarom Vrye Weekblad gewen het.

En toe kry die generaal nuwe prokureurs en boonop vir Fanie Cilliers, een van die land se top-advokate. En toe duik die generaal weer. Dit moet iets beteken, dan nie?

•

Daar is 'n nuwe resep om gou baie geld te maak: wees swart en gematig sonder om 'n puppet te wees, en die Weste en die sakesektor sal jou seën met miljoene.

Oscar Dhlomo het glo onlangs 'n jong akademikus genader om vir sy nuwe instituut te werk en hom R14 000 'n maand aangebied. Dit beteken Oscar se regterhand, Saths Cooper (ja, hy wat vroeër die Azapo-leier was), verdien seker heelwat meer, en wat verdien Oscar dan?

•

Onder die kos wat die Amerikaners nou met valskerms vir die arme Koerde in Iran afgooi, is daar kougom en toiletpapier.

Dit moet iets sê...


•

Gehoor wie is Suid-Afrika se eerste diplomatieke verteenwoordiger in Moskou? Gerrit Olivier, voorheen van Tukkies en deesdae direkteur van beplanning by buitelandse sake. Self 'n man wat op sy tyd heelwat spoke oor die Rooi Beer opgejaag het. Gerrit en so 'n dosyn ander diplomate gaan binnekort Suid-Afrika se belangekantoor in die Sowjet-Unie stig en voorlopig deel vorm van die Oostenrykse ambassade in Moskou.

•

'n Mens voel oor Chris Barnard se planne om weg te hol soos die karakter in die David Kramer-liedjie wie se nooi hom voor die keuse gestel het: óf jy los die dop, óf ek loop. Toe sê hy vir haar: Bokkie, ek gaan jou mis!

# 'Daai witman, hy's *onse* man'



## DIE BURGEMEESTER VAN KAAPSTAD, GORDON OLIVER, IS 'N *PEOPLE'S* BURGEMEESTER. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** HET MET HOM GAAN PRAAT

*"The mayor is moving with the beat the melody of our struggle."*

Dit is 'n snikhete dag in Maart in die Kaapse middestad. Die Nyanga Poetry Recital Group is besig, as deel van die Kaapse Fees, om voor 'n skare so veelrassig as kan kom op te tree. Daar is "ritme" en daar is "gees" en die tema is: "The Mother (moederstad) will rock you." Die "rock" waarna verwys word, is jazz, pennywhistle, klassieke musiek en kwela.

Mteto Mzongwane het in sy voordrag so pas sy vinger gelê op die rede vir die gees van welwillendheid: Die burgemeester, Gordon Oliver - wat in sy sowat 18 maande in die stoel in die volksmond bekend geraak het as "Onse mayor" ofte wel "The Marching Mayor" - die enigste wit eerste burger in die land wat nog aan 'n protesoptog deelgeneem het.

Die pas afgelope Kaapse Fees was die eerste een wat as geslaag bestempel kan word, en Oliver weet waarom. Getrou aan sy eiesoortige styl sedert sy inhuldiging in 1989, het hy dié keer die mense en gemeenskappe van Kaapstad gaan raadpleeg oor wat se soort fees hulle wil hê.

"Vorige feeste is deur 'n klein groepie georganiseer, dit is dan voor die mense neergesit en daar is aan hulle gesê - daar is julle fees," sê Oliver in sy ruim ampskantoor in die Burgersentrum - die setel van blanke tradisie aan die Kaap. Vorige feeste is gekenmerk deur 'n grootskaalse gebrek aan belangstelling deur die inwoners.

"Die fees is in die eerste plek 'n fees van die Kaapse mense vir die mense en is nie net op toeriste gemik nie. Daarom het dit gewerk."

'n Artikel oor Gordon Oliver, die mens, sal onvolledig wees as 'n mens nalaat om te skryf oor sy geesdrif om Kaapstad 'n beter plek vir sy inwoners te maak en sy vasbeslotenheid om die stad aan sy toerisme-potensiaal te laat voldoen. Hy is van plan om op lang termyn daarby betrokke te bly en hy glo doodeenvoudig Kaapstad is 'n wonderlike plek. Tussendeur praat hy huiwerig, tog openlik oor homself.

Persoonlike erkenning is beslis nie wat Oliver in gedagte gehad het toe hy twee jaar gelede feitlik outomaties, na Kaapstad se munisipale tradisie, sy onderburgemeesterskap vir dié van burgemeester verruil het nie.

Hy sê nog vóór sy aanstelling vir 'n termyn van twee jaar het hy begin dink: "Dit is alles goed en wel dat Kaapstad nog altyd teen apartheid gekant was, maar ons het ons eintlik nog nooit met die mense vereenselwig nie.

"Ons het liberale en progressiewe idees en waardes vanuit ons leunstoele gepropageer, maar dit nooit in werking gestel nie. Ek kan goed verstaan dat die mense dink ons is 'n spul wit liberals wat eintlik maar te bly was oor apartheid."

Die Kaapse Stadsraad het hom nog altyd daarop geroem dat hy vir gelykheid, nie-rassigheid en demokrasie staan. In 1985 het die stadsraad wel sy rug na die Wet op Afsonderlike Geriewe en selfs die Groepsgebiedewet gekeer, strande en openbare geriewe oopgegooi. "Maar terselfdertyd was die Moederstad nog nooit juis 'n goeie moeder vir haar kinders nie," sê Oliver.

"Ons het meer as ons deel van onluste en konflik gehad. Ons mense is deur die polisie geslaan en in vangwaens gegooi. Polities was ons stad 'n baie ongelukkige plek.

"As daar 'n aardbewing of 'n ramp is, is dit 'n burgemeester se plig om by die mense te wees. Maar omdat die burgemeester 'n seremoniële amp beklee, is hy nie veronderstel om polities betrokke te raak nie.

"Tog het ek gedink, te midde van die toenemende konflik kan ek nie net onthale en cocktails bywoon nie. Die burgemeester het nie mag nie, maar hy het invloed, en hy behoort dit te gebruik om mense bymekaar te bring, hy moet leiding gee." Voor sy inhuldiging het hy met 'n wye spektrum mense oor die grense heen gaan gesels en hulle het gesê: "Natuurlik wil ons ons burgemeester by ons in die stryd hê. Sjoe, dit is die eerste keer dat iemand vra wat óns dink."

Maar na net een dag in die stoel het die kans vir werklike skakeling aan sy deur kom klop, en Oliver was in die pekel... Aartsbiskop Desmond Tutu het gebel om te vra of hy sal deelneem aan 'n optog om die reg tot protesoptogte in Kaapstad te eis. Welwetende dat hy hom die argwaan van baie raadslede op die hals gaan haal, het Oliver ingestem. Hy was onder groot druk om die tradisie - dat die burgemeester nie omstrede raak nie, maar "gaaf en neutraal" bly - te eerbiedig.

"Toe die optog suksesvol afloop, was die raad baie meer gerus oor die nuwe rigting. En vir elke lid van die publiek wat teen my deelname gekant was, het ses gebel om my geluk te wens," sê Oliver. Hy sê dit is lekker om in die straat te loop en te hoor "daai wit man, hy is onse man", maar dat dit nie oor homself gaan nie. "Dit beteken die proses van verandering, die 'chemistry' begin werk, ongeag wat die politici sê.

"Ek wou hê mense moet weet daar is 'n vorm van regering in die land wat wel omgee vir die mense. Ek voel baie sterk oor dinge soos dat 'n mens moet opstaan vir iets as jy voel dis reg. Jy kan nie een ding glo en 'n ander doen nie." Sedert die optog het gemeenskappe hulle met die stadsraad begin vereenselwig en 'n gees van welwillendheid het begin groei. Oliver benadruk dat hy geen politieke aspirasies het of gehad het nie, hoewel hy sedert 1959 as organiseerder by die PFP en later die DP betrokke was.

"My deelname was nie polities gemotiveer nie. Ek wou saam met die mense wees. Ek het nog nooit aan 'n politieke optog per se deelgeneem nie en het versoeke daartoe geweier."

Hy sê die stadsraad se eerste prioriteit is nou om die proses van politieke verandering op 'n nie-politieke manier te lei, maar ander krisisse soos behuising en werkloosheid bly hoog op die lys.

Wanneer Oliver praat van leiding in die proses van verandering, bly dit beslis nie net daar nie. Tydens verlede week se tradisionele Van Riebeeck-seremonie in die hawe op Stigtingsdag het hy die politieke klem vir eens en altyd verskuif. Pleks van 'n blanke kulturele herdenking, het hy lede van alle gemeenskappe genooi en 'n swart hoofspreker gevra om te praat oor die kultuur aan die Kaap vóór Van Riebeeck se koms. "Ek wou hê ons moet begin om ons Afrika 'roots' ook te eerbiedig. Jy weet, verandering is baie ongemaklik, maar klein veranderinge saam kan 'n geweldige impak hê, soos om sowel *Die Stem* as *Nkosi Sikelel*, te sing.

"Die verhouding tussen die mense en die plaaslike strukture is so intiem dat dit 'n kragtige rol kan speel om plaaslike en nasionale politieke probleme op te los. En ek dink die welwillendheid in Kaapstad is so groot dat ons taamlik maklik tot gesamentlike oplossings sal kom en sodoende 'n voorbeeld aan ander stede sal kan stel," sê hy.

Wanneer Oliver nie saam met die skares marsjeer of cocktails drink nie, verkies hy om so ver moontlik van hulle weg te kom, waar hy die Kaapse natuurskoon kan geniet. "Ek glo as 'n mens skoonheid rondom jou het, moet jy mooi wees," sê hy.

"Vir my is die lewe hoofsaaklik 'n geestelike ervaring, nie in 'n vroom sin nie, maar eerder metafisies gesproke. Die lewe is daar om te leer, groei en geestelik te onwikkel. Dit is jammer dat die materiële eise ons 99 persent van die tyd domineer.

"Die berg, jy weet, daar is 'n soort invloed daar, jy weet dit is God se manier om met jou te praat, om na die stilte in jou te luister. 'n Mens hoor dit op die berg. Ons is gelukkig om die geestelike dimensie te hê wat sommige ander stede nie het nie. Die sense of place."

Oliver is twee jaar gelede geskei en het vier dogters. Hy sê hy is "per ongeluk" in Bloemfontein gebore, maar het in Kaapstad grootgeword en het "eintlik nog nooit êrens anders gewoon nie". In Kaapstad was hy hoofsaaklik by versekering en personeelbestuur betrokke, totdat hy tien jaar gelede "n kans gewaag het" en aan sy liefde vir die natuur begin uiting gee het in omgewingsopvoeding deur middel van die Fairest Cape Association. Hy sal na die organisasie terugkeer wanneer hy later vanjaar uit sy amp tree.

Sy visie vir Kaapstad is dié van 'n stad sonder kleurgrense. "Ons kan mekaar verryk met die tapisserie van taal, kultuur en musiek. Ek sien 'n stad waarin mense mekaar geniet en nie die lewe so ernstig opneem nie."

# Lothar Neethling verloor *tweede* rondte

REGTER JOHAN KRIEGLER HET DIÉ WEEK NA DIE AANHOOR VAN NUWE ARGUMENTE WEER EENS BESLIS DAT LOTHAR NEETHLING GIF AAN DIRK COETZEE VERSKAF HET. VERLOF TOT APPÈL IS GEWEIER - WAT BETEKEN DAT DAAR 'N ENKELE STROOIHALM VIR DIE GENERAAL OORBLY VOOR DAAR BESLUIT SAL MOET WORD WAT SE TOEKOMS HY NOG IN DIE POLISIE HET EN WIE SY ENORME REGSREKENING MOET BETAAL. **JACQUES PAUW** DOEN VERSLAG



Lothar Neethling se reputasie, sy status in die polisiemag en waarskynlik sy finansiële welvaart hang aan 'n garingdun draadjie nadat dié gevreesde generaal dié week moes hoor dat geen ander hof tot enige ander gevolgtrekking sal kan kom as dat hy gif aan Dirk Coetzee verskaf het nie.

Byna soos 'n veroordeelde op die vooraand van 'n teregstelling is sy enigste hoop nou 'n petisie aan die hoofregter om hom toe te laat om appèl teen die bevinding van regter Johan Kriegler aan te teken.

Neethling se gereserveerde sitplek 'n skuifeltreetjie agter sy prokureur s'n in Hof 8D van die Randse Hooggeregshof was dié week leeg terwyl sy splinternuwe regspan, in die woorde van regter Kriegler, na argumente "uit die lug gegryp" het in 'n poging om verlof tot appèl te kry.

Tydens die uitspraak Maandagoggend was net sy junior advokaat, Manny Witz, in die hof. Dié het met 'n strak gesig na die hofbank voor hom gekyk terwyl die generaal én sy regspan deur die regter geroskam is.

Witz, wat die laaste 18 maande ten nouste by die saak betrokke was en selfs in April verlede jaar na Londen gereis het om ter voorbereiding van die saak na Dirk Coetzee se getuienis voor die Harms-kommissie te luister, het dié week 'n onbenydenswaardige taak gehad.

Met die afwesigheid van Neethling in die hof was Witz seker die persoon wat die generaal om etenstyd Maandag moes gaan bel om die slegte nuus aan hom oor te dra.

Neethling het dieselfde middag nog deur sy prokureur laat weet hy is glad nie tevrede met die beslissing nie en dat hy tot die bittereinde sal veg. Hy meen 'n versoekskrif tot die hoofregter het 'n goeie kans om te slaag.

Intussen wonder almal steeds wie die generaal én *Vrye Weekblad* se regskoste gaan betaal wat dié week met nog tienduisende rande die hoogte ingejaag is nadat regter Kriegler beslis het dat Neethling, benewens die koste van sy peperduur regspan, ook nege tiendes van *Vrye Weekblad* se koste moet opdok.

Die staatsprokureur van Pretoria het vandeesweek in kommentaar oor die uitspraak gesê sover hy weet, dra Neethling self die koste vir die aansoek om verlof tot appèl. Die koste vir die verhoor is wel uit die staatskas betaal, maar dit is moontlik dat ook dié koste van hom verhaal kan word indien daar byvoorbeeld uiteindelik ná alle regstappe bevind word dat Neethling sy bevoegdhede kwaadwillig oorskry het.

Nadat regter Kriegler twee dae lank na nuwe argumente van adv Fanie Cilliers, SA, geluister het, het hy bevind dat daar steeds geen twyfel in sy gemoed is nie dat die generaal wel kwaadwillig opgetree het en die moordgif aan die gewese veiligheidspolisieman verskaf het.

Vir Fanie Cilliers self, 'n advokaat met 'n hoë aansien, was dit geen goeie swaardkruising met regter Kriegler nie. Die regter is duidelik nie beïndruk deur sy argumente nie.

Van Cilliers se argumente het "geen poot om op te staan nie", ander is "uit die lug gegryp" en nog ander is deur Kriegler as 'n "verbeeldingsvlug" en 'n "nagedagte" beskryf.

Cilliers het onder meer in sy betoog aangevoer dat Coetzee so bedrewe is in die fabrisering van getuienis dat hy nie geglo kan word nie.

Die regter het gesê: "Ek het nie een van sy (Coetzee) tekortkominge nié in ag geneem nie. Ek het geweet dat ek te make het met 'n uiters bedrewe rampokker en 'n fabriseerder van getuienis.

"Indien Coetzee getuienis fabriseer, doen hy dit uiters dwaas. Ek was terdeë bewus van Coetzee se leuenagtigheid van die verlede. Daar was 'n submissie dat ek sekere leuenagtighede nie raakgesien het nie.

"Ten tyde van die deurlees van die aansoek het dit my getref as 'n kloekmoedige submissie. Ek is teleurgesteld met applikant (Neethling) se submissies. Ek het iedereen van die passasies weer bestudeer."

Regter Kriegler het verder opgemerk dat Cilliers, sy groot ywer ten spyt, net twee nuwe kritiekpunte uit Coetzee se getuienis van meer as 700 bladsye aan die lig kon bring.

Regter Kriegler het weer eens bevind dat Dirk Coetzee 'n geloofwaardige getuie was wat die waarheid gepraat het toe hy gesê het hy het die gif ontvang om ANC-lede mee te vermoor. Daarteenoor is daar steeds geen twyfel nie dat Neethling sowel hom (regter Kriegler) as die Harms-kommissie mislei het.

Regter Kriegler, wat hom tydens die hofsaak en sy uitspraak van enige kritiek op regter Louis Harms en sy kommissie weerhou het, het in sy uitspraak opgemerk dat Neethling se leuenagtigheid oor waar Coetzee die beskrywing van sy huis vandaan kon gekry het, voor Harms "geseëvier" het.

"Daar is dit nie getoets nie. Voor my, ná bestudering van die video, het hy (Neethling) besef sy feitestelling gaan nie op nie. Hy't toe sy front verander... My oordeel was korrek. Hy het probeer om sy feitestelling te verwater tot semantiek."

Met die aanvang van die uitspraak het regter Kriegler daarop gewys dat dit sy plig is om sy eie werk en uitspraak onbevange te beoordeel ten einde te besluit of daar 'n redelike kans is dat enige ander hof tot 'n ander beslissing as hy kan kom.

Die regter het verder gesê dat die Appèlhof, waar dit gaan om die beoordeling van feite en die indruk van die verhoorhof oor getuienis en getuies, uiters traag is om hom by die verhoorregter se beslissing in te meng.

Regter Kriegler het dit herbeklemtoon dat hy Coetzee se getuienis hiper-krities beoordeel het en gaan soek het na afwykings aan die hand van alle maatstawwe wat vir hom beskikbaar was.

Die regter het verwys na hewige kritiek van Cilliers dat hy nie ander mededelings van Coetzee - voor die Harms-kommissie, in Mauritius, aan die getuie Martin Welz of in 'n Britse televisieprogram - in ag mag geneem het in sy oordeel van Coetzee nie.

"Kennelik was Coetzee se vorige mededelings nie selfstawende getuienis nie. Dis eerder gebruik om te sien of hy daarvan afwyk. Die gebruik van Coetzee se buite-mededelings was inteendeel tot voordeel van Neethling... Ek het met 'n dubbele lens na die getuienis gekyk," het die regter beslis.

Regter Kriegler het gesê dat hy selfs "ten gunste van Neethling gefouteer" het deurdat hy nie 'n negatiewe afleiding teen hom gemaak het omdat brig Willem Schoon, maj Koos Vermeulen en kapt Paul van Dyk nie as getuies geroep is nie. Die regter het in sy oorspronklike uitspraak gesê hy maak geen negatiewe afleiding omdat hulle nie geroep is nie.

"Ek kon die afleiding gemaak het dat Neethling hulle nie aan kruisondervraging wou blootstel nie," het hy gesê.

Kriegler het ook gesê: "Ek het pynlik te werk gegaan in my uitspraak. Ek het selfs moontlike motiewe (vir die bysleep van Neethling) oorweeg wat nie eens betoog is nie... Ek het geworstel met hierdie punt. Die slotsom is dat daar vir Coetzee geen voordeel in gesteek het om Neethling valslik te betrek nie.

"Daar word nou aangevoer dat ek gefouteer het en sy motief nie raakgesien het nie. Die submissie is dat Coetzee die oorspronklike uitdinker was van die gebruik van gif teen die ANC. Coetzee se getuienis het 753 bladsye beloop. Coetzee het nooit getuig dat hy die uitvinder daarvan was nie... Die submissie val dus ten gronde."

Met verwysing na die verdoemende getuienis van die groen notaboekie van 1981 waarin Neethling se twee werknommers voorkom, het Kriegler gesê: "Coetzee was onbewus dat Neethling se nommer in sy sakboekie staan. Hy het gesê hy kon nie onthou waar en hoe die aantekening gemaak is nie.

"Dit was 'n eerlike antwoord. Namate met hom gedebatteer is, het hy gevoel dat dit Neethling self moes gewees het wat dit vir hom gegee het. Dis die voordeel en groot deug van kruisondervraging: só kom geloofwaardigheid na vore."

Met verwysing na Cilliers se betoog dat Neethling nie valse getuienis gelewer het nie, maar bloot bespiegel het, het regter Kriegler gesê: "Die oomblik toe daar getuienis is dat daar kontak was, was 'n blote ontkenning nie meer goed genoeg nie.

"Hy het nie net blote menings uitgespreek nie, hy het 'n feitebasis vir sy mening probeer daarstel. Daar het hy skeefgetrap ... sy feitestellings was nie waar nie.

"Daar is geen redelike vooruitsig dat my uitspraak deur 'n hoër beroep versteur sal word nie," het die regter bevind.

Met verwysing na sy uitspraak in die geval van die *Weekly Mail* dat hoewel dié koerant Neethling belaster het, hy regmatig opgetree het vanweë die reg van die publiek om oor die bewerings ingelig te word, het die regter beslis dat dié deel van sy uitspraak wel na die Appèlhof verwys word.


"Die regspunt is van groot belang. Dit sou stiksienig wees om nie in te sien dat die regverdiging van openbare belang nie kontensieus is nie.

"Adv Cilliers het gesê dat Zille versus Johnson (die saak waarop regter Kriegler hom vir sy uitspraak oor openbare belang beroep het) verkeerd beslis is.

"Ten tyde van die voorbereiding vir my uitspraak was ek oortuig dat die Zille-saak reg beoordeel is. Dit is egter ongebaande terrein. Dit is dus redelikerwys moontlik dat die Appèlhof anders kan beslis," het regter Kriegler gesê.

Die onverhaalde een tiende van die regskoste sal tydens die appèl beslis word. VW

# Moordwapens - of tradisie?



(FOTO : THE STAR)

DIE GEBRUIK VAN "TRADISIONELE" WAPENS IN DIE GEWELD WAT SUID-AFRIKA DIE LAASTE TYD TEISTER, HET 'N GROOT TWISPUNT GEWORD. DIE PANGAS, MESSE EN SO MEER WAARMEE MENSE GEDOOD WORD, SÊ KENNERS, KAN BESLIS NIE AS "TRADISIONELE" WAPENS GEBRUIK WORD NIE. **PEARLIE JOUBERT** NEEM DIE KWESSIE IN OËNSKOU

Is die pangas, messe, spiese en ander skerpgemaakte voorwerpe wat byna daagliks in townships regdeur Suid-Afrika rondgeswaai word, 'n uitdrukking van "kultuur"? Of het tradisie en kultuur net mooi woorde geword waaragter die gebruik van dié dodelike wapens verskuil word?

Die dra van "tradisionele" of "kulturele" wapens deur veral Inkatha-lede in die townships en die gebruik daarvan as moordtuie word tans skerp gekritiseer. Agter tradisionele wapens lê egter 'n lang geskiedenis wat nie net gebonde is aan oorlogvoering en geweld nie.

Tradisionele wapens is deur byna alle etniese groepe in Suid-Afrika as 'n verlengstuk van manlikheid gesien. Verskillende soorte assegaaie, skilde en spiese is tydens verskillende seremonies gebruik en gedra. Die Zoeloes se ligobhoyi-assegaai ('n breëlem-assegaai) is byvoorbeeld net gebruik om beeste vir slag- of offerdoeleindes dood te maak en nie tydens oorlogvoering nie.

Antropoloë en kenners stem egter almal saam dat die dra van kulturele wapens nié net eie is aan een politieke of etniese groep soos die Zoeloes of Inkatha nie.

Die Xhosas, Tsongas, Vendas en ander Nguni-groepe het almal 'n reeks kenmerkende tradisionele wapens. Dié wapens is gedra en gebruik om verskillende take uit te voer.

Selfs die Afrikaners het hul "tradisionele wapens". Die waarnemende hoof van die departement van Antropologie aan die Randse Afrikaanse Universiteit, dr Kees van der Waal, sê die sanna en die kruithoring het simbole van die Afrikaner se vryheidstryd geword.

"Die kruithoring is vandag nog te sien in die embleme van onder meer die Herstigte Nasionale Party en die Nasionale Party. Op baie stad- en dorpwapens sien mens ook nog die burger met sy ou sanna," sê Van der Waal.

Hy meen ook dat alle politieke partye wapens gebruik om mense te "minipuleer in hul eie belang.

"Tradisies bly net in wedywering voortbestaan, in 'n poging om mense sover te kry om hulle met 'n bepaalde ideologie of groep te vereenselwig. Alle politieke partye gebruik tradisies op dié manier."

Daar is egter geen ander politieke groepering wat deurmiddel van wapens hul kulturele identiteit só sterk uitdruk soos Inkatha nie.

Speel tradisionele wapens by die Zoeloes dan 'n belangriker rol as by ander mense - en waarom?

Die rede waarom wapens so 'n belangrike simbool van Inkatha geword het, sê Van der Waal, lê in Inkatha se etniese karakter.

"Inkatha het binne die apartheid-stelsel ontstaan. Van die begin af is die bepaalde etnisiteit van die Zoeloe baie sterk beklemtoon in Inkatha. Ander groepe, daarenteen, het mense na aanleiding van hul ideologie gegroepeer."

Johnny van Schalkwyk van die Suid-Afrika Museum het 'n ander teorie oor waarom die Zoeloes en bepaald Inkatha lede vandag nog wapens as hul sterkste kulturele simbool beskou: "Deur die jare heen het geskiedenisboeke die Zoeloe voorgestel as die dapper krygsman. Dié beeld is in die volksmond oorgedra - en of dit waar is of dít die belangrikste aspek van dié groep mense was, is nie so duidelik nie. Dit is egter hoe ander groepe hulle beskou."

Volgens hom lê die geskrewe geskiedenis nie soveel klem op ander groepe se vegvernuf as op die Zoeloes s'n nie en kan dit moontlik 'n rede wees waarom tradisionele wapens vandag nog so belangrik vir die Zoeloes is.

'n Sosioloog aan die Universiteit van Zoeloeland, prof Herbert Vilakazi, sê knopkieries, stokke en skilde is tradisionele wapens - "maar pangas en byle en ander skerpgemaakte yster-instrumente wat gebruik word om mense se koppe oop te kloof en hulle dood te maak, is beslis nie tradisionele wapens nie en die dra daarvan behoort beslis verbied te word.

"Daardie wapens is moordwapens - en om dit tradisionele wapens te noem, beteken dat mense nie die situasie verstaan nie en ook dat 'tradisionele wapens' as verskoning vir die dra van dodelike wapens gebruik word.

"Die meeste mense wat die laaste tyd in geweld dood is, is nie met knopkieries of houtstokke doodgeslaan nie. Hulle is doodgekap met byle of pangas of doodgeskiet. En 'n geweer is beslis geen tradisionele wapen nie."

Vilakazi meen egter nie dat 'n verbod op die dra van tradisionele wapens die geweld sal beëindig nie.


"Mense sal dan net ánder wapens begin dra - soos gewere en ander vuurwapens wat nie so sigbaar is nie."

Petrolbomme en AK-47's het ook simbole geword waarmee die ANC vereenselwig word. "Dit sou tog absurd wees om 'n verbod op die dra van bottels te lê," sê Vilakazi.

Die hoof van die departement van Antropologie aan die RAU, prof Boet Kotzé, kritiseer ook Inkatha se aandrang op die dra van tradisionele wapens.

"Ossewaens is 'n simbool van die Afrikaners, maar vandag gebruik mense dit nie meer nie omdat dit nie meer funksioneel is nie. Indien Inkatha so erg oor hul kultuur is, hoekom het die dra van kopringe en bepaalde kleredrag uitgesterf - selfs in die platteland?"

Volgens hom is die aanspraak op die reg om gewapend rond te loop - omdat dit deel van 'n kultuur en tradisie sou vorm - "snert".



DIE VIER SPIESE LINKS IS TRADISIONELE XHOSA-WAPENS, DIE RES IS ZOELOE-SPIESE.

"Dit is 'n enorme mistifisering van kultuur en buiten kulturele byeenkomste is daar geen plek meer vir dié gebruik nie," sê Kotzé.

Die sogenaamde "tradisionele wapens" van die Zoeloes, sê hy, het die laaste tyd ook "werklike wapens van geweld" geword. "Dit het niks meer met kultuur te make nie - en tradisies wat tot lewensverlies lei, het in ieder geval geen reg op voortbestaan nie. Om gewapend rond te loop is nie meer gepas in ons moderne samelewing en townships nie."

Richard Lyster van die Regshulpsentrum in Durban stem saam. Hy meen ook dat die dra van tradisionele of kulturele wapens nog net by kulturele byeenkomste geregverdig is. "Om egter vandag na politieke byeenkomste en vergaderings te gaan, gewapen met knopkieries en spiese, dra net by tot die geweld-psigose wat tans heers," sê Lyster. VW

## 'Tradisie' dood honderde mense

Sowat 550 tot 600 mense is in die eerste drie maande van dié jaar in politieke geweld dood. Sedert 14 Maart tot 10 April vanjaar is sowat 65 mense doodgekap of doodgesteek en 58 mense met messe, pangas of ander skerp voorwerpe verwond.

Die meeste van die wapens wat daarvoor gebruik word, word deur Inkatha as "tradisionele wapens" beskryf.

Die Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968 verbied enigiemand om in besit te wees van gevaarlike wapens, of 'n voorwerp wat soos 'n vuurwapen lyk. Gevaarlike wapens word deur die wet omskryf as "enige voorwerp, behalwe 'n vuurwapen, wat waarskynlik ernstige liggaamlike letsels sal veroorsaak indien dit gebruik word om 'n aanranding te pleeg".

Volgens Richard Lyster van die Regshulpsentrum in Durban het die Staatspresident se proklamasie verlede jaar oor die dra van tradisionele wapens die atmosfeer van geweld "aansienlik verhoog".


Dié proklamasie het die dra van houtstokke, knopkieries en assegaaie gewettig - maar nie net meer in "buitengewone omstandighede", soos wanneer mense tradisionele seremonies bywoon nie.

"Die Natal-Zoeloe-kode het die bepaling van die omstandighede waarin mense hulle tradisionele wapens mag dra, geskrap.

"Dit is snert dat dit deel is van die Zoeloe-tradisie. Dié proklamasie het mense net die groen lig gegee om met dodelike wapens in die strate rond te stap."

Volgens Lyster is "minstens 1 500" van die 5 000 mense wat die laaste vier jaar in Natal dood is, dood weens die gebruik van pangas, spiese en byle.

"Dit is mos onsin op dié wapens tradisionele wapens te noem. Daardie wapens is nie tradisionele wapens nie - en die polisie moet toesien dat die wet toegepas word," sê Lyster. VW



SANDRA AS 10-JARIGE MEISIE BY HAAR PA, ABRAHAM LAING. JANNIE DE WET

# Julle herroep nou dié wette - *maar kan julle my lewe herroep?*

VYF EN TWINTIG JAAR GELEDE IS DIE LEWE VAN 'N TIENJARIGE MEISIE VIR EWIG GERUÏNEER DEUR DIE RASSEKLASSIFIKASIE VAN APARTHEID. SANDRA LAING IS GEBORE AS DIE "WIT" KIND VAN 'N GESIENE OOS-TRANSVAALSE EGPAAR. MAAR OP LAER SKOOL HET HAAR KLASMAATS SE OUERS BEGIN KLA OOR HAAR "KROESERIGE" HARE EN "BRUIN" VEL. IN DIE EERSTE VAN 'N ABSURDE REEKS "HERKLASSIFIKASIE" HET DIE OWERHEID HAAR TOT "KLEURLING" VERKLAAR. DIE POLISIE HET HAAR UIT DIE SKOOL KOM HAAL - EN DAARMEE HET 'N LEEFTYD VAN RONDSWERF BEGIN WAARIN SY VAN DIE EEN "KLEURGROEP" NA DIE ANDER VERPLAAS IS - SONDER OM UITEINDELIK IEWERS IN TE PAS. VANDAG IS SY 'N EENSAAM, HARTSEER VROU. DIE AFSKAFFING VAN RASSEKLASSIFIKASIE BRING VIR HAAR GEEN TROOS NIE, HET SY AAN **ADRIAAN WASSENAAR** VERTEL.

Vir Sandra Laing het die dood van apartheid 25 jaar te laat gekom, 'n hele leeftyd te laat. Te laat om weer tot die steeds bevoorregte wit gemeenskap toegelaat te word. Sy is vir ewig gedoem tot 'n smartlike lewe van armoede en verstotenheid.

Haar verhaal is seker die mees aangrypende tragedie in ons land se bose stelsel van rasseklassifikasie. Die apartheid-erfenis waarmee sy tot haar sterfdag sal saamleef, is die skemerwêreld van die uitgeworpene - nie "Blank" nie, nie "Nie-Blank" nie, selfs eintlik nie eens "Kleurling" nie.

Sandra Laing het 25 jaar gelede as onskuldige kind in die wêreldfokus beland weens die wrede rasseklassifikasie wat nou geskrap word. As dogter van 'n gegoede Oos-Transvaalse blanke egpaar is sy by geboorte in 1966 as "blank" geregistreer. Elf jaar later is sy herklassifiseer tot "Kleurling" en in 1967 is sy weer "blank" geher-herklassifiseer...

Dít was nog nie die einde van die wipplankryery nie. Jare later, toe sy in 1976 mondig geword het, is sy weer tot "Kleurling" geher-her-herklassifiseer. Dié keer op eie versoek.

Haar verdriet het begin toe 'n skoolhoof op Piet Retief haar in 1966 uit sy skool geskop het omdat sommige ouers nie haar teenwoordigheid kon duld nie. Die meisietjie se enigste sonde was haar sagte, effens kroeserige hare en haar mooi koffiekleurige vel.

Dit was 'n internasionale skandaal en TV-spanne en joernaliste uit alle wêrelddele het toegesak op Panbult, naby Piet Retief. Haar pa, Abraham Laing, het twee winkels in die omgewing besit. Hy het die een bestuur en sy vrou die ander. Sandra het twee broers - albei "blank" geregistreer.

Sy onthou vandag nog al die joernaliste en fotograwe: "Ek het my ma dikwels gevra waarom die mense foto's van my kom neem. Sy het altyd net gesê dis omdat my vel bruin is.

"Eendag het ek haar gevra waarom my vel bruin is en hare wit. Sy het niks gesê nie. Ek weet tot vandag nog nie wat verkeerd geloop het nie. Sy het nooit verduidelik nie en my pa het niks daaroor gepraat nie. Hy het altyd volgehou dat hy en niemand anders nie my pa is."

Sandra (gedoop Susanna Margrietha) is in 'n blanke hospitaal gebore, is as "blank" geregistreer en is ook in 'n blanke kerk gedoop. Sy is in 1962 by 'n blanke skool ingeskryf en haar lewe was taamlik normaal - totdat ander kinders se ouers in 1964 begin kla het oor haar teenwoordigheid. Hulle het gesê sy is nie blank nie.

Op 2 Februarie 1966, kort ná haar tiende verjaardag, is haar hele wêreld plotseling deur die genadelose pen van apartheid verwoes toe sy van "blank" geherklassifiseer is tot "Kleurling". 'n Maand later is sy uit die blanke laer skool geskop waar sy vier van haar gelukkigste jare deurgebring het.

Sy kan tot vandag toe nie daardie dag vergeet toe die polisiemanne in uniform by haar klaskamer opdaag nie: "Hulle het gesê ek moet met hulle saamkom en ons is na my kamer in die koshuis. Die juffrou het saamgeloop. Hulle het gesê ek moet my goed pak omdat ek nie langer daar kan bly nie. Die polisiemanne het my na my pa se winkel op Panbult gevat. Al wat hulle gesê het, is dat ek moet loop omdat die ouers van die ander kinders oor my gekla het. Omdat ek bruin is en nie wit nie."

Op dié aaklige manier is 'n klein meisie se wêreld van geluk en liefde geoffer op die altaar van apartheid - en dit alles net oor haar voorkoms.

Destyds, toe die droewige verhaal wêreldkundig gemaak is, het Abraham Laing erken dat sommige van die familie skinder dat alles sy vrou se skuld is:

"Die vinger word dikwels na my vrou gewys, maar ek ken haar en ek wéét wat om van haar te verwag. God is my getuie, ek is die vader van daardie kind."

Hy het vergeefs daarop gewys dat sy twee seuns dieselfde sagte, kroeserige hare as Sandra het. Maar deur die genade van God is hulle so wit as hul ouers en sonder enige "nie-blanke" trekke.

Mediese kenners het destyds met dokumentasie en bewyse na vore gekom en verklaar dat 'n "ander soort kind" deur 'n wrede verdraaiing van genes gebore kan word uit 'n familie wat al baie geslagte blank is.

Nadat Sandra uit die blanke skool geskop is, het sy twee leë jare by die huis deurgebring. Sy kon nêrens gaan nie, geen skool nie, geen maatjies nie. Bedags het haar pa agter die toonbank van sy winkel op Panbult gestaan en haar ma in die ander winkel op Brereton Park. Die winkels het albei hoofsaaklik op swart klandisie staatgemaak.

Soms het Sandra vir die plesier saam met haar pa na een van die naburige dorpe gery. Sy onthou nog toe hulle een keer op Ermelo was:

"Ons is na 'n kafee vir iets om te eet. Ons het by 'n tafel gaan sit. Toe kom hulle. Hulle sê toe Kleurlinge kan nie in die kafee eet nie. My pa het gesê ek is nie 'n Kleurling nie, ek is sy dogter. Maar ek moes uitgaan en het buite gewag totdat hy klaar geëet het..."

Nadat mnr Laing vergeefs by verskeie wit skole aangeklop het, het hy uiteindelik daarin geslaag om haar in te skryf by die St Dominics-kloosterskool in Noord-Natal. Sy was tot 1971 daar - baie gelukkig saam met die nonne en niemand het gespot met haar voorkoms nie.

*"Maar sal hulle nou stem dat ek blank kan wees soos my familie? Sal hulle stem?"*



SANDRA EN STEVE, 3

Nadat sy standerd ses behaal het, het haar pa haar sonder verduideliking uit die skool gehaal en besluit dat sy tuis verder opgevoed sal word. Terwyl haar ouers bedags in die winkels gewerk het, was sy op haar eie - en so het haar vriendskap begin met Petrus Zwane, 'n swartman wat vyftien jaar ouer as sy was.

Sy vertel: "Ons het verlief geraak en my pa was baie kwaad. Hy het gedreig om Petrus dood te skiet as hy aanhou om my te sien. Ek wou hom nie opgee nie en Petrus het gesê ons moet padgee. Ek het 'n koffer gepak en weggeloop sonder om my ouers te groet."

Die volgende klompie jare het sy saam met Petrus rondgeswerf, meestal in Oos-Transvaal. Hulle het in swart buurte en dorpe gewoon. In dié tyd het sy die lewe geskenk aan twee kinders, Henry, nou 19, en Elsie, 18.

In een stadium was sy alleen met die kinders, dakloos en sonder enige inkomste. Dit was bitter dae en sy moes bedel om slaapplek. Die laaste uitweg was om haar kinders aan die Welsyn te gee. Sedertdien is hulle aangeneem.

In 1982 het sy Johannes Mathauny ontmoet, met wie sy nou saamleef en by wie sy drie kinders het, Prince, 11, Anthony, 8, en Steve, 3.

Haar blyplek is 'n verwaarloosde huisie van rooi baksteen naby Johannesburg in 'n gebied wat, ironies genoeg, die naam Witbok dra. Dis so na aan armoede as kan kom: 'n voorkamer, 'n ou kombuis en twee slaapkamers, alles met net die basiese meubelstukkies.

Ons het vir haar gaan kuier. Sandra, nou op 35 jaar 'n gesette vrou, maak die voordeur oop. Sy dra 'n geel toeknoop-rok. Haar jongste, Steve, klou aan haar been. Dis middag, etenstyd. Verskonend sê sy dat sy gelê het, niks anders om te doen nie.

Skaam, maar vriendelik nooi sy ons in. In die voorkamer is daar net die skrapse panelite-tafeltjie en twee kombuisstoele. 'n Paar rose in 'n konfytbottel gee bietjie kleur.

Haar gesig is groot en oop en altyd is daar net 'n huiwering van 'n glimlag, maar sy is teruggetrokke en ongeleerd, praat min, sê weinig. Met stampe en stote antwoord sy die vrae.

Baie opvallend is 'n silwer knopie aan die kant van haar neus soos Hindu-vroue dit dra. Sy raak gedurig daaraan, draai dit rond in haar vingers.

Dan vertel sy dat sy nog nooit weer haar gesinsmense gesien het sedert sy in 1971 met Petrus weggeloop het nie.

"Ek sê nie dis hulle skuld nie. Dis seker als my skuld, want ek het weggeloop, sonder om te groet. Dis iets waaroor ek vandag baie jammer is. Ek weet ek moes dit nooit gedoen het nie. My lewe sou baie beter gewees het.

"Tot twee jaar gelede het ek nog my ma gebel en aan haar geskryf - maar ek hoor sy is nou weg van Amsterdam, waar sy ná my pa se dood gaan bly het.

"Teen die einde van 1989 is ek na Amsterdam om haar te soek. Ek het nog 'n antie en 'n niggie daar. Hulle is blankes en ek het met hulle gepraat. Hulle was baie vriendelik, maar hulle kon my nie my ma se nuwe adres gee nie. Ek weet nou nie wáár om te soek na haar en my broers nie.

"Hulle het my vertel dat my pa die vorige jaar dood is. Ek het eers 'n jaar later van sy dood gehoor. Niemand het my eens laat weet nie. Ek voel baie hartseer dat ek nie by sy begrafnis was nie."

Kort nadat sy Amsterdam besoek het, het sy 'n brief van haar ma gekry - en ook 'n geskenk van R2 500 kontant.

Sandra sê haar familie het haar nooit gesê hulle wil niks met haar te doen hê nie. Sy glo nie hulle het haar verwerp nie. Sy dink hulle is nog lief vir haar en gee om, maar sy weet nie. Deur die jare heen het hulle net verder en verder uitmekaar gegaan en vandag is daar geen kontak meer nie.

Waar staan sy vandag wat die stelsel van rasseklassifikasie betref?

Sy onthou: "Ek is Pretoria toe om 'n ID-boekie as 'n blanke te kry want my geboortesertifikaat sê ek is blank. Die mense in Pretoria wou nie. Hulle het gesê ek het twee kinders, Henry en Elsie, wat as Kleurlinge geregistreer is. Hulle het gesê: 'Hoe kan jy blank wil wees? As jy 'n blanke ID wil hê, moet jy jou Kleurlingkinders prysgee. Hulle moet deur Kleurlinge aangeneem word en dan kan jy 'n blanke ID kry.'

"Ek het gesê nooit nie. Ek het gesê ek sal nie my kinders weggee nie.

"Hulle het aan my pa geskryf en sy verlof gevra sodat ek tot Kleurling geherklassifiseer kan word. Hy wou nie permissie gee nie. Toe sê hulle ek moet wag tot ek 21 is en dan weer terugkom.

"Toe ek 21 word, is ek weer terug. Hulle het 'n man van Kaapstad gebel en hy het verlof gegee dat ek weer geklassifiseer kan word tot kode 01, Kaapse Kleurling. Ek het my nuwe ID in 1982 gekry. My vyf kinders dra almal my naam, Laing, en almal is as Kleurlinge geregistreer."

Sy sê sy het op TV gehoor daar is veranderinge in Suid-Afrika, dat klassifikasie iets van die verlede is.

"Maar sal hulle nou stem dat ek blank kan wees soos my familie? Sal hulle stem?"

Hoe voel sy in haar hart oor wie en wat sy is?

Sy huiwer, dink oor dié vraag, en probeer dan in woorde omsit hoe sy voel:

"Ek weet nie. Ek weet nie. Ek vat dit nou maar so dat ek 'n Kleurling is. Dit is wat hulle my vertel het, dit is wat hulle my laat glo het.

"Ek sien my vel is bruin en daarom sê hulle ek is 'n Kleurling. Maar ek weet ook my pa was blank en my ma is blank. Ek weet dan nie hoekom ek Kleurling moet wees nie."

Sy probeer nooit meer dink oor wat aan haar gedoen is toe sy 'n kind was nie.

"Ek glo alles wat gebeur het, was die skuld van die blankes. Hulle het dit aan my gedoen, hulle het my lewe verander toe ek nog klein was - net so as om jou vingers te klap, nét so. Hulle en die regering het gemaak dat ek my pa en my ma en my broers gelos het en as hulle nie dit gedoen het nie, sou ek nog by my mense gewees het en sou ek 'n beter lewe gehad het.

"Maar ek dra nie haat in my rond nie. Dis als iets van die verlede, toe ek klein was en toe ek nooit regtig geweet het wat met my gebeur nie.

"Ek gee vandag nie meer om nie. Toe ek klein was, wou ek ook blank wees, regtig blank soos my pa en my ma en my broers. Toe was dit belangrik vir my.

"Ek wou ook gehad het dat die mense van my moet hou. Nou gee ek nie om nie. Ek gee nie om of ek blank of Kleurling is nie. Ek is reg soos ek is. Ek het my oorgegee aan my lot en ek probeer gelukkig wees.

"Ek probeer daardie dinge 'uitblok'. Dink nie daaroor nie. Ek het geen foto's van myself of van my familie of van my jongdae nie.

"Af en toe dink ek terug - en dan is daar die bitterheid. Dan is my hart seer en dan huil ek, maar ek huil wanneer ek alleen is en ek huil wanneer ek na my ma verlang. Ek wens ek kon met haar praat. As ek net één wens kan kry, is dit om weer by haar te wees, om haar weer te sien."

Haar groot, bruin oë is vol trane.

"Daar is hartseer in my hart, hartseer omdat ek nie meer my familie het nie, ek sien hulle nie, ek hoor niks van hulle nie. Hulle kom ook nie na my toe nie. Ek is baie lief vir my ma en ek mis haar. Ek wil ook my twee broers sien - want hulle het ek laas gesien toe hulle nog klein as. Ek sal hulle nie meer ken nie."

Soos 'n kind wat op 'n wonderwerk wag, pleit sy: "Kan jy help? Kan jy hulle vertel? Kan jy vir hulle sê dat my hart seer is en dat dit my doodmaak? Ek kan net nie al hierdie dinge verstaan nie.

"Kan jy?"

Sy vee die trane met die agterkant van haar hand af. Die emosie raak te veel en sy draai skaam weg, laat haar kop op haar arms sak. Dan skud haar hele lyf van smart en eensaamheid. Die seuntjie klou beangs aan haar rok.

Buite op die hoofpad jaag die groot trokke verby die huisie met sy tuin: ruig, vol lang gras en 'n enkele roosboom, rooi in die blom.

Nee, Sandra, ek verstaan ook nie. Wie sal ooit kan verstaan? VW

ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

# Local is *lekker* met Donna en Frank

Dis om twee redes dat 'n mens na dese kan sê: "local" is lékker. En albei dié redes het te make met reekse wat hier geskryf én gemaak is en enige tyd so goed is - indien nie beter nie - as hul oorsese eweknieë.

Dinsdagaand het Donna Wurzel se *Donna Looks Out* begin, waarin dié bekende TV-aanbieder belangrike, soms omstrede maatskaplike vraagstukke ondersoek. Haar eerste onderwerp was die ontwikkeling van hartoorplantings in Suid-Afrika.

'n Mens se onwillekeurige reaksie was gaap, nóg 'n dokumentêre reeks oor gewigtige onderwerpe. Nie waar nie. Pleks van eindelose statistiek en mediese gebrabbel wat geen leek kan verstaan nie, het ons 'n program gehad waarin die klem op die mens was, waarin die navorsing dramaties en aanskoulik voorgestel is en wat, uiteindelik, sy boodskap op só 'n manier oorgedra het dat dit die kyker werklik ontroer het.

Die dag, 3 November 1967, waarop prof Chris Barnard die eerste hart in Groote Schuur oorgeplant het, onthou die meeste Suid-Afrikaners seker nog goed. Prof Barnard het Donna vertel wat sy reaksie was. Die een oorweldigende indruk wat hy nou nog van daardie tyd het, was dat hy nie "opgelei" was om die media-histerie - wat losgebars het nadat 'n Suid-Afrikaanse joernalis die eerste was om die nuus aan die wêreld bekend te maak - te hanteer nie.

Deesdae word 'n hartoorplanting glo elke tien dae in Groote Schuur gedoen. Presies hoe en op wie, die sielkundige implikasies daarvan vir sowel die ontvanger as die skenker, watter rol navorsing en sogenaamde "hi tech"-toerusting speel, is in die res van die program ondersoek. Dit was egter die dramatiese verhaal van 'n jong professor van Natal en die stap-vir-stap-drama om hom van 'n nuwe hart te voorsien, wat die werk van Groote Schuur se hartspan vir die kyker vir die eerste keer 'n werklikheid gemaak het. En dit, meer as enige ander inligting, het die noodsaak beklemtoon dat dié mense in staat gestel moet word om hul werk voort te sit.

Die jong professor was een van die hartpasiënte wat van die begin sy persoonlike geskiedenis en drome met die kyker gedeel het. Daarom was Donna se aankondiging dat hy 'n paar dae ná sy hartoorplanting dood is 'n dubbele slag. Ten eerste het die program daarin geslaag om jou persoonlik en emosioneel te betrek by dié man se situasie; trouens, jy het letterlik gesien hoe sy hart verwyder word en die kloppende, nuwe hart in die oop borsholte gesit is. Om dié rede was dit te meer 'n skok om gekonfronteer te word met die ander kant van die muntstuk: die dood van 'n pasiënt nádat sy droom verwesenlik is.

*Donna Looks Out*, met Donna se man, Tommy Doig, as regisseur, is ondersoekende joernalistiek op sy beste. Sonder om een keer sentimenteel of melodramaties te raak, is 'n hoogs emosionele onderwerp bespreek en die kyker uiteindelik gelaat met groter begrip en meer kennis oor die betrokke onderwerp. Dis gewis 'n welkome terugkeer van een van ons mees ervare TV-aanbieders.

Die ander plaaslike program wat jou tone skoon laat krul van lekkerte is die regisseur Gray Hofmeyr se *The Big Time*. As Frank Opperman na dese nie kan kies en keur tussen TV-rolle nie, is daar groot fout. Die man is eenvoudig weergaloos as die sjarmante, energieke vuurvreter-Griek wat om elke hoek en draai 'n geleentheid sien om met 'n nuwe sake-idee geld te maak. En dan praat ons nie eens van daardie loslit-temaliedjie wat Frank self sing nie. Hoe geskiedkundig korrek sommige van die idees is wat aan Chris Karedes toegeskryf word, is natuurlik 'n ander vraag! (Wie hét die eerste supermark begin?) Feit is die reeks ontgin vir 'n verandering 'n totaal nuwe gegewe: die leefwyse van Griekse immigrante in Suid-Afrika in die jare vyftig, en dan met soveel oorgawe en oorspronklikheid dat niks anders nie as net die storie op die skerm tel.

Afgesien van die agtergrond en die verhaal is nog 'n plesier van The Big Time die rolverdeling. Wie sou ooit kon dink Alain D Woolf sou so nommerpas wees - en dit so goed doen - in die rol van die suur, afgunstige Galanakis, of dat 'n paar volbloed Griekse sakemanne, soos Savas Englezakis as die "Don", Papademos, hulle so goed sou kwyt van hul taak voor die kameras?

Savas is hoeka die man waarop Karedes se karakter gegrond is, en volgens hom is daar maar 'n dun skeidslyn tussen toneel speel en sake doen!

Hofmeyr het met die voorskou van The Big Time genoem dat daar heelwat stof vir 'n opvolgreeks is. Hopelik lok dié eerste reeks só 'n gunstige reaksie uit dat die SAUK-base nie anders kan nie as om daarvoor opdrag te gee...

**POITIER VERSUS LANCASTER**

'n Reeks wat op 'n grieselrige manier baie na aan die been van die geweldsituasie in ons eie land sny, word Maandag en Dinsdag om 7nm op M-Net vertoon. En dan is die reeks so onlangs nog as die begin van vanjaar voltooi. Seperate But Equal is gegrond op 'n ware verhaal van rassediskriminasie in Clarendon County, Suid-Carolina in 1949, en die hofsaak wat daaruit voortgespruit het.

In daardie stadium was rassediskriminasie reeds meer as 'n honderd jaar onwettig, maar tog, solank swart en wit sogenaamde "gelyke" geriewe gehad het, was segregasie wettig. Die geriewe was egter alles behalwe gelyk. Wit en swart het nie dieselfde standaard in hul skole gehad nie, of in hul vervoer of ontspanningsgeriewe nie. Die mense van Clarendon County het besluit om die stelsel te beveg en die skoolraad is voor die hof gedaag. Die twee advokate wat die verskillende partye verteenwoordig, is Thurgood Marshall (Sidney Poitier), 'n bekende menseregte-advokaat, en John W Davis (Burt Lancaster), 'n gerespekteerde man met 'n briljante rekord. Vanaf die begin is die hofsaak gespanne en emosioneel. Die koerante volg elke woord. Midde dit alles begin 'n volskaalse intimidasieveldtog teen die swart inwoners van Clarendon wat dit durf waag het om die "stelsel" te beveg.

Die hooggeregshof neem maande om uitspraak te lewer. Dan word beslis die getuienis moet wéér aangehoor word. Te veel regskwessies is nie aangespreek nie. Die saak neem egter 'n onverwagse wending wanneer die hoofregter sterf en deur 'n nuwe regter, met betreklik min ondervinding op die bank, vervang word. Earl Warren moet weer die getuienis aanhoor - en uitspraak lewer, en niemand weet wat hy gaan besluit nie...

Die regisseur is George Stevens jr.

**IAN IN DIE REGISSEURSTOEL**

Dit behoort nogal interessant te wees om te sien met watter oorspronklike idees Ian Roberts as 'n regisseur vorendag kom. Dié bebaarde akteur is bekend vir sy eiesoortige karakters, soos Sloet Steenkamp in *Arende*, en meer onlangs die verwonde Kolonialer, Frans, in *Veldslag* en ook vir 'n hele paar komiese skorriemorries in TV-advertensies. Met die Zoeloe-reeks *Yabosh'Imamba*, of Mr Mamba in Engels, is Roberts aan die stuur van 'n lekker wilde aksiereeks oor 'n veiligheidshoof, James Mamba (Peter Nkwanyana), wie se werk dit is om die veiligheid van 'n groot winkelkompleks en dié se huurders te verseker. Dié werk behels heelwat krisisse rondom ontvoerders, gewapende rowers, of 'n hyser wat vashaak met 'n swanger vrou binne-in. Die reeks is geskryf deur Ian Yule en word Woensdagaande om 8nm op TV2 vertoon.

Ook op TV4 begin 'n nuwe reeks, maar dié keer is daar min aksie, baie onbekende name, en heelwat oorbekende situasies. *Married People* begin vanaand om 10:40nm op TV4 en wentel om die wel en wee van drie getroude paartjies in New York. (Iets soos *227*, en verveliger kry jy nie sommer nie.) Daar is die ouerige verhuurders, die yuppie amper-ouers en die pas-getroudes. En almal woon saam in dieselfde woonstelgebou. *Lace* se Bess Armstrong is een van die spelers.

**MUSIEK VIR DIE SIEL**

Dit is nou twee dekades sedert die dood van die man met die fluweelstem, Nat King Cole. En steeds verkoop sy plate soos soetkoek. Sondagaand om 10:57nm kan TV4-kykers inskakel op die skitterende dokumentêr oor die beroemde jazz-musikant, die eerste wat gemaak is in oorleg met Nat se weduwee, Maria: *The unforgettable Nat King Cole*. Dié program gaan terug na Nat se kinderjare as die seun van 'n Baptis-prediker in Montgomery, Alabama en Chicago. Beeldmateriaal van sy eerste musiekgroep, die Nat King Cole Trio, en dié se optredes word gebruik. Uittreksels uit tuisvideo's word gebruik asook uittreksels uit die NBC-TV-reeks oor hom, die eerste reeks oor 'n swart musikant wat nog op 'n Amerikaanse TV-kanaal vertoon is.

'n Troebel tyd in Nat se lewe was toe hy deur sy eie mense verwerp is omdat hy voor aparte gehore in die Suide opgetree het. Nat se verweer was: die beste manier waarop hy rasse-harmonie kan bevorder, is om alle rasse deur middel van sy musiek te vermaak.

Van Nat se vriende en kollegas wat aan die program deelneem, is Frank Sinatra, Harry Belafonte en Ella Fitzgerald. Alan Lewens is die regisseur.

## HOOGTEPUNTE

**VANAAND:**
* Married People om 10:40nm op TV4, 'n nuwe komediereeks.
* Die uiters genotvolle Dirty Rotten Scoundrels om 7nm op M-Net, met Michael Caine en Steve Martin wat mekaar die stryd aansê as die nommer een-bedrieër in die geselskap van ryk vroue.
* En vir ou laas 'n fliekfees op M-Net tot vroegoggend vanaand en môre.

**MÔRE:**
* Kode IFB17, 'n nuwe polisiereeks met Lloyd Bridges as die korrelkop-speurder Joe Forrester, om 11:10vm op TV1.
* Ladyhawke om 9:30nm. op TV1, 'n romantiese fantasie uit die Middeleeue, met Matthew Broderick, Michelle Pfeiffer en Rutger Hauer.
* Die slot van Equal Justice om 8:35nm. op TV1, met LA Law wat oor twee weke in dié kykgleuf begin.
* Charlie Chaplin: The Little Tramp om 12:45vm op M-Net, 'n huldeblyk.
* Too Close for Comfort, 'n nuwe reeks om 6:30nm op M-Net. Twee dogters trek in die kelder van hul ouerhuis in.

**SONDAG:**
* Ocean Dreams om 6nm op TV4, 'n nuwe reeks oor die lewe op Tuvalu-eiland.
* Unforgettable Nat King Cole om 10:57nm op TV4.
* Barbara Hendricks in Leningrad om 9:30nm op TV1, 'n musiekprogram.
* Elvis Good Rockin': Moody Blues om 8nm op M-Net, 'n dokumentêre reeks oor sy musiek en die begin van rock 'n roll.

**MAANDAG:**
* Seperate But Equal, 'n mini-reeks om 7nm op M-Net, met Sidney Poitier en Burt Lancaster.

**DINSDAG:**
* Athol Fugard gesels in Entertainment International om 10:49nm op TV4.
* Die tweede episode van Donna Looks Out om 10nm kyk na egskeidings en wie kry toesig oor die kinders.
* Die slot van Seperate But Equal om 7nm op M-Net.

**WOENSDAG:**
* The Big Time om 7nm op TV1.
* Die slot van Dit kom van ver af... om 10:20nm op TV1.
* Something Wild om 9nm op M-Net, verpligte kykstof met uitstekende spel deur Jeff Daniels en Melanie Griffith as onderskeidelik 'n lamsak-yuppie en 'n wilde vrou wat hom ontvoer. Ook met Goodfellas se Ray Liotta.

**DONDERDAG:**
* Cop om 9nm op M-Net, met James Woods as 'n speurder met 'n obsessie.
* De Gaulle, 'n boeiende ontleding van dié staatsman se persoonlikheid, om 9:04nm op TV4.
* The Arabians, 'n dokumentêre reeks in drie aflewerings oor die Arabier-perd. Om 11:30nm op TV1.

# YOLUNTU

**YOLUNTU, 'n dinamiese ontwikkelingsorganisasie in die Noordoos-Kaap, nooi mense om aansoek te doen om in die volgende twee poste by ons span aan te sluit:**

## 1. ALGEMENE SEKRETARIS

Die persoon is verantwoordelik vir
* die kontrole oor die algemene administrasie, alle boekhouding, en finansiële administrasie,
* die begeleiding en opleiding van personeel,
* skakeling met borge en ander instansies,
* die ontwikkeling van geriewe.

## 2. PROJEKKOöRDINEERDER

Ons soek 'n toegewyde, hardwerkende mens wat die leiers en komitees van projekte kan begelei en oplei, wat die proses van ontwikkeling en evaluasie in die organisasie kan vergemaklik, wat met ander organisasies kan skakel, navorsing en gevallestudies kan doen, verantwoordelikheid vir die uitbou van ons bronnesentrum kan aanvaar, en personeel leiding kan gee in die praktyk.

*Skakel 0553-30517 of 30502 na 2nm. Die voorsitter, Lauretta Swarts, sal verdere besonderhede gee en 'n aansoekvorm aan u pos. Ons faksnommer is 03502. Sluitingsdatum: 31 Mei 1991*

# SAKEVERNUF benodig vir 'n dinamiese KOöPERATIEWE pos

**Kan jy deel vorm van die span wat daarvoor verantwoordelik is om ons suksesvolle produksie-koöperatiewe in hul groot sprong vorentoe te begelei?**

In dié pos moet jy sake-geleenthede uitsnuffel, beplan om hulle te benut, en die dryfkrag en vernuf hê om hulle winsgewend te verwesenlik. Jy sal waarskynlik oor produksie-vaardighede beskik, met die vermoë om die daaglikse bestuur van Overberg Koöperatiewe Dienste te behartig.

Die suksesvolle kandidaat sal in staat wees om in noue kontak saam te werk met die Afrikaans- en Xhosa-sprekende werkers wat jou sal aanstel. Jy sal die risiko's én die opbrengste met hulle deel. Boonop sal jy in 'n dinamiese en opwindende werkomgewing in die pragtige dorp Montagu werk. Kom onderhandel jou voorwaardes.

OCS is 'n dienste-koöperatief wat bestuurdienste aan drie suksesvolle produksie-koöperatiewe voorsien. Ons vervaardig uitstekende meubels en futon-matrasse. Ná 10 jaar in die bedryf beskou ons onsself as vaste en groeiende lede van die koöperatiewe sektor in Suider-Afrika. Stel jy daarin belang om deel te neem? Skakel Carol by 0234-41088 - of stuur 'n CV aan Kohlerstraat 12a, Montagu, 6720 vóór 20 April.

Hier het jy dit in jou hande: een van die opwindendste gebeurtenisse nog in die Suid-Afrikaanse media-geskiedenis.

Maar ons wil voorstel jy moet dadelik inteken op die tydskrif sodat jy dit gereeld by jou huis afgelewer of per pos aangestuur kan kry.

Dit is nie altyd ewe maklik om die tydskrif in jou naaste kafee of boekwinkel te kry nie, en boonop gaan ons verkoopprys binnekort skerp styg.

Vrye Weekblad kos nog op die oomblik R75 vir 'n jaar en R40 vir ses maande. Dit sluit AVB en afleweringskoste in. Stuur dus dadelik dié vorm aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113.

VWB

Ek wil op Vrye Weekblad inteken vir:

Twaalf maande ☐ Ses maande ☐

en sluit hierby 'n tjek/poswissel vir R ____ in.

Naam ____________________

Adres ____________________



# PAG
## Professional Assignments Group

## MANAGEMENT APPOINTMENTS

### FINANCIAL MANAGER - CA(SA)
**R100 000 - R120 000 HIGHLY NEG PACKAGE**

Develop your financial management career with this sound, successful insurance group. Your brief will be to manage the accounting function in its entirety. Your involvement will include, inter alia, tax, corporate planning, development of staff and development of computerised financial and operating systems on a project basis. Excellent career prospects into general management, exist for a young Chartered Accountant with highly developed people management skills. Contact Manuel Campos at 643-8471.

### FINANCIAL MANAGER - 2IC TO MANAGING DIRECTOR
**R100 000 + 13TH + CAR ALLOWANCE + PROFIT INCENTIVE**

As a result of strategic planning this subsidiary of a heavy engineering group has a demanding position for a CA leading to Financial Director within two years. Control of the full financial and management accounting function will include implementing standard costing systems, monthly reporting and analysis, forecasting and staff supervision with extensive use of Lotus 123. The exposure, as this company expands, cannot afford to be missed. Please contact Sandi de Sarigny at 643-8471.

### DIVISIONAL FINANCIAL MANAGER DESIGNATE
**(RECENTLY QUALIFIED CA'S) - R90 000 (INCLUDING 13TH) + BMW 318**

An aggressive division of a listed group requires a similarly abitious and goal driven personality. Reporting into a dynamic and creative CA(SA), this challenge includes revitalising and refining an extensive network of accounting and associated systems, involvement in the implementation of a state of the art computer and its software, strategic planning, capex, export interface and reporting. For further information of this confidential appointment, please contact Gerald Lilian at 643-8471.

### FINANCIAL MANAGER
**R90 000 + 13TH + CAR**

A leading company in its field requires a young and ambitious CA or exceptional B.Degree with a hands-on and practical approach to control their head office accounting team. Ideally, you will have manufacturing and/or wholesale exposure, with budgeting, forecasting and management reporting as key areas of experience. Rapid and real growth opportunities lie ahead for the right candidate within this dynamic, high tech components group. Contact Steve Gaydon at 643-8471.

### MANAGEMENT ACCOUNTANT - CA(SA)
**R84 000 + CAR**

Highly successful and dynamic manufacturer, a subsidiary of a major listed group, has created a unique opportunity due to an internal promotion. The successful applicant will be involved in the international trading of a rare commodity utilised in the production process, and very high level projects. This is a young, vibrant team, and a flat structure exists, allowing for personal growth and initiative. Successful applicants should be Chartered Accountants with very good interpersonal skills. Contact Manuel Campos at 643-8471.

### FINANCIAL MANAGER
**R5 500 - R6 300 + 13TH + CAR/CAR ALLOW.**

Join a "market leader" whose profitability and good name precedes it in the market place. This company is a subsidiary of a listed group which manufactures a number of essential consumer and industrial products. Key responsibilities include establishing a hybrid standard/job costing system, refining existing systems, monthly and year end reporting, insurance control, budgets, cash flows and annual strategic planning. If you have a qualification (or near completion) with at least two to three years' commercial experience, can communicate effectively and possess drive and initiative, then please contact Gerald Lilian at 643-8471.

### FINANCIAL ACCOUNTANT
**NORTH EASTERN TRANSVAAL**
**NEG PACKAGE INCLUDES HOUSING, RELOCATION, ETC**

This position offers excellent training and progression within a large organisation for a young B.Comm graduate with three years' experience. Initially take responsibility for co-ordinating staff inputs to general ledger. Produce final accounts on Lotus 123 and administer statutory records. As winter approaches the Reef, bask in the temperate climate of the sub tropics. For details, contact Sandi de Sarigny at 643-8471.

### COST ACCOUNTANT (WITH UPWARD MOBILITY)
**R65 000 + CAR ALLOWANCE**

A manufacturing subsidiary of a national listed company has created this position due to a recent merger. You will eventually take full responsibility for the accounts function with initial emphasis on streamlining the costing function. Ideally you should be a B.Comm graduate (or near completion) or NDCA with at least two years' experience in a manufacturing environment, solid exposure to costing systems with aspirations to grow within this well known group. Call Donald Currie at 643-8471.

### ADMINISTRATOR (MALE OR FEMALE)
**R4 500 - R5 000 + 13TH + CAR**

A newly created position exists as a result of the decentralisation in a manufacturing and distribution group. Duties are broad and include administering two warehouses, extensive control of a large debtors book, financial accounting for a small subsidiary, cash flow control, salaries/wages administration, controlling overhead expenses and quarterly stock taking. It is envisaged as further decentralisation occurs, responsibilities will expand. This position would ideally suit a candidate with a solid track record in a commercial environment and who is self driven. Please contact Gerald Lilian at 643-8471.

## ENGINEERING APPOINTMENTS

### PROJECT ENGINEER - PROCESS PLANT
**R120 000 NEG**

A leading engineering contractor has a position for a mechanical or electrical engineer to supervise sub-contractors in the installation of process plant. Responsibilities include planning of work, cost control and liaising with the client and head office staff on design changes. Applicants should have site supervision experience in a multi-disciplinary environment and be fluent in Afrikaans. Contact Ian McPherson at 643-8471.

### B.Sc MATERIAL SCIENTIST / PHYSICAL METALLURGIST
**SALARY HIGHLY NEGOTIABLE**

An opportunity for a senior material scientist has arisen in the research/project division of a private non-military company. Duties involve the dual functions of department and staff management as well as the participation in ongoing research. Minimum requirements for this position are at least a degree plus four to five years in a material science related position. Three further opportunities for physicists/material scientists exist within this same organisation. For more information, contact Sheila Moran at 643-8471.

### CONTRACTS MANAGER - SHOPFITTING
**R60 000 + CAR - (CAPE TOWN)**

A unique opportunity exists with a top shopfitting company for an experienced, hands-on contracts manager to ensure the smooth running of all projects from start to finish. Good interpersonal skills, coupled with a conscientious approach to the job in hand, are essentials for this challenging role, which offers unlimited potential to the right person. For further information, call Ken Noble at (021) 24-4849.

| | | | |
|---|---|---|---|
| PARKTOWN: | (011)643-8471 | PRETORIA: | (012)44-1190/1-8 |
| CAPE TOWN: | (021)24-4849 | EAST RAND: | (011)970-3403/7 |
| DURBAN: | (031)21-7083 | SANDTON: | (011)783-8801 |

SACOB

PAG Limited - Reg no: 70/08484/06 - P O Box 52310, SAXONWOLD 2132 - HEAD OFFICE - TEL: (011) 643-8471

# Grillig, *Goties* en genotlik

**AND THE ASS SAW THE ANGEL**
DEUR NICK CAVE
PENGUIN (R29,99)

**MARTIN STEGMAN**

Dat só 'n rare bewoner van rock se donkerste grotte nou 'n goeie boek kan skryf. Nick Cave is 'n Australiër wat al 'n hele paar jaar die alternatiewe smake bevredig met sy musiek - eers in die groep The Birthday Party en sedertdien saam met sy eie groep, The Bad Seeds. Sy wriemelende selfheid was vlugtig te sien in die rolprent *Wings of Desire*.

Die grillige, Gotiese stemming van sy musiek en sy voortreflike lirieke is ook in sy eerste roman. Cave en Iain Banks (The Wasp Factory) is soos Brolloks en Bittergal - twee grimmige geesgenote wat hul nagmerries goed genoeg onthou om dit die volgende oggend neer te skryf.

Die boek gaan oor 'n eksentrieke sekte in 'n vallei waar dit op 'n dag begin reën asof die sondvloed net 'n voorvertoning was. Dit alles weens sonde met die bure - want al glo almal dat dit straf van bo is, wil niemand bely solank daar iemand anders is om te beskuldig nie.

Euchrid is die hoofkarakter, die stom seun van 'n ma wat heeltyd besope raak met haar eie brousel en 'n moerige pa wat op 'n dag sy vrou van die aarde vee. Pa en seun gaan begrawe ma, dan word pa gestraf met 'n ongeluk op die kleinhoewe - maar nie voor hy 'n kind verwek het by die dorpslet nie. En dis die kind se geboorte wat die son laat deurbreek oor die vervloekte grond van Ukulite Valley.

Die dorp verafgod die kind Beth en haat Euchrid. Albei word op hul manier slagoffers van bygeloof en fanatisme. Die afloop is so onvermydelik soos die dood...

Cave probeer sy boek 'n argaïese klank gee met ou en poëtiese woorde waarmee selfs die magtige Collins 'n mens nie altyd kan help nie. Dit beduiwel die leesplesier so effens.

Dié foefie kon ou Nick gelos het. Maar die skrywery sal hy hopelik nie los nie - dit sal 'n sonde wees. VW


JOHN BERGER

## COSAW-VOORLESING

*Cosaw bied 'n voorlesing aan van prosa en gedigte van skrywers wat in ballingskap en gevangeneskap was, of wat maar net bloot tuis gemuilband is. Jeremy Cronin, Don Mattera, Barbara Masekela en Mothobi Moutloatse sal voorlees.*
*Maandag 15 April om 6nm by die Mark-Labatoruim, Newtown. Vir verdere inligting skakel Julia by (011) 836 9594.*

# 'n *Leeftyd* se liefde

**ONCE IN EUROPA**
DEUR JOHN BERGER
GRANTA (R24,99)

**PEARLIE JOUBERT**

As elke gebeurtenis 'n naam kon kry, sou stories nie nodig gewees het nie. Maar soos dinge nou is, het die lewe ons woordeskat verbygesteek. 'n Woord is weg en dáárom moet die storie vertel word.

Byna soos 'n ouma wat in die winter Brolloks en Bittergal vir haar kleinkinders voorlees, vertel John Berger in *Once in Europa* van die lewe van die inwoners van die Franse Alpe.

Berger kan stories vertel. Hy kan vertel van die viriliteit van mans, hy kan vertel dat musiek wat van buite kom eintlik binne gehoor word, van hoe lig Félix se ma se kop is - so lig soos 'n kropslaai, van Boris wat sy groot hande uitsteek en aan die gesette blondine se heupe raak...

In *Once in Europa* vertel Berger in vyf kortverhale van 'n leeftyd se liefde, eensaamheid en musiek. Hy vertel van die lewe van Félix, die trekklavierspeler; Boris wat met gemak 70 kilogram kon oplig en op 'n ander man se vrou verlief geraak het; Marius wat op 70 nog nie een grys haar op sy kop gehad het nie en verlief geraak het op die 23-jarige Danielle wat haar pa se vyf koeie en paar bokke opgepas het.

In die titelverhaal word die lewe van Odille en Michel beskryf. Odile wie se pa haar eendag met brandnetels moes slaan omdat sy nie haar niggie opgepas het nie.

"You have to punish Odile, my mother said to him when he arrived and she handed him a cloth to hold the nettles with. She pulled up my pinafore. I was wearing nothing underneath.

"Father stood there, still as a post. Then, picking up the nettels, he held them under the tap and turned on the water.

"Like this it'll hurt less, he said. Leave her to me.

"My mother went indoors and my father flicked the water from the nettels onto my backside. Not a single nettle touched me. He saw to that."

En die toorkrag van *Once in Europa* lê nie net in die pa wat byna as 'n sensuele gebaar die waterdruppels op sy dogtertjie se kaal rug spat nie, maar ook in die beskrywing van Michel wat Odile agter op sy motorfiets Italië toe bring en later sy bene in 'n motorfietsongeluk verloor. En van Michel wat later met sy twee houtbene vir Odile vertel dat hy gelukkig is omdat hy nie saam met spoke leef nie.

In die laaste verhaal in die boek, "Play me something", vertel Berger van Bruno met sy tromboon tussen sy bene en van Marietta met haar pers lipstiffie en wit sandale. Van Bruno wat dink, terwyl hy na Marietta se klein voetjies kyk: "...everything between a man and a woman is a question of how much you give up of one thing to have another - an exchange."

Berger weet hoe om die wêreld te beskryf soos die oë dit sien, en nié soos die rede dit verstaan nie. Hy is een van die min skrywers wat in twee sinne 'n wêreld se eensaamheid en liefde, somer en winters kan beskryf.

Nadat Odile se Russiese geliefde, Stepan, op 31 Julie half-vyf die oggend dood is, bly sy op die bed lê wat Stepan gemaak het. Die bed met die uitgekerfde rose in die kopstuk.

Sy onthou: "One Saturday we went for a walk in the snow. He was wearing blue wool mittens. As we walked, his arm round my neck and one of his huge blue woolen hands on my shoulder, he told me a story. Once there were two bears asleep under a rock. Their fur was all white with hoarfrost. The smaller of the two opened her eyes.

Mischka! she growled.
Mouchenka! growled the other.
We can speak! Say something. Say a word.
Honey, he growled.
Snow, she said.
Spring, he said.
Death, she said.
Why death? asked Mischka.
As soon as we speak, we know death. VW


# LEESKEUR / MUSTREADS

J L VAN SCHAIK UITGEWERS
**NOSTRADAMUS**
Gister, vandag en môre
Eben Meiring
Wat het Nostradamus regtig voorspel? Lees dit self in die boek waaroor almal gons

New From RAVAN PRESS
**THE CAPE OF STORMS**
by TONY HEARD
Ex-Editor of the Cape Times
HARDCOVER R44,95

New From RAVAN PRESS
COMMANDING heights and COMMUNITY control
new economics for a new South Africa
By Patrick Bond R9,95

David Philip Publishers
**LEARNING FROM ROBBEN ISLAND**
The prison Writings of Govan Mbeki
R29,99
Valuable material for any study of the ANC-SACP alliance.

NEW FROM THE PENGUIN GROUP
**WHERE THE LION WALKS**
GARETH PATTERSON
Published by VIKING R59.99

V VINTAGE
Rian Malan
**MY TRAITOR'S HEART**
Now in Paperback!
Only R24,99

Beskikbaar by alle vooraanstaande boekhandelaars
Om te adverteer skakel Louwrins Potgieter by (011) 836-2151

SPORTRUBRIEK
TINUS HORN



# Skrap 'moratorium' uit jou woordeskat; die nuwe modewoord is 'Barcelona'

Daar was die laaste paar weke 'n nuwe gees in sportkringe te bespeur. Die moontlikheid dat Suid-Afrika volgende jaar weer aan die Olimpiese Spele kan deelneem, is die bevestiging van 'n vermoede wat baie sportlui lankal koester: die moratorium se dae is getel.
Die nuwe benadering onder veral ons atlete word reeds duidelik in hul vertonings weerspieël.
Tot onlangs nog het byna alle gesprekke oor sport iets met die moratorium te doen gehad. Nou geniet dit dieselfde status as 'n "has been"-bokser. En niemand dink meer Danie Craven praat uit sy beurt as hy vertel dat die Springbokrugbyspan dalk in Julie deur Argentinië gaan toer nie.
Ongelukkig lyk dit asof al die geesdrif ons sportlui laat vergeet van hul pragtige voornemens om gelyke geleenthede te bevorder, en so aan. Nou praat ons net internasionale mededinging en Olimpiese Spele.
Al die sportboikot se tande is natuurlik nog nie getrek nie. As die Internasionale Olimpiese Komitee nie oor vyf maande tevrede is met die vordering wat hier gemaak word om alle sportlui op 'n gelyke grondslag te plaas nie, is ons kans om volgende jaar 'n Olimpiese span Barcelona toe te stuur, daarmee heen.
En Craven moet dalk steeds effens versigtiger wees as wat hy deesdae is. Dit sal 'n ramp wees as een man se ooryweringheid alles vir ander mense bederf.
Dis nietemin goed dat hy planne smee. Dit verhinder dat die voorstanders van die moratorium die indruk kry dat hulle in beheer van sake staan en bevele kan uitdeel.
Die sportboikot se welslae was deur die jare veral toe te skryf aan die feit dat dit die steun van die internasionale sportgemeenskap gedra het.
Dit is nie werklik meer die geval nie. As 'n mens Craven kan glo (kan 'n mens?) staan al die wêreld se voorste rugbyspanne reeds tou om teen Suid-Afrika te speel. Teen volgende jaar sal ons kan begin om ons teenstanders te kies.
Dieselfde geld ons krieket. Die insinking wat Engeland beleef, en Australië se herlewing, het die laaste jaar of twee tot 'n hele paar baie eensydige reekse gelei. Suid-Afrika sal nuwe lewe in die internasionale arena blaas, al hou ons dalk nie nou al 'n bedreiging vir die Aussies of vir Wes-Indië in nie.
Maar voor ons op loop gaan met al die wonderlike vooruitsigte, moet ons onthou wat Suid-Afrika die afgelope 30 jaar die muishond van die wêreld gemaak het, en maklik weer kan maak: rassisme.
Dié gogga is ongelukkig nog alive and well, as die vrot behandeling wat die junior atleet Simon Banda by die Suid-Afrikaanse junior byeenkoms gekry het, enige maatstaf is.
Nadat Banda die 800m vir seuns onder 19 verrassend gewen het, is hy glo daarvan beskuldig dat hy te oud is. Hy is ook vir opkikkers getoets. Dit was natuurlik vir hom 'n groot verleentheid en hy het hom aan die 1 500 onttrek.
Daar is egter vandeesweek bo alle twyfel vasgestel dat daar niks met Banda se geboortesertifikaat geskort het nie.
Die sondaar wat Banda se dag bederf het, wou later sy fout herstel deur 'n groterige som geld te skenk, kwansuis om Banda se loopbaan te bevorder. So al asof hy meen geld kan vergoed vir die verleentheid én die verbeurde eerste plek in die 1 500.
'n Mens wonder net of enigiemand dit sou waag om goedsmoeds soortgelyke beskuldigings na 'n wit atleet te slinger.
Dit sal jammer wees as mense soos Willie Mtolo, Myrtle Bothma, Elana Meyer en Zola Pieterse die kans ontneem word om aan volgende jaar se Spele deel te neem. Maar as ons niks uit ons foute van die verlede geleer het nie, verdien ons ons plekkie in die woestyn. VW

## DIE WEEK SE TV-SPORT

M-NET se regstreekse uitsending van albei halfeindstryde in die reeks om die Engelse FA Cup, is die naweek se groot TV-sport-hoogtepunt.
In die eerste wedstryd (Sondag, 13:00) pak Arsenal en Tottenham Hotspur mekaar en om 16:30 kom West Ham teen Nottingham Forest te staan.
Arsenal staan 'n uitstekende kans om vanjaar die FA Cup én die liga te wen. Hy is tans gerieflik voor Liverpool in die Liga, en die oorweldigende gunsteling teen Tottenham. Na verwagting sal nie een van die spanne in die ander halfeindstryd teen Arsenal opgewasse wees nie.
Die SAUK se hoogtepunt is oorskakelings na die Amerikaanse Meesters-gholftoernooi op Augusta (Saterdag, 23:30 en Sondag, 23:00).

**SAUK:**
Vrydag, 12 April: TV1, 18:30 - Gillette World Sports Special; TSS, 21:00: Hobiecats by Langebaan, Perdeteling en Internasionale boks.
Saterdag, 13 April: TV1, 12:00 - Smirnoff se sportster van die maand; Junior Sport; Perdewedrenne: Topsport Bloodline Million op Turffontein; Bruce Fordyce se wenke aan hardloper; Gholf: Amerikaanse Meesters (hoogtepunte van 1990 se toernooi). TSS, 21:00: Internasionale bokstoernooi; TV1, 23:30 - Gholf: Amerikaanse Meesters vanaf Augusta.
Sondag, 14 April: TSS, 12:00 - Junior Sport (heruitsending); TV1, 23:00 - Gholf: Amerikaanse Meesters vanaf Augusta.
Maandag, 15 April: TV1, 21:00 - Gholf: hoogtepunte van die Amerikaanse Meesters.
Dinsdag, 16 April: TSS, 21:00 - Motorsport: hoogtepunte van die Daytona 500; Gholf: Sharp se winter-reeks.
Woensdag, 17 April: TSS, 21:00 - Waterski.
Donderdag, 18 April: Gholf: Die Europese toernooireeks.


**M-NET:**
Vrydag, 12 April: 18:30 - The World of National Panasonic.
Saterdag, 13 April: 13:30 - Gholf: Amerikaanse PGA-reeks; 14:30 - Rugby: vriendskaplike wedstryd tussen Transvaal en Vrystaat op Ellispark; 16:00 - Engelse sokker (regstreeks); 17:45 - Motorsport News.
Sondag, 14 April: FA Cup-halfeindstryd tussen Arsenal en Tottenham Hotspur, regstreeks vanaf Wembley; 14:45 - The World of National Panasonic; 16:30 - Tweede FA Cup-halfeindstryd: West Ham teen Notts Forest, regstreeks vanaf Villa Park; 18:15 - hoogtepunte van eerste halfeindstryd; 22:15 - Tennis: Suntory Japannese Ope.
Dinsdag, 16 April: Ironman Super Series (5) wat op Portsea, Victoria, beslis is.

# Is Bruce se Comrades-kans daarmee heen?

*Hazel Woodward*

Tradisies en bygelowe speel nogal 'n groot rol in die land se beroemdste Comrade, Bruce Fordyce, se voorbereidings vir ons bekendste padwedloop.
Daar is tientalle rituele wat hy moet volg voordat hy die Comrades met sy gewone selfvertroue kan pak:
Hy bly elke jaar in dieselfde kamer in die Hotel Imperial; voor Comrades bak sy ma vir hom sy gunsteling wonderlike super-doeper-sjokoladekoek; elke jaar verower hy sy silwermedalje by die Twee Oseane-ultra deur die wenstreep oor te steek sekondes voordat die skoot klap.
Vanjaar het hy soos altyd saam met 'n hele trop ander manne gedraf. Soos altyd het hulle hartlik gelag en gesels.
In die straat voor die stadion het Bruce oudergewoonte gestop om sy makkers vir oulaas aan te moedig. Ná 'n paar sekondes voor die hek het hy horlosie se kant toe gekyk en weer begin draf.
(Terloops: 'n paar hardlopers wat begin moed skep het toe hulle Bruce sien, kon net mismoedig toekyk hoe hy onder hulle uit nael.)
Toe Bruce die laaste pylvak eindstreep toe aanpak, kyk hy vir oulaas na die groot horlosie naby die wenstreep - en wip soos hy skrik. 3:59:47, lees hy.
Daardie spierwit boskasie staan soos 'n vlam soos hy hol. 'n Skrale vyf tree voor die eindstreep klap die skoot. Bruce spring soos 'n gewonde haas wenpaal toe, maar dis natuurlik te laat.
Daar word hier nie eens van legendes uitsonderings gemaak nie. Bruce is sy silwer kwyt.
Nonchalant sê hy: "Ons het teruggegaan vir een te veel van die manne. Dis al."
Maar sy bablablou-oë verklap 'n ander emosie. Dit lyk of die trane bra vlak lê.
Half skare-manipuleerder, half klein seuntjie, lyk hy soos iemand wat so pas gehoor het hy het melaatsheid opgedoen, en die beste daarvan probeer maak.
Ons hoop maar dit pla hom nie te veel op 31 Mei nie. VW

# DIE MEESTERS



## *nie die grootste nie; net die beste*

VIR 'N PROFESSIONELE GHOLFSPELER, SÊ HULLE, BEGIN DIE JAAR IN APRIL. ALLES WAT IN JANUARIE, FEBRUARIE EN MAART GEBEUR, IS NIKS MEER AS 'N OEFENLOPIE VIR DIE AMERIKAANSE MEESTERS OP AUGUSTA, GEORGIA NIE. **TERRY KIRK** VERTEL MEER OOR DIÉ BEROEMDE TOERNOOI, WAARIN *NICK FALDO* (FOTO) VANDEESWEEK NA 'N UNIEKE DRIEKUNS MIK

Iemand het op 'n keer gesê as jy wil weet hoe dit voel om aan die Meesters deel te neem, moet jy jou net indink hoe dit sou voel om gholf in 'n kerk te speel.

Hoewel die Meesters eers in 1934 ontstaan het en dus die jongste van die "groot vier" is, maak tradisie en 'n glorieryke geskiedenis Augusta in baie spelers én geesdriftiges se oë selfs belangriker as St Andrews, tuiste van die Britse Ope en die "hoofkwartier" van wêreldgholf. Teenstrydighede is volop wanneer 'n mens aan Augusta dink.

Die Meesters is die een toernooi waar die organiseerders - en nie die TV-geldbase nie - afslaan- en uitsaaityе bepaal. Vir die kommersiële oordaad wat moderne sport kenmerk, is hier geen plek nie. TV-advertensies tydens die Meesters word tot slegs vier minute per uur beperk. Aan die ander kant weet jy sonder twyfel jy is in Amerika wanneer jy verneem die water word spesiaal blou gekleur om mooier op die klein skermpie te vertoon.

Die Meesters was van die begin af vir grootsheid bestem. Dié toernooi is die geesteskind van Bobby Jones, wêreldgholf se eerste legende, wat in 1930, op 28-jarige ouderdom, ná 'n briljante loopbaan as speler uitgetree het om sy eie baan te skep waarop hy elke jaar sy eie toernooi sou aanbied.

Jones wou nooit hê die toernooi moet met die Amerikaanse of Britse Ope meeding nie. Daarom het hy spelergetalle van die begin af beperk. Tot vandag toe kan slegs die "room van die room" van die wêreld se gholfspelers daarop reken dat hulle 'n uitnodiging na dié spogtoernooi sal ontvang

(Om hier te kan speel, moet jy kwalifiseer met prestasies in die wêreld se ander groot toernooie. En selfs dan word jy slegs op uitnodiging in dié heiligdom toegelaat.)

Dit geld toevallig ook die toeskouers; jy kan nie kaartjies by die hek koop nie. Hulle word net aan "die regte mense" verskaf.

Maar ondanks Jones se pogings om die toernooi klein, dog belangrik te hou, het die publiek en die media die Meesters in een van die "groot vier" omgeskep.

In 'n peiling wat verlede jaar deur die Amerikaanse tydskif *Golf Digest* gedoen is, het die wêreld se voorste spelers die Amerikaanse en Britse ope toernooie saam as die wêreld se belangrikste gholfgebeurtenisse gekies. Maar hulle was dit eens dat niks met die atmosfeer van die Meesters kan vergelyk nie.

Jack Nicklaus, wat die Meesters 'n verstommende ses keer gewen het, meen die Meesters is nie so belangrik soos die ope toernooie nie, omdat hy nie toeganklik is vir al die wêreld se voorste spelers nie. "Maar as ek moet sê watter toernooi my gunsteling is, sal ek die Meesters keer op keer kies."

Die Meesters is die een toernooi waarin jy nie jou wengeld tel voordat jou sethou op die agttiende veilig in die putjie beland nie. Verhale van spelers wat op die laaste dag moes toekyk hoe hul wenkans vervaag, is volop.

In 1935, die tweede jaar in die Meesters se geskiedenis, het dit gelyk asof Craig Wood die wenner sou wees. Nadat hy sy ronde voltooi het, was hy drie houe voor Gene Sarazen, wat vier putjies oorgehad het.

Sarazen sou dus drie voëltjies moes aanteken. Dit was egter nie nodig nie. Op die vyftiende (syfer 5) het hy sy tweede hou regstreeks in die putjie geslaan vir 'n ongelooflike albatros.

Hy het sy oorwinning in 'n uitspeelwedstryd beklink en so die eerste speler geword wat al vier "grotes" kon wen.

In 1936 het Horton Smith ses houe op die laaste dag ingehaal om Harry Cooper te klop; in 1937 het Byron Nelson die twaalfde en dertiende in twee en drie gespeel terwyl die voorloper, Ralph Guldahl, vyf en ses aangeteken het; in 1954 het die amateur Billy Joe Patton op die laaste dag die voortou geneem met 'n volmaakte gelukhou op die sesde, maar sy wenkans verbrou toe sy balletjie by die dertiende in die water beland het.

Twee jaar later was nog 'n amateur, Ken Venturi, ná drie rondes vier houe voor. Op die laaste dag kon sy senuwees dit nie hou nie. Hy moes 79 speel om hom van 'n plek in die uitspeelwedstryd te verseker, maar moes met 'n teleurstellende 80 tevrede wees.

In 1961 moes Arnord Palmer vier houe op die laaste putjie aanteken om Gary Player te klop. Hy het 'n ses op sy telkaart ingevul.

Player, wat nog altyd bekend was vir sy onverbeterlike veggees, was in 1978 met tien putjies oor nog sewe houe agter Ken Green. Hy het eerste gespeel en voëltjies op sewe van die tien putjies behaal vir 'n onvergeetlike rondte van 64.

Op die laaste putjie moes Green 'n sethou van drie voet inslaan om gelyk te trek. Sy balletjie het op die rand van die putjie gaan lê.

Net een ander Meesters sal langer onthou word: 1986. Dit het op die laaste dag na 'n uitgemaakte saak gelyk dat Severiano Ballesteros sou wen nadat hy op die dertiende 'n skitterende arend behaal het, maar 'n aaklige hou het op die vyftiende in die water beland om sy aanslag te beëindig. Billy Joe die tweede.

Dit is waar Jack Nicklaus, destyds al 46 jaar oud, in die prentjie gekom het. Hy het die toernooi in 1963 vir die eerste keer gewen en 23 jaar later was hy steeds die meester van die Meesters; dit het hy met 'n 65 op die laaste dag bewys.

Die naaswenners, Tom Kite en Greg Norman, het albei op die laaste putjie betreklik maklike sethoue verbrou wat hulle saam met Nicklaus eerste sou plaas.

In 1989 was Scott Hoch die man wat moes toesien hoe 'n oorwinning uit sy hande glip. In die uitspeelwedstryd moes hy van slegs twee voet inrol om 'n oorwinning te beklink.

Dit was mis. Op die volgende putjie het Nick Faldo met 'n sethou van meer as 25 voet geslaag en die wentjek só in sy sak gestop.

Legendes word nie noodwendig hier gebore nie, maar hulle trek ongetwyfeld hier saam. Sarazen, Nelson, Demaret, Snead, Hogan, Palmer, Player, Nicklaus, Watson, Ballesteros. En nou Faldo.

As Faldo vandeesweek wen, sal hy die eerste speler word wat die Meesters drie keer agtereenvolgens wen. Ten spyte van al sy welslae die laaste paar jaar, word hy nog nie werklik onder die heel grotes gereken nie; 'n driekuns sal hom van onsterflikheid verseker.

Anders as in die twee groot ope toernooie, is daar in die geskiedenis van die Meesters geen laagtepunte nie.

Die onverbeterlike groen skoonveld en die verruklike dennebome - of is dit dalk die helderblou water? - bring jaar ná jaar die beste in die room van wêreldgholf na vore. VW

# Afrika gaan *dood* van die honger

**DIE HONGERSNOOD IN AFRIKA GAAN VANJAAR DIE GROOTSTE RAMP IN MENSEHEUGENIS VEROORSAAK, SÊ DIE VVO. TOT 25 MILJOEN MENSE KAN DOODGAAN OMDAT HULLE WEENS 'N KOMBINASIE VAN BURGEROORLOË EN DROOGTE GEEN KOS HET NIE. EN IN DIE NAASTE TOEKOMS GAAN DAAR GEEN VERLIGTING WEES NIE, SKRYF PETER WILLIAMS**





OUD EN JONK IS SLAGOFFERS VAN HONGER (FOTO'S: AIMAFRAPIX)

Toe die Golf-oorlog gevoer is, het die hele wêreld vasgenael gesit en kyk na die slagting. 'n Veel groter slagting in Afrika - wat miljoene lewens kos - gaan egter ongesiens verby. Dit is die krisis van armoede en hongersnood wat groot dele van die vasteland in 'n doodsgreep geknel hou.

Vroeër vandeesmaand het die VVO gewaarsku dat massa-hongersnood weens 'n moorddadige kombinasie van burgeroorlog en droogte ses Afrika-lande vanjaar in die gesig staar - Angola, Etiopië, Liberië, Mosambiek, Somalië en Sudan.

Tot 25 miljoen Afrikane kan vanjaar weens hongersnood sterf - 9 miljoen in Sudan alleen. (In vergelyking hiermee is in die ganse Tweede Wêreldoorlog 40 miljoen mense dood.)

Ook in Tsjaad, Mauretanië en Niger gaan die kleinboere se kosvoorraad binnekort uitgeput wees.

Frederick Machmer, die hoof van Amerika se hulpprogram in Sudan - die grootste hulpprogram in Afrika, sê die hongersnood vanjaar is "die grootste ramp wat die wêreld nog getref het".

Selfs die reuse-bedreiging van Aids is op die oomblik minder skrikwekkend as die sterftes weens hongersnood.

Die VVO se Food and Agriculture Organisation (FAO) skat Afrika gaan vanjaar 'n voedseltekort van 5,1 miljoen ton hê, teenoor die hulpvoorraad van 2,9 miljoen ton wat die Weste in 1989/'90 aan die vasteland besorg het. Swak oeste in selfs die enkele lande wat gewoonlik 'n oorskot produseer, soos Zambië en Suid-Afrika, vererger die situasie.

*"Die vryheid om in volslae armoede te lewe en te sterf, geteister deur siekte, ongeletterdheid en hongersnood, kan nie een van die vryhede wees waarna Afrikane strewe nie."*

Koshulpagentskappe vrees ook dat die Weste minder kos vir Afrika beskikbaar sal hê weens 'n mededingende aanvraag uit die Oos-Europese lande en die Midde-Ooste, waar duisende vlugtelinge deur die Golf-oorlog haweloos gelaat is.

Dis is min hoop op verligting in die naaste toekoms - en die nood word vererger deur die bevolkingsontploffing. Teen die jaar 2050, word geskat, gaan Afrika 2,3 miljard mense hê - 42 persent van die huidige wêreldbevolking en 10 keer meer inwoners as wat die vasteland in 1950 gehad het.

Dié bevolkingsontploffing word vererger deur die burgeroorloë wat in groot dele van die vasteland woed. Dis onmoontlik om klinieke vir gesinsbeplanning op 'n slagveld te bedryf. Dis ook 'n onbegonne taak om verarmde mense wie se kinders die een ná die ander weens ondervoeding sterf, te oorreed om nie meer kinders te hê nie.

Burgeroorloë, swak administrasie, korrupsie en gebrekkige paaie en vervoermiddels verhinder boonop die doeltreffende verspreiding van kos wat wel deur die Weste aan die honger lande gestuur word.

In Sudan, byvoorbeeld, was dit lank voor verlede November se misoes al duidelik dat daar 'n enorme voedseltekort gaan wees. In Desember het die VVO geskat die land gaan 'n voedseltekort van sowat 1,2 miljoen ton hê. Maar teen verlede maand het nog net 29 000 ton kos - minder as drie persent van wat vanjaar nodig is - die gebiede met die grootste hongersnood bereik. En wanneer die reënseisoen aanstaande maand begin, word die gewoonlik droë rivierbeddings onbegaanbare versperrings vir die vragmotors wat die kos moet aflewer.

Vanwaar die vertraging? Sudan se militêre regime het besluit tot 'n beleid van "selfbeskikking" en ontken dat die land 'n kostekort ervaar. Maande lank het hulle geweier om hulp van die Weste te vra. Eers in Februarie het hulle die erns van die situasie begin besef en sleepvoetend ooreenkomste begin aangaan wat dit vir Westerse lande moontlik maak om kos goedkoop te verskaf, met 'n mate van versekering dat dit die honger mense sou bereik.

Terwyl die hongersnood in Afrika die meeste Westerlinge koud laat, ontwikkel op dié vasteland ook 'n ekologiese ramp wat die hele aardbol oor 'n paar dekades kan aantas. Weens ontbossing, soos in Etiopië waar ganse plase wegspoel na die see, kan Afrika binne 50 jaar 'n groot woestyn word wat die vrugbare klimaat van Europa reuse-skade kan aandoen.

Die armoede het gewone landburgers in verskeie eenpartystate die laaste jare 'n oorgang na demokratiese administrasie laat eis. Maar selfs volslae demokrasie sal nog geen oplossing bring op 'n vasteland wat bitter min nywerheidsontwikkeling het en feitlik geen aantrekkingskrag vir Westerse beleggers nie. Omtrent al wat Afrika uitvoer, is grondstowwe.

Die huidige lot van die vasteland is pas opgesom deur die oud-staatshoof van Nigerië, genl Olusegun Obasanjo, toe hy die organisasie Human Rights Africa se 1991 Konferensie oor Menseregte in Oka, Nigerië, geopen het.

Stryders om menseregte in Afrika moet oplossings vir die vasteland se sosio-ekonomiese probleme voorrang laat geniet bó die beskerming van menseregte, het hy aan die kongresgangers gesê.

Wette en beleide wat die burgers van lande verarm, behoort behandel te word as skendings van hul basiese menseregte, het Obasanjo gesê.

"Die vryheid om in volslae armoede te lewe en te sterf, geteister deur siekte, ongeletterdheid en hongersnood, kan nie een van die vryhede wees waarna Afrikane strewe nie.

"Ek wonder dikwels wat beteken siviele of politieke regte vir dié mense wat geen ander keuse het nie as om onder brûe te woon, dié mense wat lewens- en produksiemiddele ontsê word sonder dat hulle 'n alternatief gebied word," het Obasanjo gesê.

"Die aanspreek van menseregte moet begin met die opheffing van ons mense uit armoede."

VW

# hoe lyk dié *spieël* vandag?

**SELLE OU STORIE**
**DEUR: PIETER-DIRK UYS**
**MET: SHALEEN SURTIE-RICHARDS, PETER BUTLER, SOLI PHILANDER EN PAULINE O'KELLY.**
**NICO MALAN-ARENA**

**ARNOLD BLUMER**

Sommige stukke word, soos goeie wyn, beter met veroudering. Selle ou storie is so 'n stuk. Dis in 1974 in die Buiten-Ruimte vir die eerste keer opgevoer. Toe word dit beperk, toe word die teks verbied - en nog later die opvoering self. Dié stukkie teatergeskiedenis is aan die mure van die Arena se kroeg opgeplak. As dit nie so hartseer was nie, sou jy kon rol van die lag oor hoe Afrikaanse amptenare met mossiebreine stelselmatig hul eie kultuur vernietig het. Besware was veral gemik teen die mengelmoes van Afrikaans en Engels op die verhoog en die baie vloekwoorde. "Ons Afrikaners praat nie so nie, " is gesê. Ek wonder wat nóú gesê gaan word, siende dat drie van die vier spelers sogenaamde "Kleurlinge" is; miskien: "Laat hulle maar voortgaan, hotnots praat mos so?"

Ester Viljoen (Shaleen Surtie-Richards) is 'n aktrise wat geen rolle meer kan kry nie, en haar selfbeeld is afhanklik van haar "aanhangseltjie", Rufus (Peter Butler), wat werkloos is en op sy beurt afhanklik van haar vir kos en onderdak. Maar Rufus het 'n verlede: sy verhouding met Gregory (Soli Philander), wat kom kuier. Greg het verander, hy het sosiaal bewus geraak deur die invloed van sy Engelse vriendin, Sandra (Pauline O'Kelly), en nou is hy "straight". Maar niemand weet dat dié kuiertjie deur Sandra beplan is nie. Sy wil van Greg ontslae raak en hoop dat hy en Rufus weer by mekaar uitkom. Onverwags keer Ester egter van 'n partytjie terug en die hele plan val plat.

Fyn en skerp waamemings van menslike verhoudings is die sterk eienskap van die stuk, en Shaleen Surtie-Richards beeld alle nuanses van dié verhoudings met verbluffende noukeurigheid uit. Peter Butler, daarenteen, ondervind ietwat moeite om die eweig te vind tussen luidrugtige grootbekkigheid en die kwesbaarheid van sy afhanklikheid. Dit kan met die teks te doen hê wat hom heelwat literêre, boekerige taal in die mond lê.

Soli Philander se spel hanteer die ewewig tussen Greg se afhanklikheid van Sandra se manipulasie en sy selfstandigheid ietwat beter, maar dit bly nogtans onduidelik waarvandaan dié mannetjie (van wie gesê word dat hy totaal hulpeloos sou wees sonder Sandra) die krag kry om Rufus aan die einde uit sy huis te smyt en alleen met sy lewe voort te gaan. En Pauline O'Kelly se spel voldoen nommer pas aan die rol van die egosentriese "wit Engelse teef".

Uys hou 'n kru, maar waar spieël aan ons voor - en ons moet nou, sewentien jaar later, besluit of ons die weerkaatsing beter kan hanteer as destyds, want dis eintlik die selle ou storie wat ons in die gesig staar. VW


*dié week by die*
## MARK-TEATER

**UPSTAIRS BY DIE MARK**
*Jeremy Taylor se*
BROEDERSTROOM DIARIES
"Vintage Taylor at best"
Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

**DIE LAAGER**
STRUTS AND FRETS
Regie deur Vanessa Cooke
Met Kate Edwards, Fiona Ramsay en Tony Bentel
Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

**MARK-GALERYE**
LIFE IN THE LIBERATED ZONE
SA stedelike ontploffing
*deur David Lurie*
Skilderye
*deur Loren Hodes en Sophia Soseilos*

**SHADOWLANDS**
deur William Nicholson
"Memorable evening's entertainment" - Pta News
Directed by Janice Honeyman
Met Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Kenneth Baker, Norman Coombes
Ma - Vr 8nm, Sa 5.45nm & 9nm

**KIPPIES BY DIE MARK**
UMBONGO
Huldeblyk aan Victor Ndlazilwana
Di - So

**VLOOIMARK**
*Oop van 9vm tot 4nm*

**TELEFOON 832-1641**
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.


## SEX TIMES TECHNOLOGY EQUALS THE FUTURE - JG BALLARD, RE/SEARCH

**CYBERPUNK:** THIS VISION OF A DECADENT, GRITTY NEAR-FUTURE OF MEGA-CONGLOMERATES AND COMPUTER NETWORKS NEEDS A LITTLE INTRODUCTION. HERE IT IS.



Technopunk, Radical Hard SF, the Neuromantics, the Movement, the Outlaw Technologists and the Mirrorshades Group are other terms for what has more generally become known as Cyberpunk.

Cyberpunk can be described as a fusion of high-tech futurism (thus, the prefix cyber-) with a countercultural, Third-World, or even cheerfully nihilistic denial of middle-class values - Punk. It's as if the violent, streetwise punk ethos blended with a future beyond the cutting edge of computer technology, and after some serious interfacing produced a techno-anarchist vision of the future.

And there was Cyberpunk.

The word was coined by writer-editor Gardner Dozois to describe the work of a splinter group of science-fiction writers who came to prominence in the mid-80's. The science in their science-fiction was rough and cutting, and blurred the division between man and machine. A strong Cyborg theme with varied Punk influences. It has since spread through the realms of film and music to become a reality in the field of advanced computer technology.

Cyberpunk finds its centre in the writings of William Gibson and the theories of Bruce Sterling. Gibson, the acknowledged grandmaster of Cyberpunk, published his first novel, "Neuromancer", in 1984. This novel and a collection of short stories edited by Sterling, "Mirrorshades" (1986), have become the two definitive texts of Cyberpunk.

Cyberspace, another Gibson creation, plays a major role as the Cyberpunk milieu in a number of novels. It is probably best described in his own words: "Cyberspace - a satellite-linked sheet of data wrapping the globe, frayed at the edges by mutant subcultures, bunched into knots by sleazy citytypes, spun into chaos by illicit cargo cults. An electronic Babylon, a multinational glut of white noise." This is the shadow world of Cyberpunk, a neon dystopia populated by information junkies and mirrorshade assassins, surgically enhanced post-humans and genetically-distressed superbrights. A world filled with designer-drugs, hi-tech malls, loss-of-reality syndromes - and the home of the genetically engineered post-nuclear family.

The genre, though, is not speculative in the way that much traditional science-fiction is. The stories are dramas giving close, recognisable visions of the future.

In essence, Cyberpunks are Techno-Anarchists - the techno descendants of the original Punk Rockers. But they have a more realistic vision of the future than their predecessors. They can see a messed-up cosmopolitan but high-tech age, run by multinational capitalist technocrats. A near-future trade-off between technology and humanity, where the dominance of corporate symbolism collides with the realities of over-population and urban decay. Thus they realise the importance of access to the means of information - as the corporate corridors will be tomorrow's battle grounds. Ultimately they aim for a measure of control over technology, rather than having it control humanity.

This control is very evident in Cyberpunk music. The term itself captures something crucial. The overlapping of worlds that were formerly separate: the realm of high-tech and the modern pop underground. The work of Cyberpunk is parallelled throughout the 80's pop culture: in rock video, in the hacker underground, in the street tech of hip-hop and scratch music; in the synthesiser rock of London and Tokyo. Cybermusic itself uses repetitive, ritualistic rhythms synthesised and sampled to a jarring hypnotic beat, and spiced with plagiarised excerpts from other songs, soundtracks and political speeches. Technology is played as an instrument to create startling, politically post-punk, anarchistically emotive soundscapes with post-apocalyptical beauty.

Cyberpunk reverses current values. Punk becomes vitality, using style as salvation in a confused world; as resistance to multi-companies and technological conformism. Whereas a single conciousness is the order of the day in "normal" society, the alternative sub-cultures become factionalised and keep hybridizing. It's all about barriers. In its refusal to obey genre rules and its meaningful stance against the anti-technology drift, Cyberpunk smashes right through the barriers of style and fashion to examine the role of human beings in the techno-Utopia of the future.

Cyberpunk, ultimately, turns science in on itself by exploring the human condition under a drastic technological totalitarianism. This is the future.

**Africa's first Cyber-Punk Club - the '40 WATT CLUB' is at the old DV-8 Venue (Cnr Twist and De Villiers) in Johannesburg.**

**As the first of it's kind locally, the 40 Watt club strives to promote cyber-attitude and awareness by exploiting the multimedia; it has stage performances, live bands and viewings of films. They are also currently working on projects such as a video magazine, satellite T.V., overseas bands and a computer club for beginners and hackers alike. Cyber-music, as the most important aspect, uses sexy technology and makes for wicked enjoyment. Groove to Harbeat, Industrial and Techno, or bop to Underground Acid House and Hip-Hop. The Club also plays Indie, Alternative Rock, Post Modern and Cult.**

**There is street security and doors open at approximately 10pm.**

**CYBER-PUNK IS FAST DEVELOPING INTO A HUGE MOVEMENT - SO BE THERE!**

LOUWRINS POTGIETER VW

# *die onwillige minnaar* DIE LIEFDESVERHOUDING TUSSEN FREDRIC CHOPIN EN DIE SKRYWER GEORGE SAND WAS SOOS 'N FRANSE KLUG, SKRYF **ANDREA VINASSA**. DIT WORD NOU UITGEBEELD IN DIE ROLPRENT *IMPROMPTU*



JUDY DAVIS

Die boheemse George Sand was een van die bekendste skrywers van die vroeë 19e eeu. Haar werk was onder haar tydgenote selfs bekender en gewilder as Charles Dickens s'n.
Die legendariese Fredric Chopin was een van die vernaamste musikante van sy tyd.
*Impromptu* is die komiese verhaal van Sand en Chopin se ontmoeting - van hoe Sand vir Chopin gejag het en hoe Chopin haar probeer afskud het; van hoe hulle, ondanks alles, verlief geraak het ... Sy het op 'n tyd geskryf: "Liszt het niemand lief nie buiten God en die Maagd Maria, en hulle het niks met my gemeen nie."
Die Australiese aktrise Judy Davis speel die voortvarende Sand, wat Chopin se musiek by Franz Liszt (Julian Sands) se huis te hore kry. Sand is só deur sy musiek betower dat sy haarself nooi na die hertog en hertogin d'Antan se huis, waar sy, Chopin, Liszt, en Eugene Delacroix twee weke in mekaar se geselskap deurbring. Hugh Grant - Clive in die Merchant-Ivory-produksie van *Maurice* - speel die Hongaarse pianis en komponis.
Dié liefdesverhaal lees soos 'n Franse klug. Die regie is deur die taamlik onbekende James Lapine.
Die formidabele Sand het byna 60 romans, 25 toneelstukke, 'n outobiografie, 20 000 briewe, talle essays, artikels en resensies geskryf. Haar geboortenaam was Amantine-Lucile-Aurore Dupin. Tydens haar verblyf in Parys het sy baie skandes gemaak. Sy het onder meer die verhale *Indiana, Valentine, Lelia, Jacques, Le Petite Fadette, Histoire de ma Vie* en *La Mare au Diable* geskryf.
Haar werk was egter nie ewigdurend nie. Kort ná haar dood in 1876 het niemand dit meer gelees nie. Te veel gelukkige eindes ... VW

# LOJALITEIT VERSUS WINSBEJAG

**OTHER PEOPLE'S MONEY**
DEUR: JERRY STERNER
REGIE: CLARE STOPFORD
MET SEAN TAYLOR, JENNIFER STEYN, JOHN HUSSEY, VERA BLACKER EN DAVID CLATWORTHY.
ALHAMBRA-TEATER, JOHANNESBURG

**LAETITIA POPLE**

*Other People's Money* deur die bekroonde New Yorkse dramaturg Jerry Sterner is vir die eerste keer in Suid Afrika op die planke. Die verteller in die stuk meen dat sakemense maar saai stories te vertel het - maar hy begaan 'n fout, want die stuk is só vol intrige en rugstekery dat dit die ou Griekse dramaturge op hul neuse sou laat kyk.
*Other People's Money* dramatiseer twee gesigspunte. Aan die een kant staan 'n maatskappyeienaar wat tot die bitter einde lojaal bly aan sy maatskappy, wat hy met bloedsweet uit niks laat verrys het, en aan sy werknemers wat saam met hom oudgeword het. Aan die ander kant staan Larry Garfinkll, die selfsugtige enkeling wat net lojaal is aan sy ambisie - om geld te maak.
Larry Garfinkle is 'n geldgierige, gure vent wat niks en niemand ontsien nie in sy strewe om méér geld te maak. Hy is bekend as Larry the Liquidator - 'n man wat maatskappye wat nie meer wins maak nie uitsnuffel en dan kelder. Sean Taylor wys in dié rol weer sy stoffasie as 'n bedrewe akteur. Hy slaag daarin om tegelyk afstootlik te wees as 'n seksistiese, magsbehepte kansvatter én sjarmant, sensueel as 'n "ladies' man". Die manier waarop hy met Larry se boep paradeer, sy begerige grynslag en sy dwalende oë wys dat hy gekonfyt is in die skep van personasies. My gunsteling-reël in die stuk is wanneer hy sê: "Lady, I looooove money" - en sy oë so laat rol ...
Andrew Jorgenson is die eienaar van die maatskappy waarin Larry sy kloue wil slaan. Dié rol word meesterlik deur John Hussey vertolk. Hy is 'n regte ou korrelkop en straal 'n soort heilsaamheid uit, wat mens met hartseer besef nie aan die einde gaan seëvier nie.
Jennifer Steyn is Kate Sullivan, 'n aanvallige en parmantige prokureur wat haar storie ken. Sy baklei teen Garfinkle op sy gebied, maar probeer regverdigheid behou - wat natuurlik nie in sy woordeskat bestaan nie. Haar vertolking is ryk geskakeer en vernuftig.
Vera Blacker en David Clatworthy is die werknemers en lewer albei goeie spel. Die subtema waarin Coles (Clatworthy) se toekoms in die gedrang kom en hy sy jarelange lojaliteit verraai, is só aangebied dat mens simpatie vir hom het.
Die verhaal gaan oor 'n byna futiele poging om die geslepe Larry teë te gaan. Dit vloei blitsvinnig en is deurspek met vlymskerp humor. Die oorgang van die gejaagde New York na die pastorale Rhode Island is seepglad en die karakters se aanpassing by die nuwe gebied is oortuigend. Die sydelingse kommentaar deur Larry uit New York op die gesprekke in Rhode Island is snaaks en laat die gehoor onmiddellik sy reaksie sien. Claire Stopford se fyn aanvoeling en leiding is deurgaans duidelik in dié fyn geweefde toneelstuk.
*Other People's Money* sal jou laat dink, maar nie in die Nedbank-sin van die woord nie. Dit sal jou laat lag, wrewelrig maak en jou boei tot die einde. VW

# OLIKHEID BRING VROLIKHEID

**LEND ME A TENOR**
DEUR KEN LUDWIG
REGIE: REX GARNER
MET DAVID DENNIS, TOBIE CRONJÉ, SUSAN BRAUN, REX GARNER E.A.
THEATRE ON THE BAY, KAMPSBAAI

**ARNOLD BLUMER**

Die wêreldberoemde tenoor Tito Merelli (Tobie Cronjé) word in Cleveland, Ohio verwag. Hy moet Otello sing vir Cleveland se Grand Opera Company. Eers kom hy laat, dan is hy olik, later pleeg hy selfmoord, want sy vrou het weggehol. Dis die jong plaaslike tenoor Max (David Dennis) se kans om incognito as plaasvervanger op te tree. Hy doen dit só goed dat almal hom vir Merelli aansien, en die vroue staan tou om hom bed toe te sleep. Ook die meisie op wie Max verlief is, Maggie (Suanne Braun), wat egter niks van die werklike Max wil weet nie.
Net voor pouse ontwaak die werklike Merelli egter op onverklaarbare wyse uit die dood - en ná die pouse is daar twéé Otellos, swartgesmeer en gekostumeer, op die verhoog, en hulle weet nie van mekaar nie. Die gevolg: verwarde identiteite, deure wat amper ritmies oopgaan en toeklap, soos by Feydeau, maar sonder sy bytende kritiek op die huigelende moraliteit van die middelklas, en dan 'n gelukkige einde waar almal wat by mekaar hoort by mekaar uitkom.
Ligte vermaak dus, maar deksels goed gedoen, rats en behendig. Veral David Dennis het gewys waartoe hy in staat is. Afgesien van sy formidabele stem is mens beïndruk deur sy spel - wat gewissel het van die skugter, onseker plaaslike tenoortjie wat so graag groot rolle wil vertolk tot die impersonasie van die groot Merelli wat met gevleide grootmoedigheid die huldeblyk van sy bewonderaars aanvaar.
By Tobie Cronjé was dit net andersom: die groot, internasionaal hoog aangeskrewe sanger en vroueheld is agter die skerms maar 'n vaal mannetjie wat sonder sy baasspelerige vrou taamlik verlore en pieperig voel. Dis dié kontras in die stuk, maar ook, vermoed ek, die kompetisie tussen Dennis en Cronjé op die verhoog wat hierdie opvoering in 'n ietwat ander kategorie plaas as die gewone Rex Garner-vertonings. Ons het hier te doen met meestal uitmuntende toneelspel in 'n stuk vermaaklikheid wat bewys jy hoef nie tot die laagste gemene deler te daal om sukses te behaal nie. VW




Limited screenings Fri 19-27
Nitely at 8pm Peter Greenaways
DROWNING BY NUMBERS
Plus at 10:15pm David Lynch's
ERASERHEAD
Cine Corlett 2 on Louis Botha av Bramley
Fee R8 Tel:7860324 Society 4871458
Advance bookings suggested from
COMPUTICKET

# 'Ek het *gesterwe* en weer opgestaan'

## SAM BUTI HET 'N DROOM: OM DIE KINDERS TUSSEN DIE VULLISHOPE EN RIOOLWATER UIT TE HAAL EN IN 'N BETER OMGEWING TE PLAAS.

**INA VAN DER LINDE** HET MET HOM GAAN GESELS



SAM BUTI (FOTOS: LISE BEYERS)

Aan die muur in sy kantoor het ds Eddie Bruwer van die NGKA 'n bladsy uit 'n boek waarvan die rante swart weggebrand is. Dit kom uit die puin en as wat oorgebly het nadat sy vriend en kollega, ds Sam Buti, se huis in Alexandra tot op die grond afgebrand het. Die datum: 4 Maart 1985.

Bo-aan die bladsy staan: "Part III: The problem of political alternatives". In meer as een opsig is dit - die keuse van politieke alternatiewe - die kern van die probleem waarmee enige swart leier in die townships worstel. Dis die probleem van politieke oorlewing, en in die geval van Buti, ook kerklike oorlewing.

Buti self het net drie dinge uit die puin gered: 'n troufoto, 'n swart pak, en sy vrou, Maria Buti, se kerkrok. "In die kerkgoed wat oorgebly het, het ek die hand van die Here gesien," sê hy. "Ek het geweet dis nou tyd om uit die stadsraad van Alexandra te bedank."

Sedert daardie katastrofale gebeure het Sameul Palo Ernest Buti, 52, weer moeisaam die stukke van sy lewe bymekaargemaak. Net na die gebeure het hy op 'n byeenkoms by Turfloop, die teologiese skool van die NGKA, sy mede-leraars in sy vertroue geneem, en sy rol in die swart stadsraad en later as burgemeester uiteengesit. Kort daarna, in 1987, is hy tot moderator van die Algemene Sinode van die NGKA verkies.

Vir dié boorling van Brandfort, "blou-oog" seun van die Kerk en van die geliefde ds Ernest Buti, was Alex van die begin af 'n wilde perd om te ry.

Dit was 1959 en Buti was 25 jaar oud. "Ons wat by die NGK opleiding gekry het, het geleer ons moenie oor politiek praat nie en die mense wat die regering teenstaan, is kommuniste.

"Ek het 'n swart hoed gedra en pyp gerook. So 'n status-hoed wat ek by die wit dominees gesien het. Dit was vir my baie mooi. Ek het in die strate geloop as 'the right reverend Sam Buti van Alexandra'.

"Ek het ons eerste kerkgebou begin herstel. Dit het 'n baie mooi toring gehad. 'n Lang toring met 'n haan daarop. Want NG Kerke moet 'n haan op hê. Dit het ek ook hier ingevoer.

"Maar ek het agtergekom die jong mense in die kerk het my nie heeltemal aanvaar nie. Die ou mense het van my gehou, maar party het gesê: 'Die mannetjie is nog baie klein.'"

Ook die gemeenskap wou hom nie aanvaar nie, want hy was in die "Boerekerk". Hy bevorder apartheid, het hulle gesê.

"Al wat ek van apartheid geweet het, was dat dit eintlik 'n goeie beleid is wat aan elke mens sy regte gee. Gelykheid op jou gebied en so-aan."

Alex was nog altyd 'n sterk ANC-setel. Dis hier waar Nelson Mandela sy vrou, Winnie, ontmoet het. Maar daar was 'n ANC-man in sy gemeente, vader Koalete. "Ek sê vir hom: Oupa, man ek is bang. Hy stel my toe gerus en begin my vertel dié mense baklei vir hulle regte, hulle is nie kommuniste nie. Toe begin ek aan te pas en mense het begin om my te aanvaar."

Maar nie voordat die kerkgebou met die mooi haan op die toring afgebrand is nie, saam met die kantore van die Bantoekommissaris.

"Daardie tyd kom sê die ANC vir my, Sam, jy moet dankie sê vir die Here, want ons het jou gespaar. Ons kan sien jy begin een van ons word."

Die bewuswordingsproses was pynlik. Die mense was brandarm, instromingsbeheer en die paswette is genadeloos toegepas. Hy het 'n kantoor by die NGKA ingerig waar sowat 70 000 mense gehelp is om tydelike verblyfpermitte te kry.

Ook in die NGKA het die woelinge begin. In 1972 in Orlando reik die Kerk 'n verklaring teen apartheid uit - een van die dinge wat gemaak het dat die NGKA geleidelik in die swart gemeenskap aanvaar is.

Die moderatuur van die NGK was baie kwaad en ontbied toe vir Buti en ds Elia Tema.

"Tema sê toe, luister Sam, as ons in Pretoria kom, noem ons hulle op hulle name. Ons is gewoond ons sê moruti. Ek wil eers nie, maar Tema sê: 'You have to create a power base when you meet your oppressor.'

"Ons kom toe by ds PES Smith en ek sê, dag Piet, hoe gaan dit, en by dr Koot Vorster en sê, hallo oom Koot. Dit maak hulle toe heeltemal deurmekaar. Hulle kon dit nie vat nie."

Die gedwonge verskuiwing van Alex was vir Buti die begin van sy politieke betrokkenheid. Eiendomme is in 'n vinnige tempo onteien.

Dis toe dat hy besluit om die Save Alex Campaign te stig. Daarna het die vertoë begin: MC Botha, WA Cruywagen, Connie Mulder, Ferdi Hartzenberg en uiteindelik, Piet Koornhof.

"Dis hier waar verset-politiek sy beslag gekry het. As die mense die huise kom afbreek, sê ons, bou hom weer met sinkplate. As die lorrie van die Administrasie die meubels wil kom oplaai om na 'n ander gebied te vat, is die eienaar van die meubels weg. Dan moet die amptenaar dit in die aand maar weer kom aflaai want hulle kan nie die meubels op 'n plek gaan aflaai sonder die eienaar nie. So het dit vier jaar aangehou.

"Vir ander mense het ons tente geleen en opgeslaan. Daar het die mense en hulle kinders gebly. So het ons gestry totdat Vosloo, Koornhof se adjunk, my laat weet: Alex gaan bly."

Daardie aand toe die aankondiging oor die radio kom, het hulle feesgevier, kerkklokke gelui, toeters geblaas. "Ons was emotionally highly charged, jong."

Teen dié tyd was Buti kniediep in die plaaslike politiek. Hy het begin baklei vir volle onafhanklike munisipale status vir Alex. Ook dié stryd word gewen. Buti word tot die stadsraad verkies en is kort voor lank burgemeester. Maar dié oorwinning het sy eie prys gehad: dit het bykans Buti se einde beteken.

"Sonder dat ek dit besef het, het ek aan Koornhof 'n bloudruk gegee oor hóé om swartes binne die driekamer-parlement te akkommodeer. Toe sê die regering: Dank die Here, jy het vir ons 'n plan gegee."

Gegrond op Alex is die wet op swart plaaslike bestuur aanvaar en toegepas sonder dat die werklike leiers in die gemeenskap betrek is. Die radikale jonges het die stadsraadslede daarvan beskuldig dat hulle "sell-outs" geword het. In 1985 word Buti se huis en sy seun se winkel afgebrand.

Buti is in dié tyd fisiek en geestelik geknak. Hy vertel: "Hulle het my gebreek. En jy weet, ek het begin drink. Nie net drink nie, maar suip. Suip! Ek kon die gewig net nie dra nie. Daardie ding het my amper vernietig.

"Maar ek is dankbaar teenoor God. Hy het my van daardie ding losgemaak. Die Woord van die Here wat sê Christus het gesterwe en 'n nuwe mens het opgestaan. Ek het so gesterwe en weer opgestaan as 'n nuwe mens."


Vandag is dit dieselfde mense wat destyds teen hom gekant was, wat daagliks sy hulp en raad kom vra oor probleme in Alex. Hy word herhaaldelik gevra om terug te keer na die dorpspolitiek. Hiervoor sien hy nie kans nie.

Oor die rol van die Kerk in die townships, sê Buti, terwyl hy na 'n groepie kinders wys wat op 'n grasperk voor 'n netjiese huis speel - 'n gebied wat Buti in sy tyd op die stadsraad tot stand help bring het: Dis om die mense te help om hul menswaardigheid te herwin. Om die kinders tussen die vullishope en rioolwater uit te haal en in 'n beter omgewing te plaas. Dis tyd vir 'n nuwe slagspreuk: "Bevryding deur ontwikkeling". VW

# GELOOFSPRAATJIES

## OM DIE KERK AF TE LUISTER

DIRKIE SMIT



Die teoloog Fred Cradock het - na aanleiding van 'n uitspraak van Kierkegaard - 'n boek oor die prediking geskryf getitel *Om die evangelie af te luister...*

So min of meer is die strekking daarvan dat mense in 'n tyd van oorvloedige inligting hul menings oor sake dikwels vorm op grond van indirekte kommunikasie. Juis nié op grond van dit wat by wyse van regstreekse propaganda, appèlle of argumente tot hulle gerig word nie, maar op grond van ander, byna terloopse afluister-indrukke...

En inderdaad is dit die manier waarop die meeste mense vandag seker die evangelie hoor: feitlik terloops, indirek, deur Christene te sien leef, te sien doen, te hoor praat. Deur die kerk as 't ware af te luister: in stories oor die kerk, oor dié dominee en dáárdie ouderling, in koerantberigte oor dié gemeente en kerkraad se doen en late en dáárdie kerkleier se uitsprake.

Op grond van dié indrukke vorm 'n geweldige getal mense hulle blywende indrukke van die evangelie. Besluit hulle of dit vir hulle is, of nie.

Een van die merkwaardige maniere waarop die wêreld deesdae tye so 'n kans kry om die kerk af te luister, is die godsdienstige programme van die openbare uitsaaiwese.

Oor die invloed daarvan hoef nie getwyfel te word nie. Wat baie mense deesdae van die Christelike kerk sien en hoor, geskied deur middel van dié media. Wat hoor mense van die evangelie in Suid-Afrika?

'n Stuk navorsing hieroor is onlangs afgehandel. Verteenwoordigende snitte van al die verskillende Afrikaanse godsdienstige uitsendings van die SAUK, radio én TV, is oor 'n tydperk van 'n jaar opgeneem. Dit is indringend ontleed om te sien wát gekommunikeer word, op wié dit gerig is, hóé dit gekommunikeer word, met welke bedoelings of oogmerke dit plaasvind en sommer talle ander sulke vrae wat akademici interesseer.

Hoe lyk die prentjie? Wat het die Suid-Afrikaanse samelewing gesien en gehoor, met dié intieme inloer in die hart van die kerk se aanbidding?

• Geen enkele uitsending is deur 'n vrou behartig nie. Die evangelie en die kerk behoort klaarblyklik aan mans. Of beter: die mag, die reg om op te tree en in die naam van die evangelie te praat, behoort aan mans. (Ander ondersoeke toon juis dat vroue die oorheersende luister- en kykerspubliek uitmaak.)

• Die uitsendings word feitlik geheel en al deur witmense behartig. Geen "swart" prediker tree op nie. (En dit, al toon ander navorsing ook hoe baie swart Christene Afrikaans is en na die Afrikaanse senders luister en kyk.) Hoekom nie? Natuurlik: hulle preek op die "swart" kanale. Die Christelike evangelie, so hoor die afluisteraars, is mos 'n "eie saak", 'n kultuursaak, 'n pigmentsaak. Die kerk het daar oënskynlik geen probleme mee nie.

• Wie is dié meestal-wit, predikende mans? Die oorgrote meerderheid is tussen 30 en 50 jaar oud, geklee soos die hoër middelklas, goed burgerlik, geleerd, oënskynlik gewoond aan voorspoed en invloed. (Al toon navorsing ook dat die kykers en luisteraars hoofsaaklik uit ander groepe en strata kom.)

• Waaroor praat dié meestal-wit, altyd-manlike, hoër-middelklas predikers? Oor individueel-godsdienstige aangeleenthede, oor (in volgorde) "geestelike vernuwing", "ware godsdiens", "bekering", "geloof", "geloofsekerheid", "gebed". En dis omtrent al.

• Waaroor word nié gepraat nie? Oor die kerk en oor die wêreld. Oor die kerk self? Net een persent. Oor meelewing met die kerk? Net vyf persent. Oor die sending van die kerk? Drie persent. Oor barmhartigheid? Net 1,5 persent.

Verwys hulle ooit na die kerklike jaar? Nee, net 1,7 persent. Verwys hulle ooit na die kerklike leer? Nee, net na die innerlike, na heilsekerheid en geloof. (Vir ingewydes: Godsleer, skeppingsleer, Christologie, die wet, die genademiddele, die eskatologie - amper sê ek: die hele lot - ontbreek.)

Maar ook oor die samelewing, die lewe "daar buite" word nie gepraat nie. Verwys die programme ooit na nuusgebeure van die dag? Nee, net 0,6 persent. Verwys iemand ooit na groter historiese gebeure? Nee, nul persent.

Praat hulle darem oor versoening? Dis immers op soveel mense se lippe? Net 1,5 persent. Oor geregtigheid? Net 2,5 persent. Tog sekerlik oor vrede? Die land bloei immers. Hoeveel? Een persent. Oor hoop, dan, dis mos darem die boodskap van die kerk? Twee persent. (Oor apartheid, waarvan haas alle kerke en groepe nou weet dat dit 'n groot sonde was? Moenie snaaks wees nie. Die opnames is immers voor daardie 2 Februarie gedoen...)

Kenners van die joernalistiek is gevra om 'n lys van die etiese, morele, aktuele probleemvelde wat gedurende dieselfde tydperk die meeste prominensie in die media ontvang het. Hulle het veertien onderwerpe verskaf. Die sake waaroor Suid-Afrikaners in dié tyd gepraat, gedink, gestry het. Waaroor die res van die media se programme gehandel het: aktualiteit, nuus, besprekings. Het die afluisteraars darem die indruk gekry dat die evangelie ook iets met dié sake te make het?

Die resultaat? Algemene gewelddadigheid, moord, misdaad....Geen. Menseregte, aanhoudings, politieke verhore... Geen. Vryheid van die pers, van spraak... Geen. Militêre geweld, regeringsopgrede, reg tot opstand, onluste... Geen. Groepsgebiede... Geen. Diskriminasie... Armoede? Geen. Honger? Geen. Behuisingsnood? Geen. Werkloosheid? Geen. Seksualiteit, met alle maatskaplike probleme daaraan verbonde? Geen. Omgewingsbeheer en -beskerming? Ag, raai maar self.

Al wat belangrik is vir die evangelie is die individu, of liewer: die godsdienstige individu, die siel, die religieuse belewenis van die enkeling.

Sowel die Kerk en sy aktiwiteite as die samelewing met sy werklikhede en vraagstukke ontbreek geheel en al, absoluut en volkome.

• As gekyk word na wie die implisiete gehoor is, die luisteraars en kykers op wie die predikers en dienste ten diepste gerig is, en wat die probleme is wat die predikers wil aanspreek, word dieselfde prentjie oor en oor geteken: Dit gaan om enkelinge met hulle persoonlike, innerlike godsdienstige probleme van onsekerheid, angs, sorge, twyfel... Maar genoeg.

Só klink die evangelie wat ons miljoene mense laat afluister het in Suid-Afrika.

Natuurlik kan 'n mens baie hieroor sê en vra. Maar tog. In die Belhar-Belydenis sê die NG Sendingkerk dat die teologie van apartheid die evangelie "ongeloofwaardig" gemaak het. Dit vir mense moeilik gemaak het om die evangelie te hoor as goeie nuus, en om dit met blydskap aan te neem.

Maar ons het dit op baie ander maniere ook gedoen. Deur wat ons in die Naam van Christus laat afloer en laat afluister het.

Wat het ons nie op dié manier aan die evangelie gedoen nie? En wat het ons nie aan die Suid-Afrikaanse samelewing gedoen nie?

As mens daaroor nadink, ys jy. VW

*(Prof Smit is hoof van die departement van Dogmatologie aan die UWK)*

# GREENTALK

## GREEN RAGE - OR HOW I CAME TO LOVE THE BOMB

MIKE KANTEY



Now the faithful folk out there who have diligently followed this column will probably realise I'm no militant. In fact, I was chucked out of the army early for reasons of insanity. I couldn't distinguish the enemy from my superiors.

For many years now I've been bitterly (sweetly?) opposed to violence in any form. Except when it comes to my children and my wife. Oh yes, and my closest friends and relatives.

I also believe in grassroots democracy and all the other apple-pie stuff.

But today I am heeltemal die moer in.

I have returned to the sanctity of my mother's womb, where I can beat my puny fists on the unyielding drumskin of her love.

In the latest edition of that archetypal avatar of sweet nothings that passes for women's media - *Femina* - they have a really promising supplement on green living. Some useful tips too. But after one or two broad sweeps of the brush (very genteel watercolours), they collapse into some really glossy pink-and-green advertorial. Animal-free cosmetics, down-to-earth inorganic-and-plastic cleansers, good-and-clean-and-fresh, tra-la-la.

In a word: the green market has hit us.

And I'm not talking Bloublommetjieskloof, either.

"Roll up, roll up. Step right up, folks, save the planet and buy your supermarket manager's next trip to Santorini. Do we hear a kilogram of hake and a 10 cent donation to Dolphin Protection there? How about your very own Fynbos mug made from kaolin? Special offer: buy one seal's testicle and get two tickets to the Potberg Rhino Preservation Society Club Dinner. And don't forget your regimental tie."

Does this make sense to you?

Okay, as they say in the boardrooms of commerce and industry where these campaigns are dreamed up - what I'm basically saying is this:

- Now lissen up here, you guys, 'cos I'm not gonna say this twice. The guys out there are killing each other to clean up this planet. What they're basically saying is that the planet's in a mess, and we're not talking media-hype Gulf War CNN stuff. I'm talking serious mess, here. Right?

- Right.

- Okay, so what they're also saying is that it's us guys in the boardrooms and the military HQ's and the parliamentary chambers that have put them in the pickle. So therefore...

- What? What?

- So therefore we've gotta prove to the dumb-asses out there that we're basically on their side, okay? At the same time we can sell more produce, make some more media, keep the gooks happy on prime-time. You gottit?

- Yeah. But how're we gonna do it?

- Simple. We just repackage our goodies as green. You know, green nukes, green pesticides, green plastics, and so on. Hell, the dumb-asses will probably buy shares in a green war if we play our cards right. Right? And the good news is, we can save money on doing a one-colour job. No more black and white and red and blue. Just plain green. Fail-safe stuff.

- Yeah, yeah.

- I love it, man.

- Okay.

- And here comes the punchline. Everyone wants to save the planet, right? Especially those little cutesy tree-frogs you get around St Lucia way. So stop throwing mud at those left green folks. I mean, all they want is a little media publicity: they're just a little bit hysterical and who can blame them? Give them a little media space and a couple of tax-deductible dollars for their funny little projects, and we can all relax. Okay?

- CUT!

- Sorry, Joe, your time's up. This space costs money. VW

(Mike Kantey is an eco-activist from Cape Town and the writer of *All Tickets/Alle kaartjies*, Taurus, 1991)

# REGSPRAATJIES

## DIÉ WET IS 'N UITNODIGING TOT MISBRUIK

JURIE DE WET



My kliënt (kom ons noem hom Jim) was 'n 15-jarige seun van Soweto. Hy is aangekla van poging tot moord op vier polisiemanne. Volgens die polisie het hy twee petrolbomme na hul voertuig geslinger. Een het glo die voertuig getref en ontplof.

Toe ek hom ontmoet, het hy saam met sy tante en haar twee kinders na my kantoor gekom. Die tante moes tolk, want hy kon nie Engels praat nie. Hy was 'n klein, tengerige seun en het jonger gelyk as wat hy is. Hy het beslis nie na 'n deurtrapte skelm of geweldenaar gelyk soos die aanklag teen hom 'n mens kon laat vermoed het nie.

Omdat sy ouers bedags werk, het Jim my vertel, moes hy as die oudste van vier kinders elke dag vleis gaan koop (hulle het sonder 'n yskas in 'n agterplaas-gehuggie gewoon). Dan maak hy kos sodat hulle om sewe-uur die aand kan eet wanneer sy ma en pa by die huis kom.

Op die dag van die voorval, het Jim gesê, het hy eers die ou man wat in die groot huis op die werf woon, gaan sê hy gaan winkel toe. Op pad soontoe het hy verby 'n hostel geloop en 'n groep onluspolisiemanne 'n entjie van die pad af gesien. Dit het gelyk of hulle die hostel bewaak. Aan die regterkant van die pad, ook 'n entjie weg, het 'n skare township-inwoners gestaan.

Toe hy met sy pakkie vleis van die winkel terugkom, het hy gesien dat die polisie na die pad beweeg het en dat die skare ook nader aan die polisie beweeg het. Jim het besef dit kan op 'n konfrontasie uitloop. Hy het besluit om agterom die skare deur die veld te stap.

Toe hy agter die skare kom, het die polisie met traanrook op die mense begin losbrand. Toe die skare vlug, het die polisie hulle agternagesit. Die mense het reg na Jim gehardloop. Hy moes noodgedwonge ook maar voet in die wind slaan.

Jim het in die pad af gehardloop en in 'n agterplaas gaan skuiling soek, met die polisie kort op sy hakke. Hy het geweerskote gehoor en gevoel hoe 'n koeël hom tref. Hy het agter 'n gehuggie in die agterplaas ingekruip en bewusteloos geraak.

Wat die volgende drie dae met hom gebeur het, kan hy glad nie onthou nie. Sy tante het my vertel dat sy ma hom in die Baragwanath Hospitaal gekry het waar hy opgeneem is. Ná drie dae is hy na 'n sel in die polisiekantoor teruggebring.

Toe hy in die sel wakker word, sê Jim, het hy nie die vaagste benul gehad waar hy is nie. Daar was 'n paar grootmense by hom. Hulle het hom 'n kombers gegee en gesê hy moet slaap. Jim kon 'n ruk nie in die hof verskyn nie omdat die wonde aan sy kop hom deurmekaar gemaak en geheueverlies veroorsaak het.

Omtrent twee maande later, nadat hy my verseker het hy is gesond genoeg, is hy hof toe.

Die aanklaer het twee getuies ingeroep, albei polisiemanne. Die polisiemanne het gesê hulle het Jim en 'n ander "swartman" om 'n vuur op 'n straathoek sien staan. Toe hulle nader ry, het Jim volgens hulle 'n petrolbom geslinger wat teen hul voertuig ontplof het. Toe het hy glo nog een geslinger, maar dié het skadeloos daar naby geval. Hulle het stilgehou, uitgespring en Jim agternagesit. Hy het in 'n agterplaas ingevlug. Daar het hulle hom geskiet om te keer dat hy verder vlug.

Die polisiemanne se getuienis was nie baie bevredigend nie. Volgens die een polisieman het Jim albei petrolbomme gegooi. Volgens die ander het Jim een bom geslinger en sy "makker" die ander. Die een het gesê Jim het langs 'n brandende motorband gestaan. Die ander kon nie sê watter soort vuur dit was nie. Hulle het mekaar ook weerspreek oor verskeie klein besonderhede.

Onder kruisverhoor het 'n boeiende verhaal hom ontvou. Die polisie het verskeie skote op Jim gevuur terwyl hy weggehardloop het. Toe die polisiemanne na die agterplaas se hek storm, het die een gesien hoe Jim, wat aan die linkerkant van die huis verby gehardloop het, aan die regterkant van die erf na 'n buitetoilet hardloop. Die polisieman het 'n skoot op Jim gevuur, maar misgeskiet. Jim het die deur van die toilet agter hom toegetrek. Die polisieman het nog 'n skoot op die deur gevuur en diep gate in die hout gemaak. Jim het uitgehardloop. Die polisieman het nog 'n skoot afgevuur. Jim het geval. Toe staan hy weer op. Die polisieman het weer geskiet. Jim het wéér geval en na 'n skuiling gekruip. Die polisieman is na sy kollega by die hek. Van daar kon hulle Jim se bene sien uitsteek agter die Zozo waar hy gelê het. Hulle het die erf binnegestorm en die tweede polisieman het 'n sarsie met sy Uzi-handkarabyn gevuur en 'n motor getref wat aan die einde van die oprit geparkeer was. (Nog drie seuns het daar geskuil, het ek verneem.)

Toe hulle by Jim kom, was hy bewusteloos.

Volgens die polisiemanne het hulle opdrag gehad om geen mense te verskuif wat hulle geskiet het voordat die diensoffisier opdaag nie. Die diensoffisier het 'n uur later daar aangekom. Jim het geen mediese behandeling gekry nie, al het die bloed uit sy kopwonde gestroom en al was hy duidelik ernstig verwond. Die een polisieman het gesê hulle sou Jim nie voor die diensoffisier se aankoms verskuif nie al het hulle geweet hy bloei hom dood.

Die polisie kon nie sê wat gebeur het nadat Jim na die polisiekantoor gebring is nie, maar die verslae wys dat hy eers om 2vm die volgende oggend by Baragwanath behandel is.

Seksie 49 van die Wet op Kriminele Prosedure magtig 'n polisieman om soveel mag te gebruik as wat binne redelike perke nodig is om te keer dat 'n verdagte wegkom. Verder lui dit dat indien 'n ernstige oortreding (skedule 1) begaan is en 'n polisieman nie kan keer dat die verdagte wegkom sonder om hom dood te maak nie, só 'n dood as regverdigbare manslag beskou sal word. Die vraag ontstaan: was Jim aan die vlug en was die mag wat gebruik is om hom te keer binne billike perke?

In dié geval het die erf waarna Jim gehardloop het, 'n agt voet hoë muur aan die agterkant gehad en ses voet hoë draadheinings aan weerskante. Jim was vasgekeer - en in ieder geval vra 'n mens jou af of hy nog aan die vlug kon wees toe hy in die toilet geskuil het. Die polisieman wat met 'n handkarabyn op Jim geskiet het terwyl hy bewusteloos gelê het, kon nie verduidelik waarom hy dit gedoen het nie.

Ek het die een polisieman gevra om die merke te verduidelik wat deur haelkorrels en skerp ammunisie gemaak is wat blykbaar teen 'n reghoek met sy vuurlyn afgevuur is. Hy het gesê dis waarskynlik sy kollegas wat oor die agterplase van twee huise langsaan met hael- en kleingewere op Jim geskiet het.

Weens die talle weersprekings in die polisiemanne se getuienis is Jim ontslaan nadat die aanklaer se saak afgehandel is - sonder dat hy enige getuienis ter selfverdediging moes aflê.

Ek dink Jim is aangekla in 'n poging om die waarheid te verskuil en die betrokke polisiemanne se brutale en onwettig skietery op Jim te verskoon. Uit my persoonlike ervaring, en dié van talle kollegas, weet ek: wanneer 'n mens in 'n onrus- of skare-situasie deur die polisie geskiet word, word die mens wat geskiet is (gewoonlik die enigste een wat in hegtenis geneem word) soos klokslag aangekla. Gewoonlik word beweer dat hy die leier of opstoker was, dat hy gewapen was, of dat hy klippe gegooi het of op die punt was om 'n petrolbom te slinger. Daar is omtrent 'n dosyn variasies op dié tema. Dit laat mens wonder: òf die polisie is uitstekende skuts wat te midde van die rumoer en verwarring altyd die regte mens skiet, òf die polisie is geneig om bewerings van wangedrag te sien kom en hulle voor te spring deur klagtes op te maak teen die mens wat hulle geskiet het.

Jim se saak wys terloops dat dit nodig lyk om die Wet op Kriminele Prosedure te hervorm wat die gebruik van geweld teenoor vlugtende verdagtes betref. Ek kan my nie indink hoe die doodmaak van 'n vlugtende verdagte geregverdig kan word nie. As jy hom nie kan vang nie, laat hom gaan. As die polisie hul werk behoorlik doen, sal hulle wéér 'n kans kry om hom te vang. As die verdagte doodgemaak word, sal hulle nie. Die wet se bepaling is 'n ope uitnodiging tot misbruik. VW

*(Jurie de Wet is 'n Johannesburgse prokureur)*

# EGBERTUS KLAAGVOORT

## 'N BURGEROORLOG ONDER ELKE BED



**'N BURGEROORLOG ONDER ELKE BED**

Vriende, South Africa's favourite native is darem uiters spraaksaam die afgelope dae, indien nie dekade nie. Dit sien elke regverdiging onder die son en in die waters wat onder die aarde is vir die dra van tradisionele wapens, wat dit ookal mag wees, en sien 'n burgeroorlog onder elke bed. Dit kom hierop neer: jy kan geen dwars woord oor Inkatha of sy Hoogdrawende hoofleier kwytraak sonder om die magte van die duisternis te ontketen nie, insluitende civil war. Die stomme man raak deesdae so opgewonde in die parlement of sorts dat hy nie meer bloot huil nie, en ook nie sing nie, maar enige oomblik kan uitbars in 'n danspassie, al is dit dan 'n eierdans. Seg Miesies Klaagvoort die amptelike tolk gaan dit moeilik vind om die dansie in Engels te vertaal. Seg Oswald nevermind die dans, die arme vertaler het haar hande vol om die Admiraal van Ulundi se Engels in Engels te vertaal. Seg Moeder, wat uiterdaard die laaste woord opeis, die wêreld sal 'n nuwe danspassie tog so verwelkom na die tragiese afsterwe van die 140-jarige Arthur Murray, saliger gedagtenis.

**LOBOTOMIZED**

Intussen sit Oswald in die skadu van 'n reuse-blomkool en blaai deur die Shorter Oxford, die Longwinded Heunis en Webster's Familiar Watookal op soek na betekenis vir sy Hoogdrawendheid se jongste uitlatings. Seg die Opperste van Ulundi die ANC se ope brief het hom geflabbergast, maar met diè dat hy nie sy pacemaker dra nie, kom die woorde so vinnig uit soos by die bek van 'n tradisionele AK-47. Dit was moontlik flabbergasted. Om nie verwar te word met die filosoof se flabby morality nie, of die digter se flabby, bald and lobotomized. Ver sy dit van Egbertus om te insinueer dat sy Hoogdrawendheid bald is. Seg Moeder om flabbergasted te wees beteken bloot dat jou flab te veel gas afgee. Moeder sal weet, sy bring haar lewe in spreekkamers deur, dis vir die floutes, julle weet.

**SOET ULTIMATUM**

Geliefdes, vergun Egbertus die opwinding om eerste met die nuus te wees: die Koeksistergilde het 'n ultimatum. Magnus PI en die vroomste onder die vromes moet hul poste behou of daar is nie onderhandelinge nie. Seg die gilde se spokesperson daar kan alleen vrede in onse Nuwe Zuid-Afrika wees as die BSB toegelaat word om voort te gaan met wat hul minister "prysenswaardige" optredes noem; en hoe kan daar 'n einde aan geweld kom as die volk nie sy tradisionele wapens mag dra nie? Die twee belhamel-ministers vervul dus hul takies met gebruiklike korrektheid. Seg Miesies Klaagvoort dankie tog, nou kan die boere darem voortgaan om hul koeksisters op straat te dra: een man se dood is immers 'n ander se tradisionele wapen.

Seg Oswald as die boere nou toegelaat sou word om hul koeksisters in die townships te dra, behoort ons weldra 'n spul sterftes weens sooibrand te sien. Vader Mandela is intussen in vervoering oor die Koeksistergilde se ultimatum: die blote feit dat die gilde die behoud van die ministers bepleit, beteken dat Madam de Klerk se man geen keuse sal hê as om hulle af te dank nie.

Die Nuwe Zuid-Afika is darem 'n eienaardige dierasie. The more things change the more they stay the same. Skaars is apartheid glo afgeskaf of ons word oorval met 'n rits tussenverkiesings vir witmense. Is dit nie te pragtig nie? En terwyl dit lekker campaign en lieg en bedrieg, spreek dieselfde siele diepe kommer uit oor die gevaar dat Ismail Mohamed vir die Zuid-Afrikaanse regbank verlore mag wees omdat hy nie 'n aanstelling kry nie. Egbertus meen beskeie dat dit nogal mooi gebaar sal wees om sommer al die regters van onse Hooggeregshof stemreg te gee.

Nog 'n sappige teken van die behoudenheid van die Skoon Administrasie is die polieste se ondersoek sonder die berugte misbruikte artikel 27(b) van die Polisiewet: hoe durf 'n koerant lelike dinge van die polieste skryf, al is dit waar en al is dit die Weekly Mail? Seg Oswald te oordeel aan die koerant se rekord in die weerstand teen die Neethling-empire is hy inderdaad die naam Meekly Wail waardig, en Egbertus is die laaste om daaraan afbreuk te doen.

**EGO-TRIP**

Van Neethling gepraat, vriende, ons mag seker nou 'n ietsie of twee oor die kêrel se lastereis sê, of hoe? Ek meen te sê hoe lank kan 'n mens tog agter sub judice skuil? Ons mag seker nou vra wie die kostes van die generaal se ego-trip gaan betaal, noudat hy nie verlof gekry het om teen die Voëlvrye Weekblad se meevallertjie se appelleer nie. Seg Moeder die stomme siel kry maar swaar deesdae, na die uitspraak lyk dit kompleet of hy van sy gif op homself uitgetoets het. Foei tog.

**UNBANNED**

Egbertus ontvang pas 'n faks van 'n front vir militêre inligting in die Kaap: daar's 'n Russiese passasierskip in die hawe, moet hulle dit arresteer? Vra Oswald of die regering dan nou vir Rusland ook unbanned verklaar het. Vra Moeder of 'n faksmasjien dieselfde is as 'n vibrator. VW




# DIE WÊRELD KRY DIE KRIEWELS OOR **INTERPOL**

DIE REGERING HET ONLANGS AANGEKONDIG DAT SUID-AFRIKA DALK BINNEKORT SY REGMATIGE PLEK AS 'N VOLLE LID VAN DIE INTERNASIONALE POLISIE-ORGANISASIE (INTERPOL) KAN INNEEM. DIE WERKSAAMHEDE VAN INTERPOL, WAT DIE LAASTE NEGE DEKADES AS 'N HULPMIDDEL VIR INTERNASIONALE POLISIEMAGTE OPTREE, IS EGTER IN 'N DUISTER WOLK VAN GEHEIMSINNIGHEID GEHUL. DIE LAASTE JARE IS DAAR OPROEPE UIT VERSKEIE OORDE DAT INTERPOL MOET ONTBIND.

**JACQUES PAUW** KYK NA DIÉ ORGANISASIE.

Interpol - die wêreld se internasionale polisiemag - het die laaste jare in ernstige omstredenheid verval oor skandale van beweerde korrupsie, dwelmsmokkelary en die toenemende geheimsinnigheid van sy bedrywighede.

Die rol van Interpol as 'n polisiemag wat oor landsgrense heen kan optree om boewery te bekamp, word vandag veral in Europa bevraagteken. Daar is sterk aanduidings dat dié organisasie se houvas op internasionale wetstoepassing met die eenwording van dié sub-kontinent in 1992 verbreek gaan word.

Intussen is daar aanduidings dat Suid-Afrika se terugkeer na die internasionale arena ook sal beteken dat dié land 'n volle lid van Interpol sal word. Hoewel Suid-Afrika een van twintig lande ter wêreld is wat nie lid van Interpol is nie, het die SAP nog al die jare toegang tot van sy lêers en inligting.

Interpol het vier jaar ná die eeuwending ontstaan toe die Franse polisie begin het met pogings om 'n Europese polisiemag tot stand te bring. Die verbetering in vervoergeriewe het destyds aan misdadigers groter beweeglikheid gegee en pogings moes aangewend word om oor landsgrense heen na misdadigers te soek.

Die eerste kongres van Interpol is in 1923 in Wenen gehou toe die polisiehoofde van Europa, die Verenigde State en Suid-Amerika vergader het om 'n samewerkingsooreenkoms te teken. Die organisasie is aanvanklik deur Oostenryk oorheers en dié land se polisiehoof was ook outomaties die president van Interpol.

Met die opkoms van die Nazïisme in Sentraal-Europa is Interpol gaandeweg deur simpatiseerders en lede van dié fascistiese beweging geïnfiltreer. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was Interpol stewig onder Nazibeheer. Toe die Nazi's Oostenryk op 12 Maart 1938 binneval, het Heinrich Himmler, hoof van die Duitse veiligheidsmagte, die geswore Nazi Otto Steinäusl uit die tronk gehaal, hom tot Gestapo-kolonel verhef en aangestel as president van Interpol.

Menseregte-organisasies aanvaar vandag dat Interpol in die oorlog deur die Nazi's misbruik is en dat sy geheime inligting en lêers gebruik is om Jode op te spoor wat vir die konsentrasiekampe bestem is. In die Junie 1938-uitgawe van Interpol se amptelike mondstuk, *International Criminal Police Review*, sê ene dr Schutt van die Duitse ministerie van gesondheid: "Net diegene wat oor gesonde en waardevolle genetiese eienskappe beskik, behoort gerehabiliteer te word."

Die legendariese Nazi-jagter Simon Wiesenthal beskryf Interpol se rol: "Ons weet vandag dat die Nazi's Interpol se lêers gebruik het, nie om internasionale misdadigers te jag nie, maar vir ander doeleindes. Hulle het die lêers gebruik om mense op te spoor wat na hulle mening 'n bedreiging vir hulle eie politieke oogmerke was."

Interpol se president vanaf 1940 tot 1942 was Reinhard Heydrich, wat as "Die Laksman" bekend gestaan het. Hy was onder meer een van die sestien top Nazi-amptenare wat betrokke was by die finale plan om die Jode uit te wis. Die volgende president van Interpol, die Tsjeg Ernst Kaltenbrunner, is ná die oorlog ter dood veroordeel weens sy oorlogsmisdade.

Maar waarnemers wys daarop dat die Nazi's se betrokkenheid by Interpol nie opgehou het met die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 nie. Drie van die vyf topamptenare van Interpol in die onmiddellike ná-oorlogse fase het Nazi-bande gehad.

So byvoorbeeld was Interpol se president vanaf 1968 tot 1972, Paul Dickopf, 'n lid van die gehate Schutzstaffel of SS. Hoewel Interpol dit eers ontken het, het hulle Dickopf se Nazi-bande later erken. Wiesenthal glo byvoorbeeld dat dit onder meer Dickopf se betrokkenheid by Interpol was wat die vervolging van oud-Nazi's in Duitsland bemoeilik het.

Die Joodse Wêreldkongres beskuldig Interpol al jare lank dat hy Nazi-oorlogsmisdadigers beskerm - onder meer omdat hy Nazi-misdade as "oorlogsmisdade" klassifiseer.

Interpol is 'n private polisie-organisasie waarvan 150 lande lede is. Suid-Afrika, die Sowjet-Unie en Mosambiek is van die min lande wat nie lid van Interpol is nie.

Interpol se hoofkwartier is in Lyon in Frankryk waar die algemene sekretariaat ook gesetel is. Hier word die organisasie se databank gehou en inligting vanoor die hele wêreld ontvang en weer versend. Elke lidland se polisiemag het 'n interne Interpol-buro.

In die jare sewentig het Interpol die teiken van al hoe meer regsgedinge begin word weens veral verkeerde inligting wat oor individue versend is. Die organisasie het 'n ooreenkoms met die Franse regering aangegaan waarvolgens volslae immuniteit aan Interpol se hoofkwartier en sy personeel toegeken is.

In 1975 het die sekretaris-generaal van die Verenigde Volke, Kurt Waldheim, interstaatlike status aan Interpol toegeken. In 1987 is Waldheim as 'n gewese Nazi-offisier uitgeken en verbied om weer die Verenigde State binne te gaan.

Waarnemers wys daarop dat Interpol vandag nog om sy geheime lêers gebou is. Geen regering ter wêreld het vrye toegang tot sy lêers of inligting nie. Interpol is aan geen regering aanspreeklik nie - en dit sluit die gasheerland, Frankryk, in.

Hoewel Interpol voorgee dat dwelm-bestryding een van sy belangrikste take is, word sy doeltreffendheid in die hantering van dié probleem ernstig bevraagteken. Daar was al selfs gevalle waar Interpol geweier het om internasionale polisiemagte in hulle ondersoeke by te staan.

Die volgende betrokkenheid van lede van Interpol by internasionale dwelmhandel is die laaste jare onthul:

- Vier Boliviaanse Interpol-hoofde is by dwelmsmokkelary betrek. Minstens twee van hulle moes bedank en 'n derde, kolonel Luis Gomez, is deur 'n Amerikaanse hof met grootskeepse kokaïen-smokkelary verbind.
- Die Nazi-jagter Serge Klarsfeld, wat verantwoordelik was vir die uitlewering van Klaus Barbie aan Frankryk, het opgelet watter noue bande Barbie met Interpol in Bolivia gehad het. Interpol het byvoorbeeld geweier om Frankryk in 1982 by te staan in sy poging om Barbie uitgelewer te kry. Ná sy uitlewering is onthul dat Barbie nou betrokke was by grootskeepse dwelmhandel.
- Generaal José Zarate was vanaf 1981 tot 1988 hoof van Interpol in Peru. Hy is in 1985 op aanklagte van dwelmhandel in hegtenis geneem en in 1987 vyftien jaar tronk toe gestuur. Hy het egter ná sy vonnis nog 'n jaar lank hoof van Interpol gebly.
- Ongelooflik soos dit kan klink, is die Panamese diktator Manuel Noriega in 1978 deur Interpol se algemene vergadering aangestel as dié organisasie se eerste hoof van sy dwelmafdeling. Teen daardie tyd het die Amerikaanse owerhede al bewyse gehad dat Noriega self betrokke was by dwelmhandel. In 1987 het die sekretaris-generaal van Interpol, Raymond Kendall, Noriega met 'n toekenning vereer vir sy rol in die "bestryding" van dwelmmiddels. Interessant genoeg is heelparty Nazi-aandenkings in Noriega se besit gevind ná sy inhegtenisneming.
- Die gewese hoof van Interpol in Panama, Nivaldo Madrinan, is vandag verhoorafwagtend op aanklagte van moord en marteling in Panama. Hy word daarvan beskuldig dat hy onder meer bande met die gevreesde Medillen-kartel in Bolivia gehad het.
- Twee vorige Interpol-hoofde van Mexiko word daarvan beskuldig dat hulle by dwelmhandel betrokke was. Miguel Ibarra - hoof tot in 1985 - het verdwyn nadat Amerikaanse ondersoekers hom daarvan beskuldig het dat hy by dwelmhandel betrokke is en moontlik vir die moord op 'n Mexikaanse joernalis verantwoordelik is. Floretino Ventura het hom opgevolg, maar in September 1988 selfmoord gepleeg kort nadat hy sy vrou vermoor het. Hy was ook betrokke by dwelmhandel.

Interpol is ook al daarvan beskuldig dat hy betrokke was by Chileense wandade tydens die regime van die diktator Antonio Pinochet. Een van die mees gevrese polisiehoofde in Chili was Parades Pizarro, wat berug geword het vir sy marteling van "politieke afvalliges". Pizarro is sedert 1987 in die uitvoerende komitee van Interpol.

Volgens menseregte-groepe in Chili is daar onbetwisbare getuienis dat Pizarro van Interpol se lêers en soeklyste misbruik het om afvalliges in die hande te kry.

Die Amerikaanse Vereniging vir Burgerregte, wat die laaste jare 'n dossier oor Interpol opgebou het, glo dat lede van dié organisasie in die laaste dekades betrokke was by die onderdrukking van menseregte regdeur Oos-Europa, die Filippyne, Suid-Amerika en die Midde-Ooste.

Terwyl Suid-Afrika klaarblyklik besig is om nader aan Interpol te beweeg, is daar vandag veral in Europa 'n beweging weg van dié organisasie. België het reeds te kenne gegee dat hy Interpol nie sal aanvaar as die sentrale liggaam belas met die internasionale wetstoepassing in Europa nie.

Die Duitse kanselier, Helmut Kohl, en die Spaanse eerste minister, Felipe Gonzalez, het gesê Interpol het nie die vermoë om die situasie in Europa ná 1992 te hanteer nie.

John Alderson, 'n gewese hoofkonstabel van Devon en Cornwall en navorser by die Sentrum vir Polisie en Kriminele Justisie aan die Universiteit van Exeter, het onlangs gevra dat Europese polisiemagte hulle aan Interpol moet onttrek met die totstandkoming van 'n verenigde Europa.

Alderson het gesê dat Interpol in 'n onaanvaarbare organisasie ontwikkel het omdat hy onder meer nie verantwoordelik is aan enige regering of demokratiese proses nie.

In Julie 1989 het dertien lidlande van die Europese Raad 'n mosie aanvaar waarin hulle Interpol daarvan beskuldig dat hy onaanspreeklik vir sy dade is en sê dat hulle bekommerd is dat Inperpol van sy dossiere beskikbaar kan stel aan die polisiemagte van lande soos Libië en Irak wat 'n erkende betrokkenheid by internasionale terrorisme het.

Die Raad sê verder dat die organisasie bó die wet verhewe is omdat hy wetlike immuniteit ontvang het. Geen hof ter wêreld het enige jurisdiksie oor Interpol nie. Die Raad is ook bekommerd oor klaarblyklike verkeerde inligting wat in die laaste jare versprei is en tot die vervolging van onskuldige mense gelei het. Die Raad beskuldig Interpol daarvan dat hy by onwettige dwelmhandel betrokke geraak het.

In sy mosie vra die Raad dat doeltreffende metodes gevind moet word om Interpol te beheer. Hy stel voor dat die organisasie se werksaamhede en lêers deur 'n onafhanklike en demokraties verkose komitee onder oë geneem moet word. VW

# (vryeke

# FILM

***** VOORTREFLIK
**** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS



JODIE FOSTER EN ANTHONY HOPKINS IN **SILENCE OF THE LAMBS**

**INTERNASIONALE ROLPRENTFEES**
Dis weer rolprentfees-tyd en dit wil voorkom of die Europese rolprentbedryf besluit het die boikot is verby. Lande soos Denemarke en Swede wat in die verlede geweier het om hul prente hierheen te stuur, val nou oormekaar om hul nuwe produkte op die Suid-Afrikaanse silwerdoek te kry. Len Davis se jaarlikse fees word by die Seven Arts in Grantlaan, Norwood en in die Nu Metro, Hyde Park aangebied. Die volledige program is by die bioskope of in vandag se *The Star Tonight* verkrygbaar.
Ek het al enkele voorskoue gesien en die enigste prent wat my werklik geboei het, is Bertrand Blier se *Les Valseuses* - op Engels ... *Going Places* of *Getting It Up*. Die 1974-prent is die een wat van Gerard Depardieu 'n ster gemaak het. Dit is 'n vuil, vuil, vuil komedie oor twee takhare wat nie hul libido's in toom kan hou nie. Die prent het die Britte só geskok dat dit steeds verbied is! Soms kinderagtig, soms seksisties, maar baie groot pret.
Kyk uit vir die Spaanse regisseur Pedro Almodovar se *Matador* en *Law of Desire*. Ook vir *Fruits of Passion*.
Die regisseur van *The Unbearable Lightness of Being* se verhaal van die geheime liefdesverhouding in Parys in 1931 tussen Anais Nin en Henry Miller het kritici in Europa geïmponeer. Fred Ward, Uma Therman, Maria de Medeiros en Richard Grant speel die hoofrolle. Die prent se naam is *Henry and June*.
Verder is daar die onsuksesvolle Nederlandse rolprentweergawe van Cees Nooteboom se *Rituelen* en Luc Besson (*The Big Blue*) se *Nikita* is hoog aangeprys.
**ANDREA VINASSA**

******* GOODFELLAS**
Dié prent was my Oscar-keuse vir beste prent, beste regisseur en beste draaiboek. 'n Martin Scorsese-prent is altyd 'n event. Sy jongste, ook 'n sosiologiese traktaat soos *Mean Streets*, is gegrond op Nicholas Pileggi se biografie van 'n New Yorkse gangster. As Henry Hill stof Ray Liotta vir Robert de Niro uit. Lorraine Bracco skitter as 'n verdrukte mob-vrou. Vol briljante tegniese truuks, intense emosionele tonele en galgehumor. As jy *Goodfellas* al een keer gesien het, gaan kyk hom maar gerus wéér.
**AV**

****** AVALON**
Berry Levinson se outobiografiese familie-sage is soos medisyne: dit is goed vir jou, maar jy wil dit nie eintlik sluk nie. Dié skitterende draaiboekskrywer en regisseur skryf oor die verbrokkeling van die familie in die middel van die 20e eeu, oor die koms van televisie en die verbruikers-era. *Avalon* is tegelyk uiters persoonlik en universeel. Dit vermy soetsappigheid en wys jou hoe die wêreld rêrig lyk. Die prent is baie meer Europees, lank, donker, uitdagend, emosioneel uitmergelend, as wat dit Amerikaans is. Moet dit nie misloop nie.
**AV**

****** GREEN CARD**
Gerard Depardieu se eerste Engelstalige rolprent. Na verneem word is dié Franse ster nie Engels magtig nie en moes hy alles foneties leer! Hy speel George Faure, 'n Franse musikant wat 'n werk in Amerika aangebied word. Hy moet 'n groen kaart kry en besluit om met 'n Amerikaanse burger te trou. Brontë Parrish (Andie McDowell), 'n boorling van New York, wil 'n woonstel huur wat slegs aan egpare verhuur word. Die twee gaan 'n gerieflikheidshuwelik aan, maar word weens 'n regeringsondersoek gedwing om 'n naweek saam deur te bring. Hulle stry oor alles van politiek tot koffiemaak voor hulle mekaar vind. Dis 'n romantiese komedie wat die beste van die Franse, die Amerikaanse en die Australiese rolprentwêreld bied (die regisseur is Peter Weir).
**AV**

****** THE RUSSIA HOUSE**
Met die einde van die Koue Oorlog sou 'n mens kon dink die behoefte aan 'n spioenasie-bedryf het afgeneem. John le Carré en ander spioene wat uit die koue ingekom het, behoort hul jobs kwyt te wees. Die prent handel oor die superpowers se behoefte om 'n vyand te vervaardig al is daar nie een nie. Dié komplekse, deurdagte, filosofies onfeilbare en ietwat langdradige spioenasie-prent val tussen "ernstig" en "gewild". Tom Stoppard se serebrale gimnastiek word getemper deur 'n goeie ou liefdesverhaal. Le Carré sê op 'n vermaaklike wyse dat 'n tyd in die wêreld-geskiedenis aangebreek het waar ideologieë die individu in die steek gelaat het en om persoonlike integriteit bo alles op prys te stel, is die heldhaftigste daad. Die lefties sal nie daarvan hou nie.
**AV**

****** REVERSAL OF FORTUNE**
Jeremy Irons verdien sy Oscar vir beste akteur in dié kil ontleding van die appèlsaak van Claus von Bulow nadat hy skuldig bevind is weens poging tot moord op sy vrou, Sonny. Soos *A Cry in the Dark*, ondersoek dié prent die verhoor van beskuldigdes deur die media. Gegrond op die boek wat Von Bulow se advokaat, Alan Dershowitz (gespeel deur Ron Silver), oor die saak geskryf het.
**AV**

****** MILLER'S CROSSING**
Wat die vervaardigers van *Batman* en *Dick Tracy* vergeefs probeer doen het, het die broers Coen met dié stemmingsvolle, swartgallige rampokkerprent reggekry. Hulle noem dit hulle "dirty town movie". Dis een van die bes geskrewe prente wat ek vanjaar gesien het. Die dialoog is saamgeflans uit die romans van Dashiell Hammett en film noir-prente van die jare dertig. Nie almal se koppie tee nie.
**AV**

****** AWAKENINGS**
'n Onvergeetlike rolprent oor die ontembaarheid van die menslike gees. 'n Dokter laat pasiënte wat dekades lank reeds "slaap", met die toediening van 'n dwelmmiddel "ontwaak". 'n Ware verhaal, met briljante vertolkings deur Robert de Niro en Robin Williams.
**LAETITIA POPLE**

****** CYRANO DE BERGERAC**
Uitmuntende hoge kuns wat toeganklik is vir die res van ons plebs. Gerard Depardieu lewer 'n kragtoer.
**AV**

***** THE GODFATHER III**
Die derde (en finale) deel van Francis Ford Coppola se Godfather-reeks voltooi die metafoor van die geleidelike korrupsie van die Amerikaanse Droom. Die hoogdrawende, opera-styl wat in 1972 met die eerste prent so aangrypend was, kom in 1991 maar ouderwets voor. Hoewel Coppola sy meesterskap herbevestig, voeg hy niks nuuts by sy voortbouing op 'n stokou konsep nie.
**AV**

****** THE NASTY GIRL**
'n Duitse dorpie se Nazi-verlede word op 'n heel oorspronklike manier oopgevlek. 'n Skoolmeisie se soektog na die waarheid haal haar net konflik op die hals. Michael Verhoeven se regie spreek van hartstog en integriteit. Dié prent was benoem vir 'n Oscar.
**AV**

****** DANCES WITH WOLVES**
Wat kan 'n mens nou sê oor 'n prent wat sewe Oscars gewen het, behalwe dat dit duidelik is dat sentiment en causes meer gewig dra as artistieke meriete.
**AV**

****** THE MUSIC TEACHER**
Dié asembenemende Franse periodestuk is Romanties in die ware sin van die woord. Die skeppingsgees en die dood, albei versier met kant. 'n Middeljarige (getroude) musiekonderwyser besef die nutteloosheid van sy liefde vir sy talentvolle jong sangstudent. Hy nooi 'n straatsanger en deeltydse misdadiger na sy huis waar hy sy natuurlike sangtalent ontwikkel. Sy op die oog af wrede metodes is ten einde lonend wanneer die twee studente hulle by 'n sangwedstryd in vyandige geselskap bevind.
**AV**

***** POSTCARDS FROM THE EDGE**
'n Sensitiewe, komiese rolprent oor die liefde/haat-verhouding tussen 'n ma en 'n dogter. Shirley Maclaine is die passé komediesterma en Meryl Streep die dogter, wat sukkel om uit haar skadu te kom. Dit laat mens met 'n geloof in menslike verhoudings.
**LP**

***** IMPROMPTU**
Sien resensie op bladsy 31.

**** HAVANA**
'n Bittersoet liefdesintrige. Hollywood se verweerde, goue seun (Robert Redford) en Lena Olin (Unbearable Lightness) probeer twee wêrelde versoen: die dekadensie en uitspattigheid van die dobbeltafels en Castro se revolusie. Lieflike haaistert-motors en vuil, bebaarde revolutionaries. Die klankbaan (hip fifties) bly mens veral by, die res raak vervelig.
**LP**

**** LOOK WHO'S TALKING TOO**
Al is dié opvolgprent een van die gewildste prente by SA gehore, is dit 'n vaal skaduwee van *Look Who's Talking*. Hier en daar 'n goeie grap, maar verder net snert.
**AV**

**** KINDERGARTEN COP**
Ag tweet! Vleispaleis Arnie het eintlik 'n bitter klein hartjie. Hy doen hom as 'n kleuterskoolonderwyser voor om 'n skelm vas te trek. Soms baie snaaks, veral die wyshede wat die suigelinge kwytraak. Lekker, ligte vermaak.
**LP**

*** SLEEPING WITH THE ENEMY**
'n Spannende riller/sprokie. 'n Vrou (Julia Roberts) ontsnap aan 'n gewelddadige huwelik en begin 'n nuwe lewe saam met 'n sensitiewe man in "apple pie country". Net te goed om waar te wees. Daarby aap dit *Fatal Attraction* na - hulle gebruik wraggies dieselfde maaghou! 'n Goeie vertolking deur Patrick Bergin as die wrede wederhelf.
**LP**

# TEATER

**JOHANNESBURG**
**BROEDERSTROOM DIARIES**
Jeremy Taylor was nog nooit 'n wafferse akteur nie, maar kan hy 'n storie vertel! Sy vreemdsoortige staaltjies oor sy bure in Broederstroom tower 'n vermaaklike aand op. Die stories oor die klomp "wit terroriste" wat in die distrik geboer het, die kêrels by die Broederstroom-polisiekantoor, die vrou by die telefoon-sentrale en die man wat toe uiteindelik daarin geslaag het om water op sy erf raak te boor is snaaks, pittig en nie sonder

# u s e)

politieke kommentaar nie. Dis nog tot 27 April in die Mark se Upstairs-teater te sien. (011-832-1641).
**AV**

**POT POURRI-FEES**
Windybrow (011-720-7994/5) Tot 27 April. Die toneelstuk *Sirkologie* van Deon Breytenbach bied 'n treffende insig in skisofrenie. André is 'n skisofreniese pasiënt wat pas uit Tara ontslaan is. Hy "herstel" in 'n klein verpleegtehuis, maar sy goed bedoelende huismaats maak dit nie juis maklik nie. Vir hom is daar geen heenkome nie, selfs nie eens in 'n veraf God wat hy so getrou aanroep nie. 'n Ontstellende, aangrypende stuk. Sterk aanbeveel.
Gys de Villiers se *The Applicant* is 'n vreemde stuk. Mens weet nie lekker wat om daarvan te maak nie. Daarby is die tema die duistere wêreld van die seksuele. Daar word lelik met jou kop gewoel. Dis boeiend en baie snaaks. Die toneelspel is van die boonste rak. Marius Meyer is die katoolse, naïewe applikant en Melinda Ferguson en Warrick Grier die wacko dokters. Gaan kyk gerus.
Die gedaantes wat die mens aanneem net om iewers in te pas en te oorleef is die tema van die kabaret *Flipside* deur Johan Engelbrecht. Hy is duidelik 'n sanger en 'n performer van formaat. Wat pla, is sy keuse van liedjies. Oorwegend tref of roer dit mens nie - is kabaret nie veronderstel om jou tussen die oë te tref nie? Ronel Kriel se kabaret *Noodhulp vir 'n stukkende hart or Picking up the pieces* handel oor 'n "agonie tannie" en haar antwoorde. Dis oorwegend goed, met 'n gemaklike wisseling tussen lag en huil. Volgens my metgesel (ek beaam) gaan baie van die gees verlore deur die vooraf opnames. Kon hulle nie 'n klavier in 'n hoek gedruk het nie?
**LP**

**SHADOWLANDS**
'n Mens kan seker nie met honderde teatergangers stry nie. Dié gewilde Britse televisie-stuk, wat as volwaardige toneelstuk herskryf is, is gegrond op die liefdesverhouding tussen die skrywer en akademikus CS Lewis en die Amerikaanse digteres Joy Davidman. Soetsappige tranetrekker.
**AV**

**STRUTS AND FRETS**
Almal is moeg vir heavy teater. Dié mengelmoes van liedjies, sketse en simpel grappe is die ideale teenvoeter daarvoor. Tony Bentel, Kate Edwards en Fiona Ramsay (saam met hul regisseur Vanessa Cooke) sal Tsjekof in sy graf laat omdraai ... Hulle skeer die gek met die lefties, slag heilige koeie en kla veral omdat daar nie werk vir akteurs is nie. Hulle neem die Mark se Laager op horings.
**AV**

**PRETORIA**
**MARC GRAUWELS & YVES STORMS**
'n Fluit- en kitaar-duo. Albei is bekende kunstenaars uit België. Werke van Garcia-Lorca, Villa-Lobos, Cherubito, Debussy ens. Sondag om 3.30nm. Staatsteater, Kerkstraat (012-322-1665).

**KAAPSTAD**
**SELLE OU STORIE**
Pieter-Dirk Uys se stuk is soos goeie wyn... Shaleen Surti-Richards speel Ester Viljoen, 'n aktrise wat geen rolle meer kry nie. Soli Philander, Peter Butler en Pauline O'Kelly vertolk die ander rolle. Fyn, skerp waarnemings van menslike verhoudings. In die Nico Malan, DF Malanstraat, middestad. (021-21-5470).
**ARNOLD BLUMER**

**AT THE EDGE**
'n Vermaaklike blik op die lewe van kontrakwerkers in Cato Manor net voor dit deur die Groepsgebiedewet vernietig is. Met Pat Pillai. Begin Woensdag. Little Theatre.

## MUSIEK

Noise Khanyile en die Jo'burg City Stars beloof om 'n jol te wees vanaand en môre by Dawsons h/v President- en Von Brandisstraat om 9.30.
Lekker jive en saksofoonmusiek met back up vocals deur Amayuyu Akwazulu.

Mama Africa - Miriam Makeba sing volgende Vrydag en Saterdag in die Standerd Bank arena. Spring vir kaartjies by Computicket!

Sondagaand is 'n outydse rockaand by die Yard of Ale (oorkant die Mark). Twee plaaslike bands, Fuel en Tsavana, tree op. Begin om 8.15nm Toegang R5.

## KLUBS

**COUNTDOWN**
Breestraat. Klein en dikwels gepak.. Hier hang die "in" en aspirerende "in-crowd" uit. Nice en vibey, musiek 'n mengsel van borrelgom, pop, soul en disco.

**IDOLS**
Musiek is uitstekend. Uiters trendy en die vibe begin eers na elf. Net een ding wat krap - die onbekende gesiggies moet tou staan om in te gaan - raining, snowing or blowing, want bekendes geniet begunstiging.

**CAESARS PALACE**
Nie te hot nie. Meer van 'n glitzytipe club. Die musiek is nie te sleg nie. Stilletto's en strikdasse is baie gewild.

## BOEKE

**JANE FONDA, AN INTIMATE BIOGRAPHY**
deur Bill Davidson
Sidgewick & Jackson

Dis 'n biografie wat nie uithaal en wys nie. Niks omstrede oor Jane Fonda, bulimie-lyer, fiksheidsfanatikus en dogter van Henry Fonda se lewe word verklap nie.
Jy kan lees oor die begin van haar loopbaan as aktrise en hoe die spook van haar Hanoi Jane-dae haar agtervolg het tot op die rolprentstel van *Stanley and Iris* met Robert de Niro. Daar is ook afdrukke van die FBI se verslae oor "anargis-Jane". Leesstof sonder byt, maar seker 'n moet vir Fonda-aanhangers. Net jammer die foto-beeld in die boek is so afgeskeep.
**POPPIE GEDULDT**

**CHARLOTTE'S WEBB**
deur EB White
Puffin

Dis 'n lekker staatmaker vir die kleingoed se rak. Geslagte kinders is al hul vertel-vir-my-'n-storie-fase deur met dié kleinood oor Wilbur die vark en Charlotte die spinnekop. Wilbur se logiese uiteinde is die slagpale, maar Charlotte steek 'n stokkie daarvoor. Charlotte is 'n spinnekop so na my hart. Soos Wilbur self sê: Dis nie al dag dat 'n mens 'n goeie vriend kry wat ook 'n goeie skrywer is nie.
**PG**

**THE NEON RAIN**
deur James Lee Burke
Random Century (R28,99)

'n Amerikaanse speurverhaal op sy beste. 'n Veroordeelde man se laaste belydenis hou 'n wrede kinkel in vir die speurder Dave Robicheaux. 'n Kleurryke beskrywing van New Orleans se onderpens. Spannend, plek-plek sal jou bloed koud word in jou are.
**LP**

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## MARTHA SE BESTE JAPTRAP-KOS


### *(sonder 'n sweem van 'n kits)*

Martha Swart is een van daardie super-duper Amerikaanse kokke wat 'n mooi en smaaklike maaltyd in 'n japtrap aanmekaar kan flans, en dit nogal nadat sy tuiskom van haar veeleisende werk as makelaar in Wall Street. Boonop lyk sy soos 'n droom en haar huis is pragtig. Enough to make you sick, in fact. Sy skryf sulke koffietafelboeke met lieflike foto's waarin sy ook impeccable lyk. Baie, baie geld natuurlik - maar die vrou is werklik stylvol en haar resepte werk uitstekend.
Sy roem haar daarop dat sy eintlik 'n goeie soort "short-order cook" is - dis daardie sjefs in taamlik smerige Amerikaanse kitskos-restaurante. Vir middagete het jy gewoonlik die keuse van 'n stew soos Chili con carne of franks en mash, en verder maak die kok vir jou wat jy ook al wil hê. Dagwood Bumstead eet elke dag in so 'n plek en daai vet ou agter die toonbank is 'n short-order cook.
Martha Stewart is in 'n ander klas as Dagwood. (Sy sal byvoorbeeld nooit car pool ry werk toe nie. Wanneer gaan Dagwood die idee van 'n car pool bemeester?) Nietemin glo sy dat vinnige kos nie beteken jy druk 'n bevrore pizza in die oond nie. Hier is 'n keur uit haar fast food-gunstelinge.
Haar gesin se gunsteling, skryf sy, is 'n verskeidenheid van worse. Gaan koop brat-, knack-, en paprikawurste by Hartlief of enige goeie, verkieslik Duitse delikatesse. Dis duur, maar 'n goeie standby, want nogal min wurst rek ver. Daarby sit sy verskillende soorte mosterd en 'n aartappelgereg genaamd hash browns voor. Daar is geen Afrikaanse woord vir dié goddelike gereg nie, en g'n mens maak dit ooit hier nie. In Amerika en Kanada maak hulle dit nogal baie by ontbyt en dit smaak wonderlik saam met wurst.

**HASH BROWN-AARTAPPELS**
Jy begin met genoeg aartappels, in die skil gekook. Skil dan af, en sny aan stukke, fyn of grof, nes jy verkies. Smelt botter, of as jy het, ontbytspekvet onder in 'n swaarboompot, en skep jou aartappels daarin. Druk hulle plat en laat stadig kook tot hulle 'n kors vorm. Skud die pan af en toe.
Neem 'n groot skepper of gaatjieslepel en draai die hele spul om, voeg nog botter by indien nodig, en kook weer tot die onderkant 'n heerlike kors vorm.
Dis die bros stukkies in dié kors wat die hashed browns is. Sout en peper na smaak.
Martha Stewart maak dié kitsgereg ook met pasta, enige groen groente soos klein vars boontjies of ertjies, en sampioene.


**RAVIOLI MET GROENTE**
Kook die groen groente (Woolies s'n is altyd lekker klein en bros), dreineer en hou eenkant. Kook 'n groot pot water vir die ravioli, en in 'n ander pan smelt jy botter of olie, braai een huisie heel knoffel, en twee handevol klein sampioentjies daarin. Haal die knoffel uit.
Gooi die ravioli (of tagliatelle, of enige pasta wat jy verkies) in die pot water, en kook tot net-net gaar. Dreineer en giet in 'n groot warm opdienbak, voeg die sampioene en groentetjies by en meng vinnig met nog 'n skeut olyfolie of 'n klont botter en soveel vars Parma-kaas as jy kan bekostig.
Tian is nog 'n groentegereg wat vinnig aanmekaargeslaan kan word. Tian kom uit Provence, en sowel die gereg as die erdebak waarin dit gemaak word, staan as tian bekend.

**TIAN**
Sny geskilde aartappels en uie in dun skywe, en tamaties in dik skywe. Jy skat die hoeveelhede na gelang van hoeveel gaste jy het. Pak die skywe om die beurt regop in 'n diep, gesmeerde erdebak. Druk hier en daar 'n huisie heel knoffel in (wat julle later kan opeet, of uithaal, afhangende van wie knoffelfiemies het). Jou geursel vir die tian is vars tiemie, sout en peper, en nog minstens 'n halfkoppie olyfolie. Bak vir 30 minute in 'n matige oond, en sit voor met enigiets van brood tot koue vleis en 'n slaai.
Dan is daar natuurlik die volmaakste middagmaal vir 'n warm dag, en ek herhaal dit hier net omdat die basiliekruid in ons tuin einde toe staan. Tamaties met basiliekruid en mozarella-kaas, en 'n paar druppels olyfolie smaak soos die somer self, is vullend, en glad nie duur as jy dit net so met brood voorsit nie.
En as jy die bloedrooi, ryp tamaties en spierwit kaas plat op 'n ruwe erdebord gepak het, met die blaartjies groen basiliekruid so tussenin blink van die olie - kan daar 'n mooier gereg op aarde wees? **VW**

TAKHARE VIR VREDE SÊ

Of jy nou kyk of nie, onder die oppervlak skuil 'n ewigheid



BLESKOPPE TEEN APARTHEID SÊ

As alle bleskoppe nie voor 1 Mei begin hoede dra nie, gaan die ANC ook ophou onderhandel.



# Let all know peace